

**'n Morfologies-sistematiese analise  
van die  
komposisiestrukture  
in  
"vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing"  
in *Mede-wete* (2014) deur Antjie Krog**

Cornelia Magdalena Richter

Hierdie verhandeling word ingegee met die voldoening aan die vereistes en met respek vir die MA-graad (met spesialisasie in Afrikaans en Nederlands) in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat

November 2020

Studieleier: Prof. H.J. Pieterse

## **Verklaring**

Ek verklaar dat die verhandeling wat hiermee ingedien word vir die MA-graad (met spesialisasie in Afrikaans en Nederlands) aan die Universiteit van die Vrystaat my eie, onafhanklike werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n universiteit of fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Naam: Cornelia Magdalena Richter

Datum: November 2020

Handtekening:

## **Dankbetuigings**

Prof. Henning Pieterse, my studieleier, wat vir my 'n mentor is en wie se kennis oor die letterkunde, veral die poësie, vir altyd 'n merk sal laat. Dankie vir u raad en leiding.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir finansiële ondersteuning met die beurs aan my toegeken.

My gesin (Piet, Hugo en Jasper) wat my elkeen op sy eie manier ondersteun het en soms ook baie moes verduur.

My ma, Daphne, wat altyd belangstelling toon in alles wat ek aanpak, vir haar onderskraging en vir die baie boeke wat sy vir my gee.

Familie en vriendinne vir belangstelling en motivering. Vir hulle wie se huise vir my oopgestaan en wie my op verskillende maniere gul ontvang het sodat ek in afsondering kon werk.

Vir die Skepper van my wese wat al my paaie ken en wat elke sirkel voltooi.

*Hierdie verhandeling word opgedra aan my ma, Daphne, wat my van kindsbeen af met boeke en letterkunde grootgemaak het.*

## Opsomming

Met die lees van Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014) asook resensie-artikels wat daarvoor geskryf is deur onder andere Helize van Vuuren (2014), Marlies Taljard (2014), Louis Esterhuizen (2014), Jacomien van Niekerk (2014), Louise Viljoen (2014 en 2016), Andries Visagie (2015), Ihethe Jacobs (2015) en Susan Smith (2016), val dit die leser op dat Krog veral belangstelling toon in die werk van die Roemeens-gebore Duitse skrywer en vertaler Paul Celan (1920-1970).

Paul Celan is 'n digter en Holocaust-oorlewende uit 'n Joodse familie en alhoewel hy reeds op 'n jong ouderdom verskeie tale kon praat, het hy op aandrang van sy ma Duits gepraat en geskryf. Weens 'n weersin in dié taal (die taal van sy ma se moordenaars), maar aan die anderkant ook 'n liefde daarvoor (in herinnering aan sy ouers), skep hy 'n nuwe taal deur sekere tegnieke te gebruik om woorde op te breek en iets "medemensliks" daaruit te kry. Volgens Krog sluit die tegnieke innoverende neologiesmes en morfologiese afwykinge in.

Antjie Krog maak kennis met dié tegnieke tydens haar verblyf in Duitsland in 2008 en maak dit haar eie nadat sy privaatonderdig oor die werk van Celan ontvang en van sy gedigte vertaal. Dit is ook dié tegnieke wat die leser van *Mede-wete* beïndruk deur die wyse waarop Krog die taal en spesifiek woorde verander en nuut maak deur verskillende woordvormingsprosesse. Meer spesifiek is dit die wending weg van Standaardafrikaans wat Krog in die laaste afdeling, getiteld "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing", neem.

Tot dusver is daar nog nie navorsing oor hierdie proses beskikbaar nie.

In hierdie studie word aandag gegee aan 'n morfologies-sistematiese analise van die laaste afdeling in *Mede-wete*. Aan die hand van die morfologiese ontledings en woordvormingsreëls van J.H.G. Combrink (1990:53-58) word daar na die verskillende woordvormingsprosesse in Afrikaans gekyk. Volgens Combrink is daar verskillende komposisiestrukture, afhangende van die wyse waarop hierdie strukture gevorm is en word daar onderskei tussen drie hoof-woordvormingsprosesse, naamlik REDUKSIE

(Akronieme, Knipsels, Truforme of Inkortings), KOMBINASIE (Aleidings, Samestellings, Samestellende afleidings, Samestellende samestellings of Vloekwoordinlywing) en REDUKSIE-PLUS-KOMBINASIE (Reduksieafleidings, Reduksiesamestellings, Tegnoafleidings of Tegnosomestellings), asook ander prosesse soos VERSMELTINGS.

'n Korpus van 196 leksikale items in die laaste gedigreeks, as verteenwoordige deursnit wat die vyf tipes kombinasie-prosesse insluit, word vanuit 'n morfologiese perspektief belig en ook op 'n semantiese vlak in konteks met die bestaande temas in die res van die bundel geëvalueer. Hieruit blyk dit dat sekere prosesse die digter-spreker gelei het na die vorming van dié nuwe woorde en is daar duidelik 'n onderliggende morfologiese sistematiek te bespeur.

So 'n taalkundige ondersoek verbreed 'n digterlik-gebaseerde onderwerp en dwing die leser om nog dieper te kyk na dit wat die digter-spreker nie net met digterlike styl kan vermag nie, maar ook met morfologiese woordhervorming om 'n hele nuwe leksikon te skep.

**Trefwoorde: *Mede-wete*, Antjie Krog, morfologies-sistematiese analise, woordvormingsprosesse, Paul Celan**

## **Summary**

By reading Antjie Krog's volume of poetry, *Mede-wete* (2014), as well as review articles written by Helize van Vuuren (2014), Marlies Taljard (2014), Louis Esterhuizen (2014), Jacomien van Niekerk (2014), Louise Viljoen (2014 and 2016), Andries Visagie (2015), Ilette Jacobs (2015) and Susan Smith (2016), it strikes the reader that Krog shows particular interest in the work of the Romanian-born German writer and translator Paul Celan (1920-1970).

Paul Celan is a poet and Holocaust survivor from a Jewish family. Although he could speak several languages at a young age, he spoke and wrote German at his mother's insistence. Due to a dislike for this language (the language of his mother's killers), but

also a love for it (in memory of his parents), he creates a new language by using certain techniques to break up words and get something “humane” out of it. According to Krog, these techniques include innovative neologisms and morphological deviations.

In 2008 Antjie Krog became acquainted with these techniques during her stay in Germany after receiving private instruction on the work of Celan and translating some of his poems. These techniques impress the reader of *Mede-wete*, especially how Krog changes and renews words through word-formation processes. More specifically, it is the deviation from Standard Afrikaans that Krog uses in the last section, entitled “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” (“four efforts in linguistic synapse tracing”).

Till now, no research on this process is available.

In this study, attention is paid to a morphological-systematical analysis of the last section in *Mede-wete* based on the morphological analysis and word-formation rules of J.H.G. Combrink (1990:53-58) which include REDUCTIONS (Acronyms, Clippings, Back-formations or Abbreviations), COMBINATION-FORMS (Derivations and Compounds) and other combination-forms like Reduction derivations, Techno derivations as well as Fusions.

A corpus of 196 lexical items, as represented diameter, is analysed from a morphological-systematical perspective, but also on a semantical level to determine if Krog was led by certain processes in creating these neologisms.

**Key words:** *Mede-wete*, Antjie Krog, morphological-systematical analysis, innovative neologisms, Paul Celan

## **INHOUDSOPGAWE**

Verklaring	2
Dankbetuigings	3
Opsomming	5
Summary	6

## **HOOFSTUK 1 – INLEIDING**

1.1	Agtergrond	11
1.2	Navorsingsprobleem en -doelwitte	11
1.3	Navorsingsfokus	12
1.4	Navorsingsmetodologie en -ontwerp	13
1.5	Hoofstukindeling	14

## **HOOFSTUK 2 – DIE BUNDEL *MEDE-WETE* (2014) DEUR ANTJIE KROG**

2.1	Inleiding	16
2.2	Bundel-plasing binne die digter se oeuvre	16
2.3	Temas	19
2.4	Resepsie van die bundel	21
2.5	Samevatting	24

## **HOOFSTUK 3 – DIE STUDIE VAN MORFOLOGIESE SISTEMATIEK**

3.1	Inleiding	25
3.2	Morfologiese teorie deur J.G.H. Combrink	26
	3.2.1 Reduksie	26
	3.2.2 Kombinasie	27

3.2.3	Reduksie-plus-kombinasie	27
3.2.4	Versmeltings	28
3.3	Morfologiese eksesse binne die poësie	28
3.3.1	Peter Blum (1925-1990)	29
3.3.2	Breyten Breytenbach (1939)	39
3.3.3	e e cummings (1894-1962)	50
3.3.4	Meertalige kodewisseling in “Quebec Rap”	59
3.4	Paul Celan (1920-1970) se tegnieke	66
3.5	’n Majeur- en mineurtaal	68
3.6	Samevatting	70

#### **HOOFSTUK 4 – MORFOLOGIESE SISTEMATIEK IN “VIER POGINGS IN LINGUISTIESE SINAPS-OPSPORING”**

4.1	Inleiding	72
4.2	Die gedigreëks: “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing”	73
4.2.1	Die titel en motto-gedig	73
4.2.2	Opedra aan Jakes Gerwel (1946-2012)	75
4.2.3	’n Oorsig van die laaste vier gedigte	76
4.2.4	’n Korpus van 196 leksikale items gelys	83
4.3	Morfologiese analise van die laaste vier gedigte	96
4.3.1	Afleidings	98
4.3.2	Samestellings	104
4.3.3	Samestellende afleidings	112
4.3.4	Samestellende samestellings	121
4.3.5	Vloekwoordinlywing	122

4.3.6	Samevatting	123
<b>HOOFSTUK 5 – ENKELE SEMANTIESE ONTLEDINGS</b>		
5.1	Inleiding	124
5.2	'n Aansluiting by die bundel as geheel	124
5.3	'n Keur uit die laaste vier gedigte	125
5.3.1	Ek en die A/ander	126
5.3.2	Konneksie – Sinaps	131
5.3.3	Konneksie deur taal	136
5.3.4	Konneksies op natuur- en kosmiese vlak	141
5.3.5	Geweld en wantoestande in Suid-Afrika	145
5.4	Samevatting	149
<b>HOOFSTUK 6 – SLOT</b>		
6.1	Samevatting	151
6.2	Bevindings	152
6.3	Gevolgtrekking	154
6.4	Beperkings van die studie en verdere navorsingsmoontlikhede	155
<b>BIBLIOGRAFIE</b>		156
<b>DISKOGRAFIE</b>		164
<b>ADDENDUM</b>		165

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 Agtergrond

Met die lees van Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014) asook resensie-artikels wat daarvoor geskryf is deur onder andere Helize van Vuuren (2014), Marlies Taljard (2014), Louis Esterhuizen (2014), Jacomien van Niekerk (2014), Louise Viljoen (2014 en 2016), Andries Visagie (2015), Ihethe Jacobs (2015) en Susan Smith (2016), val dit die leser op dat Krog veral belangstelling toon in die werk van die Roemeens-gebore Duitse skrywer en vertaler Paul Celan (1920 – 1970). Krog maak kennis met die tegnieke wat Celan gebruik om woorde op te breek en dan nuwe woorde te vorm tydens haar verblyf in Duitsland in 2008 waartydens sy privaatonderrig oor die werk van Celan ontvang en van sy gedigte vertaal. Dit is ook dié tegnieke wat die leser van *Mede-wete* beïndruk deur die wyse waarop Krog die taal en spesifiek woorde verander en nuut maak deur verskillende woordvormingsprosesse.

Hierdie woordvormingsprosesse en tegnieke is ook op plaaslike vlak in die poësie deur ander Afrikaanse skrywers op die proef gestel, soos gesien kan word by byvoorbeeld Peter Blum se gedig "Rooinekke op Hermanus" (Blum, 1955:9) asook verskeie gedigte van Breyten Breytenbach in onder meer *Die windvanger* (Breytenbach, 2007) en *op weg na kû* (Breytenbach, 2019) en Marlene van Niekerk in *Kaar* (Van Niekerk, 2013).

### 1.2 Navorsingsprobleem en -doelwitte

Reeds vroeg in die bundel *Mede-wete* verskyn daar nuutskeppings deur die digter-spreker en verwys sy na Celan, maar dit is egter in die laaste afdeling, getiteld "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing", waarin Krog (in 'n korpus van 196 leksikale items) deur woordvormingsprosesse 'n wending weg van Standaardafrikaans neem.

Tot dusver is daar nog nie navorsing oor hierdie prosesse in hierdie afdeling beskikbaar nie. Voges (2017:73) dui in haar studie "Die hantering van die begrip

‘interverbondenheid’ in Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014)” in ‘n slotparagraaf aan dat die moontlikheid vir verdere navorsing juis hierdie laaste afdeling sou kon insluit:

Dit sou ook sinvol wees om die tweede afdeling te betrek, deur na te gaan hoe Krog se poging om interverbondenheid tussen Afrikaans en die groter literêre gemeenskap te bewerkstellig. Krog se behoefte aan ‘n nuwe soort Afrikaanse taal met ‘n nuwe klank sou ook in verband met haar vorige werk gebring kon word.

Die doelwitte van hierdie studie is om te bepaal:

- Watter prosesse het die digter-spreker gelei na die vorming van 196 nuwe leksikale items in slegs vier gedigte?
- Watter komposisiestrukture kom voor?
- Hoe is dié strukture gevorm? Is dit as gevolg van:
  - Reduksie (Akronieme, Knipsels, Truivorme of Inkortings),
  - Kombinasie (Afleidings, Samestellings, Samestellende afleidings, Samestellende samestellings of Vloekwoordinlywing),
  - Reduksie-plus-kombinasie (Reduksieafleidings, Reduksiesamestellings, Tegnoafleidings of Tegnosomestellings)?
- Watter morfologiese en semantiese afleidings kan hieruit gemaak word?
- Is daar ‘n onderliggende morfologiese sistematiek met die vorming van hierdie woorde te bespeur?
- Tot watter mate kan ons in hierdie korpus praat van ‘n morfologiese sistematiek vanuit die perspektief van kreatiewe digkuns?

### **1.3 Navorsingsfokus**

Die fokus op die laaste afdeling in die bundel *Mede-wete*, naamlik “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” (voortaan ook afwisselend die *digterlike korpus* genoem), sal vanuit ‘n morfologiese perspektief belig word en dus ‘n taalkundige ondersoek (‘n morfologies-sistematiese analise) na ‘n digterlik-gebaseerde onderwerp wees.

'n Lys van die 196 leksikale items uit die digterlike korpus word verskaf en alhoewel elke gedig morfologies en semanties geanaliseer word, is dit weens die omvang hiervan nie moontlik om elke item se ontleding in hierdie verhandeling weer te gee nie. By die morfologiese analise (volgens 'n siftingsproses gelei deur Combrink se woordvormingsreëls) word 'n verteenwoordigende keur van voorbeelde aangebied asook later 'n verdere keur om die semantiese vlak te ondersoek.

Daar word slegs na die tegnieke van Paul Celan (soos deur Krog beskryf) verwys omdat die omvang van sy werk 'n studie van sy eie behels.

#### **1.4 Navorsingsmetodologie en –ontwerp**

Die sleutel tot die toepassing van hierdie morfologiese ondersoek is die morfologiese ontledings en woordvormingsreëls van J.H.G. Combrink (1990:53-58) en aan die hand van hierdie ontledings en reëls word die verskillende woordvormingsprosesse in Afrikaans bekyk.

Volgens Combrink is daar verskillende komposisiestrukture, afhangende van die wyse waarop hierdie strukture gevorm is en word daar onderskei tussen drie hoofwoordvormingsprosesse, naamlik:

- REDUKSIE (Akronieme, Knipsels, Truforme of Inkortings),
- KOMBINASIE (Afleidings, Samestellings, Samestellende afleidings, Samestellende samestellings of Vloekwoordinlywing) en
- REDUKSIE-PLUS-KOMBINASIE (Reduksieafleidings, Reduksiesamestellings, Tegnoafleidings of Tegnosamestellings) asook ander prosesse, soos VERSMELTINGS.

Combrink (1990:81) skryf:

Skepping sonder meer is 'n woordvormingswyse wat baie infrekwent deur die sprekers van Afrikaans benut word. Anders gestel: dis selde dat 'n nuwe woord in Afrikaans nie gemaak word

op basis van, of minstens met behulp van, een of meer bestaande morfeme nie ... Vir die morfologie word skepping pas ter sake wanneer dit gepaard gaan met sistematiek.

Verder is dit ook van waarde dat hierdie leksikale items op 'n semantiese vlak met bestaande temas in die res van die bundel geëvalueer word om vas te stel of sekere prosesse die digter-spreker gelei het na die vorming van die nuwe woorde, in hoe 'n mate sy kreatief daarmee omgegaan het en hoe hierdie afdeling met die tematiek van die bundel skakel.

## 1.5 Hoofstukindeling

Die studie word in die volgende hoofstukke ontplooi:

**Hoofstuk 2** is 'n skets oor die agtergrond van Krog se oeuvre om die bundel *Medewete* binne die digter se oeuvre te plaas. Dié bundel se temas asook die resepsie daarvan word uitgelig.

In **Hoofstuk 3** word die studie van morfologiese sistematiek deur Combrink (1990:53-83) se teorie belig en uitgebrei op die hoofwoordvormingsprosesse. Voorbeelde van morfologiese woorspel binne die poësie van ander plaaslike digters, soos Peter Blum en Breyten Breytenbach asook binne die poësie van 'n internasionale digter, soos E.E. Cummings (voortaan verwys na ee cummings) word vergelyk en bespreek. Baie interessant is die morfologiese eksesse in die meertalige kodewisseling wat in die "Quebec Rap"-kunsvorm voorkom en ook bespreek word. 'n Kort beskrywing van Paul Celan (1920-1970) se tegnieke, aangehaal deur Krog, en 'n blik op Deleuze en Guattari se sienings omtrent 'n majeur- en mineurtaal, werp verdere lig op dié sistematiese proses.

'n Besinning oor Krog se werkswyse deur middel van 'n noukeurige ondersoek na die laaste afdeling van die bundel wat onder meer die titel en die motto-gedig van die gedigreeks insluit, asook die rede waarom dit aan Jakes Gerwel opgedra is, volg in **Hoofstuk 4**. 'n Oorsig van die laaste vier gedigte en resepsie deur kritici is hier van belang. In hierdie hoofstuk word spesifiek op die morfologiese sistematiek in die laaste

gedigreeks, getiteld "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing", gefokus deur die morfologies-semantiese analise in vyf siftingsgroepe, naamlik Afleidings, Samestellings, Samestellende afleidings, Samestellende samestellings en Vloekwoordinlywing te deel. Verteenwoordigende voorbeelde uit 'n korpus van 196 leksikale items op grond van Combrink (1990:53-58) se indelings word by elke groep verskaf. Ander kategorieë, soos Reduksie en Reduksie-plus-kombinasie, kry ook aandag.

In **Hoofstuk 5** word die klem na die semantiese vlak verskuif en word daar 'n ontleding gedoen vanuit 'n keur van leksikale items uit die digterlike korpus om aan te dui hoe dié items by die bundel en bundeltemas as geheel aansluit.

'n Samevatting, bevindings en gevolgtrekkings van die navorsing vir hierdie studie is die slot in **Hoofstuk 6**.

## HOOFSTUK 2

### DIE BUNDEL *MEDE-WETE* (2014) DEUR ANTJIE KROG

#### 2.1 Inleiding

In hierdie verhandeling word daar gefokus op die laaste afdeling van Krog se bundel *Mede-wete*, getiteld "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing". Ten einde dié digterlike korpus te analiseer, is dit noodsaaklik om die temas in die res van die bundel, maar ook binne die digter se oeuve, in ag te neem. Vervolgens word daar in hierdie hoofstuk na laasgenoemde aspekte gekyk, asook hoe die bundel deur resensente en letterkundiges ontvang is om sodoende 'n beter begrip van die bundel-plasing binne die digter se oeuve te kry.

#### 2.2 Bundel-plasing binne die digter se oeuve

Om die bundel *Mede-wete* binne die digter se oeuve te situeer, is dit nodig om kortliks na die temas in Krog se vorige werk te kyk.

In 1970 publiseer sy reeds as matrikulant van haar jeugverse in *Dogter van Jefta* en in 1972 verskyn *Januarie-suite* tydens haar voorgraadse universiteitsopleiding. Hierdie twee bundels getuig van 'n uitgesproke beskouing op 'n jong ouderdom en bevat temas soos jong liefde, die religie en situasies en ervarings rondom haar skool- en universiteitsjare.

*Bemide Antarktika* en *Mannin* verskyn tegelyk in 1975 waarin die vrou se wêreld voor- en na die huwelik belig word (Terblanche, 2017).

Krog se volgende drie bundels, *Otters in bronslaai* (1981), *Jerusalemgangers* (1985) en *Lady Anne* (1989), lui 'n dekade in waarin die digter 'n persoonlike ontwikkeling beleef en volgens Viljoen (2009:29) kenmerk hierdie bundels Krog se vermoë om enkelgedigte binne 'n groter geheel te laat funksioneer asook om historiese gegewens in haar poësie te verwerk.

Gedigte oor die vrou in verhouding tot haar huweliksmaat, seksualiteit, die kerk, die volk, huishouding en kinders is kenmerkend van *Otters in bronslaai*, terwyl *Jerusalemgangers* historiese gegewens bevat van die vroeë Voortrekkers in Afrika op soek na die nuwe Jerusalem. Hierdie groep "Jerusalemgangers", ook bekend as die Enselin (Enslin)-geselskap, wou onder leiding van kommandant Johan Adam Enslin oor land na Jerusalem in Palestina trek om van die Britse heerskappy te ontsnap. Hul het in 1837 uit Tarkastad na Natal getrek en ná die Britse anneksasie in dié gebied in 1844 eers Vrystaat en later Transvaal toe getrek; hulle het geglo dat hul Jerusalem sal bereik indien hul aanhou om noorde toe te trek. Die Enselin (Enslin)-geselskap word as 'n fanatiese sekte met "opvattinge van 'n eienaardige vermenging van godsdiens en politiek" geteken (My Dopperdagboek. 11 Februarie 1859. Die Jerusalemgangers en die GKSA, 2020 en Terblanche, 2017). Krog sinspeel in hierdie bundel op die mens se soeke na die volmaakte toestand en Nienaber-Luitingh (1986) beklemtoon die digter-spreker se behoefte "om te kyk na die ruimer konteks van die Suid-Afrikaanse – veral die blanke burgerlike – samelewing".

In die bundel *Lady Anne* word Lady Anne Barnard as historiese figuur benadruk en Krog gebruik haar as "reisgenoot terwyl sy haar eie tyd en ruimte, Suid-Afrika vandag, verken" (Viljoen, 1989) - 'n ondersoek na wit verblyf in 'n swart kontinent.

In 1995, 'n jaar na onafhanklikheidswording, publiseer die digter *Gedigte 1989-1995* wat verskillende temas blootlê, onder andere die stryd en protes tydens die noodtoestand in Suid-Afrika tot en met demokrasie.

Krog hervat temas, soos verhoudings ten opsigte van die gesin, kinders en mede-Suid-Afrikaners in *Kleur kom nooit alleen nie* (2000), ook vertaal as *Down to my last skin*, maar hierin speel die verhouding met die landskap 'n pertinente rol, soos die digter in haar eie woorde sê: "Wat dit anders maak, is dat die landskap nie meer net Suid-Afrika is nie, maar die hele kontinent, en die stemme is nie meer net wit nie, daar's ook 'n ander soort Afrikaans" (Krog in Retief, 2000). Hierdie bundel bevat gedigte oor die kontinent, sy geskiedenis en sy mense.

*Met woorde soos met kerse* (2003) is Krog en ander se Afrikaanse vertalings en herbewerkings van poësie uit ander Suid-Afrikaanse inheemse tale (onder meer die Santsaal) en in *Die sterre sê "tsau"* (2004) vertaal die digter Xam-narratiewe in poësie.

Die digter vernuwe haarself in die bundel *Verweerskrif* in 2006 wanneer sy dig oor die verwerping en sterflikheid van die menslike liggaam en meer spesifiek die ouerwordende, menopousale vrou (Van Vuuren, 2006:9).

Nog 'n bundel, *Digter wordende* (2009), bevat 'n keur uit al haar gedigte.

Na 'n lang tussenpose vanaf *Verweerskrif* verskyn *Mede-wete* in 2014 – 'n refleksie van haar ervarings na 'n jaar se verblyf in Duitsland toe sy in 2008 genooi is om navorsingsgenoot by die "Wissenschaftskolleg zu Berlin" (sentrum vir gevorderde studie en navorsing) te wees (Esterhuizen, 2014).

Op die gebied van prosa lewer Krog ook 'n bydrae met werke, soos *Relaas van 'n moord* (1995); haar eerste roman waarin Krog werklike gebeure uit haar verlede as agtergrond gebruik om 'n verhaal wat rondom die opheffing van die verbod op die ANC afspeel, te vertel (Terblanche, 2017).

Tydens Krog se verslaggewing (as politieke verslaggewer by die SAUK) oor die verrigtinge by die Waarheids- en Versoeningskommissie, ervaar sy erge trauma en verwoord sy die hartseer, woede en haat in *Country of my Skull* (1998). Dit is die eerste boek in 'n trilogie. *A Change of Tongue* (2003) wat in 2005 vertaal is as *'n Ander Tongval*, is die tweede en Viljoen (2007b) beskryf dié boek waarin die digter in gesprek is met haar moeder oor die nuwe Suid-Afrika met sy "winste, tekortkominge en probleme" as 'n verhaal met 'n boodskap oor onafwendbare en noodsaaklike aanpassing in nuwe omstandighede. Die derde boek in 2009 is *Begging to Be Black* – 'n verhaal oor 'n bendeleier wat in Kroonstad doodgeskiet is en die moordwapen wat op Krog se stoep weggesteek is. Die verhaal begin waar die skrywer haar "posisie" in hierdie saak navors en Krog neem die leser in verskillende rigtings (in tyd en ruimte) in haar ondervindinge. Krog sê aan Kirby van der Merwe (aangehaal in Terblanche, 2017) dat die boek uit drie verhale bestaan. Buiten die moordverhaal, volg die geskiedenis van

die Basoeto-koning Moshoeshe I van Lesotho waartydens Moshoeshe en die "wittes" gedink het hul verstaan mekaar deur wedersydse gesprekke, maar tot die slotsom kom dat dit nie die geval is nie en dat hul uit verskillende raamwerke praat. Dié verhaal sluit aan by die derde verhaal in *Begging to Be Black* wat handel oor Krog se ervarings tydens haar Europese verblyf as navorsingsgenoot in Berlyn. In 'n vreemde land kom sy tot die gevolgtrekking dat die mense ook hier (Europa) die wêreld vanuit verskillende raamwerke beoordeel (Van der Merwe in Terblanche, 2017). Die flapteks dui inderdaad aan: 'n verhaal oor reise. "Etiese, geskiedkundige, filosofiese en geografiese reise" (Krog, 2009).

*Conditional Tense: Memory and vocabulary after the South African Truth and Reconciliation Commission* (2013) is 'n ondersoek deur Krog waarin sy in verskeie artikels na tekste uit verskillende hoeke van die samelewing kyk en sodoende 'n bydrae tot 'n toekoms met meer begrip en toleransie maak.

Uit bogenoemde kennis van die digter se oeuvre, blyk dit dat die digter haar ingrawe in temas, soos verhoudinge, veral vanuit die vrou se perspektief ten opsigte van familie, haar kinders, haar rol in die huwelik, kerk en teenoor haar medemens. Dit kring wyer uit met 'n intense bewussyn van haar posisie in 'n land met 'n geskiedenis van onreg en die haat, woede en hartseer wat daaruit spruit en dan die besef dat die mens verganklik is.

Vervolgens 'n noukeuriger blik na die bundel *Mede-wete* in terme van die resepsie daarvan, asook na die belangrikste temas wat verband hou met 'n latere analise in hierdie navorsing.

### **2.3 Temas**

*Mede-wete* stel nie teleur ten opsigte van die bekende Krog-temas nie. Die titel van die bundel dui reeds op die verhouding tussen die self en die A/ander deurdat die woorde *mede* en *wete* deur 'n koppelteken van mekaar geskei word: die woord *mede-wete* kan as geheel gesien word, maar ook as twee aparte woorde betekenis hê. Die *HAT* (2015:776) verklaar *medewete* as "kennis wat 'n mens van iets het saam met ('n) ander",

maar volgens Visagie (2015:225) dwing die invoeging van die koppelteken die leser om aan die samestellende dele *mede* en *wete* (afsonderlik) aandag te skenk. (In die digter se eie woorde is daar nie in, byvoorbeeld Engels, 'n ekwivalent vir die konsep *mede* nie: "Engels het nie iets woordvormend soos mede-mens, mede-deelsaam, mede-doë ens nie" (Krog in Esterhuizen, 2014)). Taljard (2014) belig ook die tema van die verhouding van die self met die A/ander in hierdie bundel en wys dat *medewete* op "medeverantwoordelikheid" dui; die "saam- of medebestaan". Die woord *wete* dui op bewussyn of kennis en is volgens haar "kennis van die self, die A/ander en die aard en geskiedenis van ons saambestaan" (Taljard, 2014).

In Engels heet die bundeltitel *Synapse* wat op rou senupunte dui en Van Vuuren (2014) bring "grond" en "(on)mededeelsaamheid" hiermee in verband en beklemtoon hoe die digter-spreker dié twee brandpunte in die Suid-Afrikaanse politieke konteks benadruk, terwyl Louise Viljoen op die "gekonnekteerdheid" fokus: "Die sinaps is 'n struktuur waardeur die boodskappe in die menslike senuweestelsel van die een sel na die ander gestuur word en speel 'n sentrale rol in die vorming van geheue wat in talle gedigte 'n tema is" (Viljoen, 2014a). Sy verwys na konneksies met ouers, kinders, kleinkinders, vriende, bediendes, politieke leiers en ander digters. Visagie (2015:226) ontleed die betekenis van die Griekse woord *synapsis* vanuit die *Online Etymology Dictionary* as "konjunksie" en saam met die werkwoord *synaptein* wat "omvat, saamvoeg, saambind of verbind beteken" is dit volgens hom relevant deurdat sy 'n etiese verantwoordelikheid teenoor die A/ander in haar gedigte blootlê.

Die mens se relasie tot grond kom sterk na vore in *Mede-wete*. Die liefde vir, gekonnekteerdheid met en eienaarskap van grond (Viljoen, 2014a en Taljard, 2014), asook postkoloniale verskille tussen plek en ruimte (Taljard, 2014) is sentrale begrippe in die bundel. Die digter-spreker beskryf die geweld en wantoestande in Suid-Afrika asook die las van kollektiewe skuld wat wit Afrikaners dra (Van Vuuren, 2014) en, soos Jacobs (2015:236) dit stel: "altyd die besinning oor ... die verband tussen grond en identiteit". Van Niekerk (2014) maak melding van Krog se "interaksie tussen uiterstes", naamlik haar geskiedenis as plaaskind van 'n Afrikanergesin met 'n liefde vir grond

teenoor die geskiedenis van 'n "veranderde Suid-Afrika waarin lank nie alles verander het nie".

'n Nuwe tema in Krog se oeuve is gedigte in *Mede-wete* waarin daar konneksies op 'n kosmiese vlak verwoord word. Volgens Visagie (2015:229) is daar 'n strewe na groter eenheid met die natuur en die heelaal:

Die gewaarwording van die spreker dat die informatika inhou dat sy nie meer "n noodwendigheid" vir haar familie is nie, laat haar smag na andersoortige verbintenisse soos met die niemenslike dier wat potensieel bindings en sinapse op 'n kosmiese skaal kan fasiliteer. Die vermoede is dat daar deur die mede-wetes van ander vorme van lewe op aarde uiteindelik fundamenteel groter ontdekkings mag wag as deur die blote illusie van 'n 'bo-aardse gloed' wat van 'n rekenaarskerm afkomstig is. Vir 'n oomblik is dit in 'om te ver-jy' (bl. 46-51) denkbaar om die gesig van die geliefde te sien 'sterrefiseer', 'bomefiseer' en te 'leeuefiseer' en daardeur iets van die 'bo-sinnelike' op te tel.

Die bundel, soos al haar vorige bundels, het 'n sterk outobiografiese inslag – die digter ondersoek haar eie posisie in 'n groter prentjie binne die Suid-Afrikaanse opset: hoe sy in naasteliefde teenoor verskillende kulturele, politieke en gendergroepe leef (Taljard, 2014). Buiten vir die gedigte met 'n anti-patriargale aanslag, skets sy ook die rol van sterk vroue uit haar voorgeslagte. 'n Gedig vir haar ma ("Ontwei", bl. 103), herinner aan die gedig, "Ma", wat sy as tiener (*Dogter van Jefta*) geskryf het. In "Ontwei" is die "Ma" nou 'n bejaarde siek moeder wie se verweerde liggaam weens ouderdom as weerloos en verganklik beskryf word.

## **2.4 Resepsie van die bundel**

Die bundel word deur meer as een resesent as 'n kragtoer beskryf deurdat Krog 'n wye veld dek wat begin met verhoudings teenoor familie, vriende en kinders asook die realiteit van ouer word en doodgaan. Dit strek tot kwessies soos wit-bevoorregting wat in sterk en somtyds ontstellende verse oor politiek en rasseverhoudings ondersoek word, met die ek teenoor die A/ander wat altyd voorop staan. Jacobs (2015:236) skryf:

*Mede-wete* is ryk aan motiewe en tematiese verskeidenheid. Behalwe vir grond, identiteit, skuld, familiebande en kollektiewe bewustheid, is daar ook verwysings na die poëtikale, die orale tradisie, die dood, geweld, eensaamheid en verganklikheid ... Die poësie wissel tussen narratiewe poësie, praatpoësie en suiwer beeldpoësie.

Volgens Van Niekerk (2014) is *Mede-wete* onder meer 'n "soeke na verskillende vorme van menslike verbintenis" en word die begrip *sinaps* vervorm, uitgebrei en veral op "woordvlak verdiep" met nuutskeppings en ander vorme van woordspel; die verbintenis tussen "apartheid en die huidige Suid-Afrika is onvermydelik" en in die bundel impliseer *medewete* ook "gewete". Sy skryf dat 'n ander verbintenis, naamlik dié van die mens met die natuur, ook in hierdie bundel gesuggereer word.

Akademici, soos Susan Smith, ontvang die bundel vanuit 'n teoretiese raamwerk, naamlik dié van ekokritiek en ekopoësie, en beklemtoon die verhouding en interaksie wat Krog tussen die mens en sy omgewing neerpen (Smith, 2016:1215). Volgens Smith beteken *mede-wete* veel meer as net "mede-menswees" deurdat die digter-spreker al die "liggaamlike dimensies van plek" (die fisiese, die sosiale en die taalkundige) betrek.

Visagie (2015:227-230) onderskei tussen vier verskillende sinapse of "verbindings" wat deurgaans in *Mede-wete* voorkom:

- a) die verhouding met geliefdes (vanaf die geboorte van 'n kleinkind met die voortsetting van die self in die nageslag tot die verganklikheid en liggaamlike aftakeling van die self en die geliefde),
- b) begrip vir die kulturele ander (om te kan uitreik na die ander ten spyte van etiese struikelblokke),
- c) eenheid met die natuur (om verhoudings met die niemenslike ander te ontwikkel wat verbindings op 'n kosmiese skaal kan voortbring) en
- d) eenheid met die heelal (die soeke na 'n mistieke eenwording waar selfvermindering bepleit word).

Taljad (2014) prys Krog se digterlike styl:

By haar gaan gedigte met 'n narratiewe aard naatloos oor in liriek, in argumentatiewe betoog; van die mees informele register na die formele akademiese register sonder dat sy ooit haar greep op die poëtiese aard van die gedigte verloor. Die wyse waarop sy taal hanteer, vorm en vervorm om nuut te klink en nuut te be-teken het reeds by haar 'n handelsmerk geword en laat die leser telkens sprakeloos. Sy skryf ewe gemaklik in vrye versvorm as wanneer sy van ingewikkelde vaste poëtiese strukture gebruik maak.

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling is die resepsie van die bundel wat oor die aspekte van die taal handel, meer spesifiek die afbreek en opbou van die taal, van belang:

Oor die spel met sillabeerversteuring op taalgebied, veral in die laaste gedigreëks, skryf Smith (2016:1221):

Die sillabeerversteurende aard van die gedig en die volgehoue spel daarmee in die bundel is 'n sleutel wat nie net taalverruiming en transformasie deur taalvervreemding uitdruk nie, maar op 'n verdere vlak veral werk met die uitdaging van konsepte van enkelheid teenoor mede-bestaan, van Self teenoor Ander, van lewend teenoor nielewend en van menslik teenoor niemenslik.

Visagie skryf ook oor die sillabeerversteurings die volgende:

*Mede-wete* is weens die sillabeerversteurings en soms ondeurdringbare, hermetiese aanbieding 'n uitdagende bundel. Die leser word verder aangemoedig om invloede soos die Duitse poësie van Paul Celan en Ingeborg Bachmann, die verse van die Kanadese digter Anne Carson, die prosa van J.M. Coetzee en die filosofie van Emmanuel Levinas raak te lees. In onder meer Krog se talle neologismes, woordsamestellings en ontyking van idiome herken Louise Viljoen (2014) byvoorbeeld die neerslag van Paul Celan se pogings om Duits as taal te herskep en dat Krog eweneens uitdrukking gee aan 'n behoefte om in Suid-Afrika (maar ook elders in ander wêrelddele) 'n nuwe taal te ontdek wat 'mede-wete' sal bewerkstellig (Visagie, 2015:233).

Van Vuuren (2014) beskou *Mede-wete* as vernuwend en grensoorskrydend vir dít wat Antjie Krog met Afrikaans as gemarginaliseerde taal regkry, naamlik om die Afrikaanse poësie te vernuwe met eksperimentering en die skep van neologismes op die trant van Paul Celan se laat- en postume werk.

Dit is juis dié vorm en vervorm van taal in die laaste afdeling van die bundel waarby dié ondersoek wil stilstaan in Hoofstuk 3.

## 2.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die temas in die res van die bundel en binne die digter se oeuve, asook hoe die bundel deur resensente en letterkundiges ontvang is.

Krog het 'n omvangryke oeuve wat reeds met die publikasie van haar eerste bundel as matrikulant in 1970 begin het.

Verskeie temas, met betrekking tot verhoudinge ten opsigte van familie, haar kinders, haar rol in die huwelik, die kerk en teenoor haar medemens kom deurgaans in haar oeuve voor. 'n Intense bewussyn van haar posisie in 'n land met 'n geskiedenis van onreg en die haat, woede en hartseer wat dit veroorsaak, word in haar digkuns weerspieël. Die oudword-proses en die aftakeling van die liggaam is 'n ander tema wat herhaaldelik voorkom.

Die bundel *Mede-wete* word deur resensente vanuit verskillende raamwerke ontvang. Op taalgebied prys Taljard (2014) Krog se digterlike styl en Smith (2016:1221) en Visagie (2015:233) bespreek die spel met sillabeerversteuring. Van Vuuren (2014) beskou die eksperimentering met 'n gemarginaliseerde taal en die skep van neologismes as grensoorskrydend en Jacobs (2015:236) brei uit oor die motiewe en tematiese verskeidenheid.

Die verskillende vorme van menslike verbintenis ("sinapse") wat die ek en die A/ander insluit, word deur Van Niekerk (2014) en Visagie (2015:227-230) belig en 'n tema wat die verhouding en interaksie tussen die mens en sy omgewing insluit, word deur akademici soos Smith (2016:1215) vanuit 'n teoretiese raamwerk, naamlik dié van ekokritiek en ekopoësie bekyk.

## HOOFSTUK 3

### DIE STUDIE VAN MORFOLOGIESE SISTEMATIEK

#### 3.1 Inleiding

Combrink se teorie (1990:53-83) aangaande die hoofwoordvormingsprosesse en morfologiese ontledings is die sleutel tot die toepassing van die morfologiese ondersoek in hierdie studie. In hierdie hoofstuk word daar na die verskillende komposisiestrukture gekyk asook die wyse waarop dit gevorm is om aan die hand hiervan later in die studie te bepaal of Krog sistematies te werk gegaan het met die korpus van 196 nuutgeskepte leksikale items uit die vier gedigte in die laaste afdeling van die bundel. Die seleksiekriteria van die 196 items berus op 'n subjektiewe keuse vir dit wat die navorser as "morfologies afwykend" beskou en is dus 'n kwessie van persoonlike voorkeur. (Dit is belangrik om hier te noem dat dit wat as "morfologies afwykend" beskou word, kan lei tot morfologiese vernuwing.)

Voordat hierdie digterlike korpus van Krog ontleed word, is dit noodsaaklik om 'n vergelyk te tref en te kyk na die poësie van plaaslike digters soos Peter Blum (Kannemeyer, 1983; Odendaal in Van Coller, 2015; Walters, 1972; Grové, 1967; Colin, 2016) en Breyten Breytenbach (Viljoen, 2007a en 2014b; Coetzee, 2009; Hambidge, 2007; Tzara en Bigsby in Cloete, 1992) wat ook vorme van morfologiese vernuwing toepas. Op internasionale vlak is ee cummings (Cureton, 1979) se poësie bekend as digkuns wat afwyk van die aanvaarde norme en nog 'n vorm van hierdie tipe woordspel is die meertalige kodewisseling wat eie is aan die "Quebec Hip-Hop" genre (Sarkar en Winer, 2006; Klopper, 2017).

Die tegnieke van Paul Celan waarin Krog privaatonderrig ontvang het tydens haar verblyf in Duitsland, bied insig in die wyse waarop die digter-spreker te werk gegaan het en word in hierdie hoofstuk van nader bekyk (Krog in Esterhuizen, 2014; Van Vuuren, 2014). 'n Blik op Deleuze en Guattari se sienings omtrent 'n majeur- en mineurtaal (Pieterse, 2017; Stander, 2012) word voorts verskaf.

## 3.2 Morfologiese teorie deur J.G.H. Combrink

Met die oog op 'n morfologiese toepassing en analise van die laaste vier gedigte in *Mede-wete* is dit belangrik om aan die hand van Combrink (1990:53-85) eers na die verskillende woordvormingsprosesse in Afrikaans te kyk. Volgens Combrink is daar verskillende komposisiestrukture, afhangende van die wyse waarop hierdie strukture gevorm is. Hy onderskei tussen drie hoof- woordvormingsprosesse, naamlik REDUKSIE, KOMBINASIE en REDUKSIE-PLUS-KOMBINASIE en dan ook ander prosesse, soos VERSMELTINGS. Elk van hierdie drie hoofgroepe het onderafdelings wat dié strukture bepaal:

### 3.2.1 Reduksie

Dit is die proses wanneer woorde gevorm word deur middel van weglating van morfeme of woorddele en daar is verskillende soorte reduksieprosesse, soos hier onder aangedui (Combrink, 1990:55-58), met 'n voorbeeld by elk:

- Akronieme – woorde wat uit die beginletters van twee of meer morfeme opgebou is (*VLU < Vrouelandbou-unie*).
- Knipsels – woorde wat uit 'n grondwoord gemaak word deur laasgenoemde se vorm te reduceer, sonder inagneming van die morfologiese struktuur van die grondwoord (*bib < biblioteek*).
- Truforme – woorde wat uit 'n grondwoord gemaak word deur laasgenoemde se vorm te reduceer op basis van 'n verbeelde morfologiese struktuur van die grondwoord (*geite < woorde, soos malligheid, gekkigheid en narigheid*).
- Inkortings – korter woorde wat op basis van langeres gevorm word, met inagneming van die gegewe morfologiese struktuur en met behoud van die betekenis van die oorspronklike woorde (*halfeind < halfeindstryd*).

### 3.2.2 Kombinasie

'n Kompleks (komposisiestruktuur) word gevorm wanneer morfeme met mekaar kombineer. Die verskillende produkte van kombinasie (Combrink, 1990:63-70) is:

- Afleidings – woorde waarvan die twee onmiddellike stukke 'n stam en 'n affiks is. Binne die afleiding as geheel het 'n andersins selfstandig bruikbare stuk (die stamitem) sy selfstandigheid as woord verloor – woorddéél geword – en net die afleiding as geheel het selfstandigheid (*Masjientjie: masjien-* en *-tjie*).
- Samestellings – woorde waarvan die twee onmiddellike stukke albei stamme is. Binne die samestelling as geheel het die andersins moontlik selfstandig bruikbare stukke (die stamitems) hul selfstandigheid as woorde verloor – woorddéle geword – en net die samestelling as geheel het selfstandigheid (*Bolplant: bol-* en *-plant*).
- Samestellende afleidings – het twee onmiddellike stukke: 'n stam en 'n affiks, maar as die stam op eie houtjie optree, is dit 'n woordgróép, nie 'n woord nie (*jammerhartig: jammer-* en *-hart-* en *-ig*).
- Samestellende samestellings – het altyd twee onmiddellike stukke: 'n stam plus 'n stam, maar een of albei dié twee stukke is woordgroepe, nie woorde nie (*Rookverbodeteken: rook verbode-* en *-teken*).
- Vloekwoordinlywing – 'n vloekwoord wat 'n bisillabiese adjektief is en wat die hoofklem op die eerste sillabe dra, word op sistematies bepaalde plekke binne-in gasheerwoorde geplaas (*onge-bleddie-twyfeld*).

### 3.2.3 Reduksie-plus-kombinasie

Reduksieprodukte wat nie op hul eie as woorde kan optree nie en onmiddellik met nog 'n komponent gekombineer moet word om 'n woord te wees, is die resultaat van reduksie-plus-kombinasie (Combrink, 1990:73-75).

- Reduksieafleidings – woorde wat uit 'n reduksiestam bestaan en onmiddellik met 'n suffiks kombineer (*eenakter < eenaktedrama*).
- Reduksiesamestellings – twee of meer reduksiestamme wat onmiddellik gekombineer is; die dele van reduksiesamestellings is nie selfstandige woorde of selfstandige stamme nie. Hulle is reduksieprodukte wat onmiddellik na vorming aanmeakaargelas móét word (*motel < motor + hotel*).
- Tegnoafleidings – afleidings waarvan die stam 'n tegnostam is (*fibroïed*).
- Tegnosamestellings – gewone samestellings waarvan die eerste stam 'n tegnostam is (*biochemie* waar die tweedestam vry is, *topografie* waar die tweedestam gebonde is).

### 3.2.4 Versmeltings

Versmeltings (Combrink, 1990:79) is woordgehele waarvan 'n mens die komponente se herkoms miskien kan agterkom, maar waarvan nie een van die komponente, net so, selfstandigheid het buite die betrokke woordgeheel nie (*stroomhuis < stroom + huis*).

Hierdie woordvormingsreëls is nie almal in die laaste vier gedigte ter sprake nie, maar later in hierdie ondersoek word gekyk na dié wat wel daarin voorkom.

### 3.3 Morfologiese eksesse binne die poësie

Voordat hierdie ondersoek op die laaste gedigreeks in *Mede-wete* fokus, is dit van waarde om na voorbeelde van morfologiese woordspel binne die poësie op plaaslike asook internasionale vlak te kyk. Digtters wat plaaslik kreatief met woordvormingsprosesse omgaan, is onder andere Gert Vlok Nel, Peter Blum en Breyten Breytenbach. As deel van 'n vergelykingsbasis word Peter Blum en Breyten Breytenbach as voorste plaaslike beoefenaars van morfologiese woordspel genoem en op internasionale vlak kom ee Cummings asook die meertalige kodewisseling in "Quebec Rap" aan die bod.

Dit is belangrik om hier te noem dat daar met dié vergelykingsbasis slegs op die morfologiese vernuwing en semantiese woordspel konsentreer word en dat die gedigte ter sprake nie andersins ontleed word nie. By elke gedig word verduidelik waarom die gedig gaan en is die fokus slegs op die neologistiese woordvormingsprosesse en hoe dit van mekaar verskil al dan nie.

### **3.3.1 Peter Blum (1925-1990)**

Die digter Peter Blum (1925-1990) is in Europa gebore en het as kind reeds tale soos Duits, Engels, Frans en Italiaans bemeester voordat hy op twaalfjarige ouderdom na Suid-Afrika kom, in Durban en Johannesburg skoolgaan, aan die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad studeer en as bibliotekaris werk. Vanaf 1960 het hy hom in Engeland gevestig nadat hy Suid-Afrika verlaat het. Hy staan bekend as die "sterkste en selfstandigste nuwe digter van die vyftigerjare" (Kannemeyer, 1983:271).

Dit is ook in die vyftigerjare dat sy twee bundels *Steenbok tot poolsee* (1955) en *Enklaves van die lig* (1958) verskyn. Kannemeyer (1983:273) verwys na sy digkuns as 'n "verbluffende nuwe tipe beeldspraak" en verwoord sy tegnieke as volg:

Met die gebruik van die elliptiese sintaksis, wye spanningsboog, parentesies, bysinne en kataloguseffekte, nog verder versterk deur die neologistiese samestellings, teenwoordige deelwoorde in adverbiale en verbale funksie en analogievorme of kontaminasies, maak sy poësie die indruk van 'n barokke oordaad (Kannemeyer, 1983:273).

Odendaal (in Van Coller, 2015:374) brei uit op hierdie "barokke oordaad" en in terme van woordvormingsprosesse noem hy die strategieë wat Blum (met 'n kennis van verskillende tale) toepas, onder meer "ontlenings aan die verskillende tale", "die uitbuiting van woordmeerduidighede", 'n soort beeldspraak "wat verskillende ervaringswêrelde in een gedig kan betrek" en "woordskepping volgens verskillende prosesse". Walters (1972:43) noem hierdie prosesse:

Bekende woorde word saamgevoeg tot nuwe kombinasies of samestellings; dele van bekende woorde word hersaamgestel tot nuwe verbindings; herleidinge word gemaak van die vorm en/ of

woordklank van Duitse, Franse, Engelse en Nederlandse woorde en vreemde woorde uit Frans, Latyn, Engels, Italiaans en Nederlands word oorgeneem en as leenwoorde gebruik.

Twee van Blum se gedigte waarin hierdie "geslaagde eksperimentele" (Odendaal in Van Coller, 2015:375) tegnieke voorkom, is "Rooinekke op Hermanus" (Blum, 1955:9) uit *Steenbok tot poolsee* en "Man wat mal word" (Brink, 2008:432) uit *Enklaves van die lig*.

In "Rooinekke op Hermanus" kontrasteer die digter-spreker vanuit 'n sosiaal-kritiese oogpunt die afgesonderde en verstrakte (reël 9) leefwyse van pensioentrekkers sonder hartstog teenoor die gewoel van die see en die haastige en besige lewe in die binneland:

### **Rooinekke op Hermanus**

*Vir Serge Tauber*

- 1 Hierdie dorp het uitsig slegs oor die see –
- 2 koud-kokende, feitlik on-eiland-onderbroke,
- 3 pikkewynparadys, walvisdeurwoelde – want
- 4 berge sny hom af, skei hom, sonder hom af
- 5 van hoofpadhaastige, graanboubesige binneland
- 6 - hom wat spoorweë afwys.
- 7 Die meeue gier
- 8 gierig-hees, kras in kerkklokke mee –
- 9 giet seedruis in heilsbrons. Hul verstrak hier,
- 10 verkalk tot witkalk op huisnok; soms versier

11 as tuinfiguur van sement, as muurkruin,  
 12 hul, tema sonder sisteem.  
 13 O gestilde  
 14 sinnebeeldvoëls, simboolvlerke, jul pryk  
 15 teen sononder, klaar met dool, enkel embleem  
 16 van hierdie seksie onwilde, ongewilde  
 17 vasgemeerde, aarde-agterhaalde ryks-  
 18 arende, pensioentrekkers op ou roem,  
 19 wat koel staan teenoor óns rumoer, kil-vreemd  
 20 - nie aanvoel wat óns bedoel, ín ons woel:  
 21 hartstog-verleerde, wrok-onbegrypende  
 22 sege-moeg, effens geaffronteerde  
 23 see-afkykers, agterland-afgekeerdes  
 24 wat hoegenaamd niks nie brandelik begeer.

Vanuit die oogpunt van Kannemeyer (1983:273) se opsomming van Blum se tegnieke is dit opvallend dat daar in hierdie enkele gedig vier-en-twintig nuutgeskepte produkte van kombinasie is. Dit kan in drie groepe gedeel word:

<u>Afleidings</u>	<u>Samestellings</u>	<u>Samestellende afleidings</u>
gestilde	pikkewynparadys	koud-kokende
onwilde	gierig-hees	on-eiland-onderbroke
brandelik	seedruis	walvisdeurwoelde

heilsbrons	hoofpadhaastige
witkalk	graanboubesige
muurkruin	simboolvlerke
sinnebeeldvoëls	aarde-agterhaalde
kil-vreemd	ryks-arende
sege-moeg	hartstog-verleerde
	wrok-onbegrypende
	see-afkykers
	agterland-afgekeerdes

Blum neem woorde wat reeds aan die leser bekend is, maar voeg dit saam om 'n heel nuwe betekenis daaraan te gee, byvoorbeeld *hartstog-verleerde* (reël 21) wat die verstrakking van die mense beklemtoon en *sege-moeg* (reël 22) wat dui op 'n moegheid vanweë voorafgaande oorwinnings. Dele van woorde word hersaamgestel en nuut aangebied, byvoorbeeld *gestilde* (reël 13) uit "stilte" of "gestolde".

Parenteses kom in reël 2-3 en 6-8 voor. In reël 2-3 word 'n beskrywing van die see met 'n opstapeling van adjektiewe van neologistiese samestellings (kyk kategorieë hier bo) as ekstra inligting aangebied: *koud* (temperatuur) en *kokend* (die gesig van branders wat breek, sproei en skuim maak), wat feitlik nie deur enige eiland onderbreek word nie. 'n *Paradys* vir *pikkewyne*, plek waar *walvisse woel* (Hermanus is bekend daarvoor dat walvisse gedurende sekere tye van die jaar daar voorkom, veral tydens die paringseisoen).

In reël 6-8 word nog 'n verduideliking as ekstra inligting verskaf: die opgestapelde adjektiewe, "hoofpadhaastige, graanboubesige binneland" suggereer die "spoorweë" waarmee die graan vervoer word wat in "hierdie dorp" afgewys word, met ander woorde

geen geraas van treine nie, maar slegs die skril en kras geluide ("gier gierig-hees") van die meeu of die kerkklokke.

Voorbeelde van binnerym is:

"... sny hom ... , skei hom ..." (reël 4),

"... sny hom af, ... sonder hom af ..." (reël 4),

"... verkalk tot witkalk ..." (reël 10),

"Hul verstrak hier, / ... soms versier / ..." (reël 9 en 10),

"... sisteem. / ... embleem / ..." (reël 12 en 15),

"... onwilde, ongewilde ..." (reël 16),

"... wat óns bedoel, ín ons woel: ..." (reël 20),

"... hartstog-verleerde, ... effens geaffronteerde ..." (reël 21 en 22).

Blum pas Hopkins se "sprung rhythm" toe, waar 'n ritmiese eenheid geskep word deur middel van die herhaling van 'n versreël met 'n beklemtoonde eerste lettergreep afgewissel met lettergrepe wat nie beklemtoon is nie. Al hierdie tegnieke is in "Rooinekke op Hermanus" ingespan "om die dorpsbewoners wat hulle van die binnelanders afsonder, slegs uitsig op die see het en sonder hartstog en gewoel lewe" satiries voor te stel (Kannemeyer, 1983:275).

In "Man wat mal word" (Brink, 2008:432) is die nuutskeppings woorde wat vreemd is en waarvan die betekenis nie altyd verstaanbaar is nie. De Lange (2012) noem dat Blum by "uitnemendheid die digter van nuutskeppinge" is en dit 'n rede kon wees waarom hy met gevestigde skrywers van daardie tyd gebots het as gevolg van hul sienings oor sy "dekadente kuns en taaleksperimente" (Kannemeyer, 1983:282).

Grové (1967:30) noem die taaleksperimente in hierdie gedig waar Blum die woord "opsetlik vermink in 'n poging om die aftakeling van die rede onmiddellik te versigbaar"

'n "ekspansie van die poëtiese woordeskat" en skryf dat die "onafrikaanse, afwykende woord, die patois tot poësie" dwing.

Die gedig is vanuit die oogpunt van 'n kranksinnige geskryf. Dit is asof die leser die eerste twee strofes nog tot op 'n punt kan volg, maar dan verander dit in brabbeltaal, soos die woorde van iemand ("n man") wat mal is. Odendaal verwoord die strekking van die gedig as volg:

Die kranksinnig wordende spreker, tipies slingerend tussen verwarring en 'n oomblik van volslae verstandshelderheid, span hom geestelik tot die uiterste in om die oorsake van sy versteurdheid en die gevolglike pyn en haat te deurgrond. Hy begryp iets van die uitsonderlike en daarom verantwoordelike posisie waarin hy hom bevind, en poog dan om in een saamgedronge, openbarende woord ('WOKNAKWYF') die allesomvattende sin uit te sê – ironieserwys, maar getrou aan die geestestoestand van die spreker, 'n woord op eerste sig totaal onverstaanbaar vir die aangesprokene of leser (Odendaal in Van Coller, 2015:379,380).

### **Man wat mal word**

- 1 Onbepeilbaar die dag, maar die bewoespyn dàar
- 2 dat al-lis beslote is en slags ék oop
- 3 vir enige skerf nael, skermloos teen die oog
- 4 wat drin die werwel noulet, fynynig vaam
  
- 5 tort in die klier. War-om? Alluin 'n kwik haat
- 6 het heerdie verstrooide pynpuin in kontrole
- 7 nog somgehous. Waarvuur? Maar tussen gus knook
- 8 en wrig het die endwoord in duidelike taal

- 9       eindelig hoopgebron: Wie só uitgedeel
- 10      aan die al is, het die al in hom begryp –
- 11      en dit ís liefde: kán dus in die greep
- 12      van één drong woord kraal wat alle enkelheid
- 13      ophef, mág met kloktong die warreld vry, móét preek
- 14      wat voldoen om juble te vrymaak: WOKNAKWYF!

Blum se keuses en benutting van afwykende sintaksis (omtrent net reël 5-7 is 'n normale sin), verwronge woorde (onder meer, "slags," "drin," "tort," "knook," "wrig," "drong," "warreld," "juble," "Woknakwyf," ensovoorts), neologismes (onder meer, "al-lis," "noulet," "War-om?," "Waarvuur?") en samestellings en afleidings (soos onder meer, "onbepeilbaar," "bewoespyn," "fynynig," "pynpuin," "somgehous," "eindelig," "hoopgebron," "kloktong," ensovoorts) versterk die beeld van die kranksinnige se agteruitgang, soos iemand wat nie meer sin praat nie.

Kannemeyer (1983:282) se verklaring van bogenoemde voorbeelde illustreer hierdie buitengewone taaleksperiment:

In die oktaaf is daar sprake van die onbepaalbaarheid, onpeilbaarheid en ondeurbaarheid van die dag, terwyl die woeste pyn van die bewussyn tog alles en alle lis in die ek gevange hou, 'n ek wat 'slags' – slegs en snags – weerloos is vir enige skerp naelskerf. Met die beeld van die 'skerf nael' wat 'skermloos teen die oog' kan raak, word die geweldige gevoeligheid vir pyn oorgedra, iets wat in reël 4 deur 'drin' (dring, in) en 'fynynig' (fyn, venynig) versterk word. Tot in die 'werwel' en die 'klier', die binneste van die mens dus, dring die pyn in. Die vraag ontstaan dan: 'War-om?' – waarom die verwarring? Slegs 'n bitter ('Alluin') of swaar ('kwik') haat het hierdie mens, hierdie puinhoop van die pyn ('pynpuin'), nog 'somgehous' en van algehele desintegrasie ('verstrooide') gevrywaar. Tussen 'gus knook/ en wrig', tussen die gegis, gekook en gewring (?) – sy verwarring

dus – bied die bevrydende ‘endwoord’ in ‘duidelike (duidelike, duistere, duiselige) taal’ eindelijk en hoop.

Hierop volg dan, as wending aan die begin van die sekstet en as voorbeeld van die oomblik van insig wat dikwels by waansinniges aangetref word, ‘n volledige normale sin (reël 9-11) wat terugreik na ‘n uitspraak van Plato en – waarskynlik toevallig – herinner aan die slot van Theo Wassenaar se sonnet ‘Nag’. En daarna word die gedagte van die ‘endwoord’ verder gevoer: die poging van die spreker om ‘in die greep/van één drong woord (te) kraal wat alle enkelheid/ophef’, om die gespletenheid te vernietig deur een saamgebalde, bevrydende woord. So ‘n woord kan met ‘kloktong’ – ‘n helder stem, maar ook ‘n stem wat die waarheid van die ‘klok’, die Christelike boodskap, oordra – die ‘warreld’ (wêreld, verwarring) bevry. En dat die ‘boodskap’ wat die spreker wil bring, wesentlik religieus van aard is, sien ‘n mens uit die besetenheid waarmee hy wil ‘preek’ om ‘juble (jubelend, julle) te vrymaak’. Maar dan kom die slotwoord ‘WOKNAKWYF’, die volslae onsinwoord en waansin, so onmagtig – of almagtig? – soos die Orator wat aan die einde van Ionesco se *Les chaises* die bevrydende boodskap in stamelende taal en onverstaanbare geluide uitspreek.

By nadere ondersoek blyk dit “‘n baie geslaagde en unieke eksperiment en die fassinerendste uitbeelding van die waansin in Afrikaans” (Kannemeyer, 1983:282) te wees wat ‘n mens tot die gevolgtrekking lei dat Blum sistematies met onder meer morfologiese, semantiese en sintaktiese verwrings te werk gegaan het en doelbewus die beperkinge van die taal in beide bogenoemde gedigte wou oorskry. [Walters (1972:12-20) gee ‘n resultaat van ongeveer 9 bladsye waarin hy al die onderdele van dié gedig semanties en morfologies ontleed.]

Verdere toeligting kan gevind word in Colin (2016) se studie oor die “uitbeeldings van psigiatriese versteurings in die Afrikaanse poësie”. Colin (2016:188) bespreek onder andere “Man wat mal word” as ‘n voorbeeld van “die gedig as proses van psigose”, dit wil sê op die “interne belewenis van psigoties word” en hy onderskei tussen drie aspekte van die psigotiese proses:

1. psigose en die oorgang van die intakte psige na die psigotiese psige, dit is psigiese disintegrasie;
2. simptome en tekens van psigose, veral gedagteprosesversteurings;

3. die inherente eienskappe van psigose, byvoorbeeld ambivalensie, psigotiese insig of die “primêre waanidee”, en dereïstiese denke (Colin, 2016:191).

Hy gebruik vir die doeleindes van hierdie navorsing die prototipiese *skisofrenie* as die beeld van psigose en verduidelik dat die pasiënt wat skisofrenie ontwikkel deur 'n prodromale fase (wat tipiese denk- en spraakversteurings en erge gedisorganiseerde gedrag insluit) beweeg na die fase van akute psigose. Volgens Colin (2016:192,193) kan die eerste sewe versreëls in “Man wat mal word” as 'n “prodromale fase van dreigende disintegrasie” gesien word:

Dié fase is 'n duidelike prodroom van psigose, aangesien die taal of realiteitstoetsing reeds besig is om te verval, en aangesien die vae en duistere beredenering reeds dui op dreigende egogrensdintegrasie. Egogrense en realiteitstoetsing impliseer die bewustheid van 'n geïntegreerde self en 'n skeiding tussen wêreld en self, en in hierdie gedig is dit besig om te verval.

Voorbeelde van die malman se egogrense wat verval kom voor in reël 9 en 10: “Wie só uitgedeel / aan die al is, het die al in hom begryp – ” wat daarop dui dat die malman uitgedeel is aan die wêreld of selfs die heelal (Colin, 2016:193).

Gedisorganiseerde spraak wat volgens die DSM-5 (die nuutste uitgawe van die *Diagnostic and statistical Manual of Mental Disorders*, gesien as die mees gesaghebbende klassifikasiesistelsel van psigiatriese versteurings (Colin, 2016:135)) as “speech ... so severely disorganized that it is nearly incomprehensible and resembles receptive aphasia in its linguistic disorganization (incoherence or ‘word salad’)” beskryf word, kom in die derde strofe en toenemend in die vierde strofe voor. Colin skryf dat die gedig heelwat aksenttekens bevat, veral in die laaste strofe (beide strofe een en drie bevat drie aksente, strofe vier bevat vyf aksente asook die hoofletters van die laaste woord). Dié ekstra beklemtoning laat dit voorkom “asof die psigotiese insig nou die psigotiese ‘man’ noop om dit aan die wêreld oor te dra” wat die “delusionele dringendheid verbeeld” (Colin, 2016:195,196).

Colin verduidelik hoe die realiteitstoetsing verval:

Realiteitstoetsing binne die konteks van die gedig is uiteraard die taal van rede, met logiese woorde, semantiek en sinvolle beredenering van 'n saak tot logiese gevolgtrekkings. Die taal van die 'Man wat mal word' is, in die woorde van Grové (1967:30), 'vermink', en in die woorde van Cloete (1981) 'tussen uiterstes', 'vol polsende beweeglikheid', vol 'labiliteit', gevul met 'baie paradokse en paradoksale verhoudings ... wat uiterstes vorm'. Dit is nie alleen die taal wat vermink is nie, maar ook die beredenering, of in kliniese terme, gedagteprosesse (Colin, 2016:193).

Vanaf die woord "Maar" in reël 7 kom daar 'n wending wat Colin (2016:193) as volg beskryf:

Die gedig toon 'n duidelike wending wat sentreer op die agste versreël wat na die pyn en wroeging van die voorafgaande sewe versreëls aankondig dat 'die endwoord in duidelike taal' die lyding gaan verlig met 'n nuwe motto, 'n nuutskepping, 'n epifanie. Hierdie woord 'WOKNAKWYF' is oppervlakkig onverstaanbaar en sonder 'realiteitstoetsing', dus die logika van taal. Die hoofletters wat die digter gebruik maak dit amper 'n kreet, en die leser kom tot die besef dat hier van geen insig sprake is nie. Die woord is psigoties.

Ander voorbeelde van gedagteprosesversteurings wat Colin (2016:196-199) noem en wat voorkom in "Man wat mal word" is:

- a) *Tangensiale denke*: die malman het nie meer die vermoë om sy gedagtes doelgerig te formuleer nie.
- b) *Losse assosiasies*: in die derde en vierde strofes is die vloei van die malman se gedagtes nie meer vir die leser verstaanbaar nie omdat dit nie meer logiese verbande met mekaar het nie.
- c) *Neologismes*: woordfragmente word onverstaanbaar saamgevoeg en het dikwels teenstrydige betekenis tot gevolg, byvoorbeeld "onbepeilbaar", "bewoespyn", "fynynig", "pynpuin", "duidelike", "hoopgebron", "warreld" en "juble".
- d) *Ambivalensie*: konflikterende gedagtes, wense of gevoelens teenoor 'n persoon of ten opsigte van 'n saak of situasie word in hierdie gedig bevestig in die uiterstes

waartussen die malman beweeg, byvoorbeeld tussen die “haat” en “liefde” (reëls 5 en 11).

Matorin en Ruiz (in Colin, 2016:195) beskryf die “primêre waanidee” as ‘n idee wat “in ‘n oogwink vorm aanneem, sonder identifiseerbare voorafgaande gebeure, asof ‘n volle bewuswording skielik gebeur met ‘n onverwagte flits van insig soos ‘n weerligstraal uit die bloute”. Reël 9-11 in die gedig is ‘n voorbeeld hiervan: die idee dat as die “man”/persoon een word met die “al”, hy die “al in hom [kan] begryp” en hierdie waanidee is “dit is liefde” (Colin, 2016:195).

Opsommend word Blum se eksperimentele tegnieke en vreemde nuutskeppings in “Man wat mal word” saamgevat in Odendaal se woorde:

[...] dat die poësie en die geleentheid wat dit bied om selfs die uiterste moontlikhede van die taal te ontgin en te verken, die digter daadwerklik verlok om tot ‘n kern van insig of sin te wil deurdring – al loop dit (noodwendig!) uit op die waansin, soos ‘Man wat mal word’ op dramatiese en onvergeetlike wyse demonstreer (Odendaal in Van Coller, 2015:374).

### **3.3.2 Breyten Breytenbach (1939)**

Breyten Breytenbach (gebore 1939) is bekend vir sy kreatiewe omgang met woorde en is een van die plaaslike digters wat reeds vir ‘n geruime tyd tegnieke in werking stel om woorde te omvorm en morfologies te verander. Om dit aan te dui, word hier voorbeelde geneem van gedigte uit *Die windvanger* (2007) asook uit sy nuutste bundel *op weg na kû* (2019). Hier word nie gepoog om die gedigte te ontleed nie, maar eerder om te bepaal wat hy met woorde doen en of hier enige mate van morfologiese sistematiek te bespeur is.

In ‘n resensie oor die bundel *Die windvanger* skryf Viljoen (2007a) die volgende:

Breytenbach se formidabele poëtiese oeuvre (wat na dese 17 digbundels omvat) het die aansyn van ‘n kaleidoskoop as gevolg van die merkwaardige verskeidenheid van temas en tegnieke wat daarin voorkom, maar ook vanweë die wyse waarop bepaalde elemente daarin met elke nuwe publikasie herrangskik word sodat daar weer en weer nuwe patrone ontstaan.

*Die windvanger* verskyn in 2007 en is in nege afdelings ingedeel. Elke afdeling het 'n titel met 'n byskrif in 'n parentese. Hierdie titels is meestal "metaforiserend" (Coetzee, 2009:152) en het elkeen 'n tema of onderwerp wat saamhang met "tyd" as hoofmotief van die bundel asook onder meer die dood en die "verskrikking van ouderdom" as bundeltemas (Viljoen, 2007a).

Die eerste voorbeeld is gedig "5" (bl. 47) wat onder afdeling 3 val. Die afdeling heet "lappesait" met die byskrif "(dis die vuur van bestaan wat die ure vertel)". *Lappesait* is die Fanagalo-woord vir "hierdie kant" en verwys na 'n uitstalling met dieselfde naam wat Breytenbach in Suid-Afrika gehou het.

## 5

1	<i>("vergeet die vel van die jongman</i>		
2	<i>die roep van die voël mistige smôrens</i>		
3	<i>in die ou dae van die somermeeu</i>		
4	<i>en 'n see soos 'n gulp vol visse")</i>		
5	tuig	taal	= laag
6	tug	liefde	= dief
7	huig	kaalvier	= klavoer
8	koggel	uitkak	= kakkermander
9	skoorsteen	rookpyn	= stoorsnor
10	klipwerf	reent	= wipeend
11	sterfstaan	eendloop	= stempel

12	stuimel	blind	= buidel
13	stamel	knog	= kraam
14	samelnaam	maan	= noemnoem
15	wemeltong	oulong	= gnotse

In bostaande gedig val morfologiese nuutskeppings, soos "kaalvier", "klavoer", "kakkermander", "rookpyn", "stoorsnor", "sterfstaan", "eendloop", "knog", "samelnaam", "wemeltong", "oulong" en "gnotse" die leser op.

Volgens Coetzee (2009:152) is daar sekere sleutelwoorde of assosiasies wat deurlopend in die bundel voorkom, soos "verskietende, vergeet, vlam van vertel, weggaan, stilte, nooit weer, vergaan en die dood". Na aanleiding hiervan kan 'n mens suggereer dat die onderstaande samestellings uit genoemde nuutskeppings in gedig "5" (bl. 47) dalk verband hou daarmee, byvoorbeeld:

Sleutelwoorde in bundel

Nuutgeskepte samestellings in gedig "5"

"vlam van vertel"

"**rookpyn**" - (vlam)

"**wemeltong**" – (vertel)

"dood"

"**sterfstaan**" en "oulong" (ou + long)

"weggaan"

"**eendloop**"

In die agtste reël van gedig "5" (bl. 47), naamlik:

8	koggel	uitkak	= kakkermander
---	--------	--------	----------------

kan die "kak" in "uitkak" en die nuutskepping "kakkermander" verwys na die titel van afdeling sewe in die bundel, naamlik "akkediskak" met die byskrif "*(die ewigdurende galmende momentum van stilte)*". Die woordspeling met "koggel" en "kakkermander" laat 'n mens dink aan koggelmander wat 'n akkedisagtige dier is. Dit sluit aan by

Hambidge se opmerking dat Breytenbach in *Die windvanger* die skryfproses koppel aan ontlasting: "... hierom word die skryfproses dan aan ontlasting gekoppel, letterlik aan die banale beeld wat die digter agter hom wil laat. Wat hy gelykstel aan uitskot of kak" (Hambidge, 2007).

Viljoen (2014b:302) bevestig dat die idee by die leser geskep word dat die eerste twee woorde van elke reël in die gedig bymekaargetel 'n antwoord of betekenis op die laaste woord gee, of dat die woorde op verskillende maniere, naamlik reël vir reël van links na regs, van regs na links, van bo na onder of van onder na bo geles kan word. Ten spyte van hierdie verduideliking en van die aannames oor die saamgestelde woorde, is dit vir die leser nie so maklik om te verstaan of sin te maak van die woordspeling nie.

Viljoen (2014b:302) som dit goed op:

Die eerste is die vyfde gedig uit die afdeling getitel 'lappesait' in *Die windvanger* wat duister is vanweë die afwykende vorm van die gedig en die feit dat skakels tussen die woorde, wat in drie lyste gerangskik is, ontbreek. [...] dit is onduidelik of die samehang op die vlak van die sintaksis, betekenis of klank lê.

Oor die reëls (1-4) in hakies aan die begin van die gedig:

Die reëls in hakies waarmee die gedig begin, klink na 'n oproep om die (liggaamlike) plesiere van die jeug te vergeet omdat dit onherroepelik verby is, sodat die lyste woorde geles kan word as verskillende moontlike aanduidings van aftakeling en verganklikheid, beide van die liggaam en van betekenis. Volkome duidelik word dit egter nie (Viljoen, 2014b:302).

Ander voorbeelde in die bundel is die gedigte "oorlewingskuns" (bl. 147), wat in hierdie verhandeling net te lees aangebied word, en "Koong Byten 1" (bl. 152) wat onder afdeling 8 val, getitel "die windvangerlied" met die byskrif "(*stories wat mens nooit weer sal hoor nie*)". Die tema van verbygaan hou verband met die byskrif van "stories wat mens nooit weer sal hoor nie". Die afdelingstitel "die windvangerlied" sluit weer aan by die titel van die bundel, soos Coetzee (2009:152) dit stel: "Stories, gedigte; aanvanklik beskrywend, weerspieërend en dan poësie: lied." Die term *windvanger* kan op verskillende maniere interpreteer word, maar onder meer dui dit op iets wat onmoontlik

is om reg te kry: om die wind te vang. Dit stem ooreen met die digkuns: om die regte woorde vas te vang of die onmoontlike reg te kry (Viljoen, 2007a).

### **Oorlewingskuns**

- 1 pasgebore babas
- 2 gevoed aan moedersbors
- 3 se fekale uitskeiding ruik nie
  
- 4 dis glo 'n oerbeskerming
- 5 teen roofdiere
  
- 6 eweneens wanneer engele
- 7 in die geute skyt
- 8 is daar geen stank
  
- 9 sodat hulle hul nie hoef te skaam
- 10 vir aardgevoede behoeftes nie
  
- 11 en mens misreken die drolle
- 12 vir kastaiings of blinde tennisballe

- 13 of verfrommelde liefdesbriewe
- 14 *pasgeboorde babbelas*
- 15 *gevoer aan moederskort*
- 16 *se vokale uitskeuring rook en as*
- 17 *dis gôgô ing verbeskoring*
- 18 *tien roepdiere*
- 19 *ewenseuns mynheer hengelbel*
- 20 *in die guite skuit*
- 21 *is daar geen stronke*
- 22 *sodat hulle hul nie hoef te skuim*
- 23 *vier aardvodde beheewdes*
- 24 *skamel aardvarke*
- 25 *en mens misroer die drelle*
- 26 *vir kaskarrings of blonde tengerboere*
- 27 *of verdompelende looidiewe*

In "Koong Byten 1" (bl. 152) kom 'n ander tipe woordspel voor:

## **Koong Byten 1**

- 1 ekis di koon fan padysse
- 2 boome en vlogte
- 3 boeboe toorm wond
- 4 wa vlagte floep
- 5 in vlegsels wole
  
- 6 kwaakis kei fan gebiet
- 7 oopgatskiet in kopkwaart
- 8 waark uit mon-oond
- 9 orakel en kaak doer oer
- 10 dake en drake fan juise
- 11 waak manna en myse
- 12 naai onner lakkens foël luise
  
- 13 enneke skompel di nate
- 14 henhek skimmel di jate
- 15 want te keks di jeerser koei innie jimmel
- 16 boe hoer pô-pô paddarys

In Viljoen se beskouings oor die werk van Breytenbach (2014b:294-297) verwys sy na bogenoemde gedig as 'n buitengewone voorbeeld van 'n kriptografiese lesing soos wat John Shoptaw dit in die opstel "Lyric cryptography" verduidelik:

I think of cryptographic reading as part of a larger reading strategy I call *productive reading*. [...] The poet produces the poem; the productive reader reproduces its poetic economy. I mean by this term all the language, textually bound or not, and all the extratextual forces brought into play by the poem, not that we know them all. A poem is economical in that it excludes much more than it includes. By specifically, implicitly excluding them, a poem brings its cryptographs, among other things, into its economy (Shoptaw, 2000:223, kyk ook Viljoen, 2014b:294).

Viljoen (2014b:294) gee eers agtergrond oor die "topos van uitwissing" – 'n toepassing wat in postmodernistiese poësie aangewend word deurdat 'n woord uitgewis word deur daarvoor te skryf of dit te deurkruis ("material overwriting") of om virtueel bo-oor te skryf ("virtual overwriting") (Mc Hale in Viljoen, 2014b:294). Volgens haar is kriptogramme die spel met taal as 'n vorm van uitwissing. Shoptaw (2000:223) beskryf die kriptogram-konsep as volg:

I'll use the terms *crypt word*, *crypt phrase*, and *cryptograph* for verbal material recoverable from but not (wholly) present in the text and *marker* for the word(s) echoing or tracing this material on the page. Cryptographic reading is already widely, though unsystematically, practiced, and cryptographs often resemble what others would term puns or wordplays.

Die kriptogram is dus die woord of frase wat verberg word onder die woord wat in die teks staan; so 'n kriptogram word uitgewis wanneer die woord in die teks bo-oor dit geskryf is. Dit is vir die leser nodig om uit te pluus watter kriptogramme deur die woorde in die teks uitgewis is en ook op watter maniere dit omvorm is (Viljoen, 2014b:295).

Viljoen (2014b:295-296) het reeds die tipe woordspel in bogenoemde gedig van Breytenbach ontleed en vervolgens haar gewaarwordinge:

Dieselfde gebeur in Breytenbach se gedig: daar is sprake van weglating van letters ('Byten' vir Breyten, 'wole' vir wolke), die byvoeging van letters ('boome' vir bome, 'henhek' vir 'en ek'), weglating gekombineer met die byvoeging van letters ('Koong' vir koning), die verandering van letters tesame met die kombinasie van woorde ('padysse' waarin 'padys' kan verwys na Parys of paradys en dit gekombineer word met 'sel'), die skommeling van letters ('paddarys' vir paradys),

die kombinasie van woorde ('skompel' gevorm uit skommel, skel en mompel), ensovoorts. In sy geheel klink die gedig na 'n vorm van spot met iemand wat homself 'n koning waan, maar hom eintlik bevind in 'n gekkeparadys (die 'pô-pô paddarys' is dalk 'n verwysing na 'n 'pô-pô' of gek wat meen hy is in die paradys terwyl hy eintlik in 'n 'paddyssel' of sel is). Sy waan of delusie word gesuggereer deur die feit dat die merkers in die gedig eintlik verwringings van bestaande woorde (die kriptogramme) is.

Ander voorbeelde van morfologiese woordspel waarvan net die voorbeelde hier gegee word, is in Breytenbach se nuutste bundel *op weg na kû*, veral in afdeling 9 met die titel "die einder". [Interessant is die titel van afdeling 1 met 'n uitgebreide onderskrif, "METAFORISMES / met meta-aforismes, is-mos, / asem, meisies, messe, / metafore, sêmafore en maaifoedies", wat reeds "klank- en woordspel (en die betekenisspel wat daarmee gepaard gaan") aandui (Odendaal, 2019) asook afdeling 2 se titel "nagpsalms: WOKNAAKWYFWEESEID" wat juis sinspeel op Blum se gedig "Man wat mal word" (vergelyk bespreking onder paragraaf 3.3.1 in hierdie studie).]

Gedig "9.1 Bedroomde woordetal dinkdinge en uithoud (Die soetpoesiegedig)" (bl. 202) lyk soos volg:

### **9.1 Bedroomde woordetal dinkdinge en uithoud**

#### **(Die soetpoesiegedig)**

1	Aandlangs	Bergdenke	Charlatan	Ekstatika	Grafskryf
2	Afrikaans	Beweskrif	Cheapskyt	Fyndraaie	Grootong
3	Agterbaks	Bietjielê	Dagverval	Geneëndes	Grotgenot
4	Agterlate	Binnebut	Donkerlus	Glibdruif	Handsange
5	Aksiomaat	Buiteboek	Donkievye	Glimslang	Kerkerpen

6	Koïtussen	Maakmymak	Oplos-sing	Tel-tot-een	Volopmaan
7	Kommielfo	Maanvangs	Paddavies	U-is-my-huis	Voorbehou
8	Krokotril	Nagvertel	Skryfgate	Verspotig	Vuurskeur
9	Laatgangs	Omygenade	Skynkunde	Verwylder	Waanskink
10	Likkedoos	Oopverrot	Styweding	Voertseks	Waarnatoe
11			Waterhuis?		
12			Weerstand?		
13			Woordnaat?		
14			Skemeraantekeninge-		
15			Laatgaannalaatsels ...		

Hierdie gedig bevat 'n oorgroot aantal van nuutskeppings en laat 'n mens dink aan gedig "5" uit *Die windvanger* (vergelyk paragraaf 3.3.2 in hierdie navorsing) waar die leser die woorde op verskillende maniere kan lees, naamlik reël vir reël van links na regs, van regs na links, van bo na onder of van onder na bo. Alhoewel die titel van die gedig bespiegeling en drome suggereer, is dit weereens vir die leser nie deurgaans maklik om te verstaan of sin te maak van die woordspeling nie en kry 'n mens die indruk dat hier heelwaarskynlik lukrake woordspel plaasvind.

Ander voorbeelde van afwykinge in die bundel waarvan die betekenis meer sin maak, is woorde, soos: *k(o)ring* (bl. 59) wat "kring" en "koring" impliseer asook *o(o)rgasme* (bl. 59) wat "orgasme" en dalk 'n kombinasie van "oorgawe" en "entoesiasme" is. Op bl. 94 (gedig "5.5.2") is *(n)êrens* en *(n)iemand* wat terselfdertyd "nêrens" of "êrens" en "niemand" of "iemand" impliseer. *Verkleursoetjies* (bl. 127, gedig "6.14 die

verkleursoetjies") en *verkleursuutjies* (bl. 207, gedig "9.5") is nuutgeskepte samestellings van "verkleurmannelietjie" en "trapsuutjie".

Ander interessante nuutskeppings sluit onder meer in "binnensmondigheid" (bl. 159), "tjortssillabe", "oer-moer-godin" en "bergskoonmaakbetekeninge" (al drie op bl. 215). Kyk ook die gedig "9.4 die nagselfie 1" (bl. 205, 206) met 'n lys woorde aan die einde van die gedig:

<i>alfaap</i>	<i>nooitweerslaapnie</i>
<i>biesiebiesiebame</i>	<i>ogeluk</i>
<i>couillon</i>	<i>paddatuur</i>
<i>dansterdom</i>	<i>quark</i>
<i>éénblind</i>	<i>ruisinggang</i>
<i>fluisterplekferlange</i>	<i>sluimersang</i>
<i>genadefuik</i>	<i>tontelvonke</i>
<i>handehond</i>	<i>uitspelspansel</i>
<i>iewershier</i>	<i>venstervreugde</i>
<i>jydier</i>	<i>wiggelarywee</i>
<i>kontkenades</i>	<i>xenogamie</i>
<i>liefdesvlamme</i>	<i>ylylte</i>
<i>meervoudvoue</i>	<i>zenerkaart</i>

Opsommend van al die voorbeelde hier bo genoem, kan Breytenbach se werk gesien word as 'n kreatiewe spel met die wortels van die taal. Breytenbach verwys self in gedig "4.3", (bl. 72) na Celan en onderaan die gedig na "Nota 4.3.1" (op bl. 239 agter in die bundel). In laasgenoemde nota verwys Breytenbach na die vertaler Jean-Pierre Lefebvre

oor Paul Celan se werkswyse wanneer hy vertaling doen. (Kyk ook later in hierdie verhandeling (paragraaf 3.4) die verwysing na Paul Celan se tegnieke.)

Breytenbach se digkuns dui egter nie deurgaans op 'n morfologiese sistematiek nie omdat daar nie oral 'n morfologiese "logika" ter sprake is nie. Sou die leser dié woordspel teen die agtergrond van Dada-aksente in Breytenbach se vroeëre werk, (bv. die ikonoklasme in *Die ysterkoei moet sweet* (1964)) evalueer, is die "ophef van logika ... van alle hiërargieë ..." (Tristan Tzara in Cloete, 1992:62) ook in hierdie bundel teenwoordig en sluit dit aan by "die woord (wat) moes 'bevry' word van die dwang van sintaksis, logika en 'betekenis' waarmee die bourgeois intellek dit vervals het" (Biggsby in Cloete, 1992: 62). Hier is dus 'n dadaïstiese kleur te bespeur.

### **3.3.3 ee cummings (1894-1962)**

Die Amerikaanse digter ee cummings (1894-1962) was 'n kunstenaar wat reeds in sy leeftyd met die vrye-vorm van moderne poësie geassosieer is. Sy digkuns is universeel bekend vir vernuwende wyses waar hy op sintaktiese vlak individuele woorde in groter frases en sinne rangskik asook vir 'n tipografies uitbundige styl met woorde, dele van woorde of leestekensimbole wat ontbreek of op ongewone maniere ingespan word.

In 'n artikel wat in 1979 verskyn, skryf Cureton (1979:213) oor Cummings se digkuns wat afwyk van die aanvaarde norme van die taal en noem hy die onweerstaanbare uitdaging wat Cummings se poësie bied vir taalkundiges wat die estetiese benutting van taal analiseer, maar hy lê veral klem op die leemte wat hierdie taalkundiges, kritici en literatuurwetenskaplikes in hul studies oor Cummings se poësie laat. Alhoewel hierdie navorsers se bydraes handel oor die temas, beelde, visuele aanbieding en historiese en biografiese agtergrond van sy digkuns, faal hul volgens Cureton (1979:213) om Cummings se belangrikste poëtiese tegnieke, wat afwykende manipulasie van die morfologiese prosesse in Engels insluit, te verklaar, omdat hul studies nie fokus op die feitelike kennis of navorsing van die tegnieke nie. Hy noem wel Fairley (1975) se studie

oor die sintaktiese aspekte van Cummings se poësie as 'n welkome uitsondering op die reël.

Insgelyks, het Fairley ná 'n analise van Cummings se sintaktiese toepassings ook verskeie voorbeelde van Cummings se afwykende morfologie verskaf en genoem dat sy dit lastig vind:

In many of the above examples, Cummings is creating words with new meanings or expressing an old concept in a uniquely concrete or compact manner. Such formulations are not puzzling though in many instances it would be difficult to state concisely the meanings conveyed by these expressions (Fairley in Cureton, 1979:214).

Cureton wys steeds daarop dat die bestaande besprekings nie verklaar watter grammatikale prosesse Cummings oortree, watter effekte hierdie afwykings behels en hoe hy hierdie effekte gebruik om sy poëtiese boodskap oor te dra nie.

Volgens Cureton (1979:214) bevat Cummings se gedigte keer op keer voorbeelde van afwykende morfologie wat nie bloot 'n geringe element van sy poëtiese tegniek is nie, maar eerder 'n benutting is om die funksie van tradisionele poëtiese hulpmiddels, soos simboliek, die metafoor, personifikasie, semantiese verdigtings, estetiese persepsies, ensovoorts te verrig. Cureton noem dat daar genoeg beskikbare inligting soos die "aanvaarde gewoonte" van soortgelyke standaard grammatikas is om gevolgtrekkings oor Cummings se morfologie te maak en dat dit slegs ywer verg om die woorde uit sy totale korpus uit te lig en te katalogiseer. Hierdie proses van katalogisering is wat Cureton dan in sy studie doen (Cureton, 1979:215).

Eerstens sit Cureton uiteen watter grammatikale of semantiese manipulasies 'n leser moet kan verrig ten einde 'n interpretasie te kan gee vir 'n vorm wat afwykende morfologie behels. Hy vra die belangrike vrae: Wat behels standaardgebruik, of wat is die standaardnorm wanneer 'n spreker 'n afgeleide of fleksiemorfeem gebruik? Wat behou en wat verander 'n leser ten einde 'n interpretasie aan 'n afwykende vorm toe te ken?

Gevolgtlik noem hy die vier semantiese of grammatikale komponente wat Engelse afgeleide morfologie behels:

1. In standard usage, derivational affixes usually carry a meaning of their own (i.e., 'full of,' or 'not,' or 'over,' etc.). It is important to note that some affixes are polysemous – their meaning depending on the nature of the other components listed below.
2. Affixes are attached to a stem base which carried a lexical meaning. The meaning of the affix and the meaning of the base are combined to yield the meaning of the word.
3. In almost all cases, fairly strict semantic/grammatical selectional restrictions hold between the affix and the base. Some affixes only combine with verbs. Others only combine with nouns, and so forth. Importantly, these restrictions are often based on subtle, semantic distinctions.
4. Finally, the combination of suffix and bases usually produces a word in only one lexical category. Sometimes the affix preserves the lexical category of the base. Sometimes it alters it (Cureton, 1979:216).

Dus is daar vier veranderlikes wanneer 'n afwykende vorm ontleed word: die betekenis van die morfeem, die betekenis van die stam, selektiewe beperkings by die morfeem en stam asook kategoriese beperkings by die eindproduk van die individuele woord.

Cureton (1979:216) kom tot die gevolgtrekking dat die leser wat te doen kry met 'n woord wat morfologies "afwykend" gemanipuleer is, geneig is om die betekenis van die morfeem, die selektiewe beperkings by die stammorfeem en die kategoriese beperkings by die eindproduk van die woord ten koste van die woordbetekenis van die stam te behou. Hierdie gevolgtrekking is dan die stelling wat dien as grondslag vir sy redenasie en alhoewel dié hipotese sy intuïsie is, ondersteun hy dit met die volgende vier argumente:

1. Affix meanings are usually very simple. On the whole, they represent unitary, semantic primes which are very difficult to alter in a natural fashion. If a reader chose to alter the meaning of the affix (in order to assign an acceptable reading to the word as a whole), to what would he alter it?
2. The output category of the process is largely derivative. That is, if the affix meaning is 'not' and the selectional restriction is that the base be a noun, the output will mean 'not-

noun,' which, semantically, is a noun. The output category depends on the meaning of the affix and the category of the base and, therefore, cannot be manipulated independently.

3. The base-affix selectional restriction is based on strong, statistical frequencies and, therefore has a powerful base to drive an analogy (i.e., it tends to influence rather than be influenced). The existence of one (or even several) forms which violate this generalization about the relation between the meaning of the affix and the meaning of the base will only have exceptional status and will tend to be leveled. Contrary to many discussions of selectional restrictions, I am claiming that selectional restrictions are usually not violated. Rather, one of the related elements is altered so that the selectional restriction is satisfied (Cureton, 1979:216, 217).

(By punt 3, hier bo, brei hy verder uit met 'n verduideliking wat die verwarring omtrent die verwantskap tussen grammatikale afwyking en die poëtiese effek uitskakel. Hy noem die voorbeeld van die frase "Thomas's *a grief ago*" waar die leser nie die oortreding van die selektiewe beperking sal aanvaar nie en as "the last time that I grieved" sal interpreteer. Die begrip *grief* word 'n konsep wat ook as bywoordelike bepaling van tyd gebruik word, dit wil sê 'n konsep wat die selektiewe beperking tussen *ago* en die naamwoorde wat dit voorafgaan, handhaaf. Die verwantskap tussen *ago* en die bywoordelike bepaling van tyd, is parallel tot die verwantskap tussen morfeem en die stamme waarmee dit kan kombineer.) (Cureton, 1979:217).

4. The base concept is by far the most complex and ill-defined element in the process, and, consequently, it is most easily altered. Furthermore, all speakers of natural languages are expert craftsmen in the process of extending, contracting and transferring aspects of lexical meaning (e.g., slang, metaphor, semantic change, etc.) (Cureton, 1979:217).

Cureton onderskei nege groepe wanneer hy Cummings se morfologie ontleed en gee voorbeelde by elk. Vir hierdie studie word vier van die groepe bespreek ten einde 'n begrip van sy afwykende morfologie te kry en word die res slegs aangedui.

## Die voorvoegsel *un-*

In Engels is dit standaardgebruik om die prefiks *un-* as 'n negatiewe prefiks voor adjektiewe in te span (bv. *unwise* wat gewoonlik die teenoorgestelde beteken), of "not" (bv. *uninterrupted*). *Un-* kan ook as 'n privaatiewe prefiks ('n prefiks wat 'n "berowing" (*HAT*, 2015:1009) uitdruk) voor naamwoorde (bv. *unhorse*) gebruik word en as 'n omkeerbare prefiks ('n prefiks wat die betekenis "omdraai" (*HAT*, 2015:864)) voor werkwoorde (bv. *undo*) benut word.

Wanneer *un-* voor naamwoord-stamme gebruik word, verander dit die naamwoord in 'n werkwoord. In die ander gevalle hier bo word die kategorie nie geraak nie. Die enigste selektiewe beperkings is dat die woord sin moet maak; m.a.w. die toepaslike vorme moet konsepte weerspieël wat onderskeidelik negatiewe, onttrek en omgekeer kan word (Cureton, 1979:218).

Cummings wyk af van hierdie standaardgebruik. Hy gebruik *un-* as 'n negatiewe prefiks om naamwoorde te vorm (d.w.s. *unlove*). Hierdie voorbeeld is 'n afwykende woord, want in standaardgebruik kombineer *un-* slegs met naamwoorde om privaatiewe werkwoorde te vorm. Cummings het hier die adjektiverende stambetekenis van *un-* (d.w.s. "not") en die verbaliserende of adjektiverende stamkategorie-beperking (d.w.s. geen verandering in kategorie) gebruik om die leemte in Engels, dat daar nie naamwoorde met *un-* is nie, te benut (Cureton, 1979:221).

Verder span Cummings *un-* in as 'n omkeerbare of negatiewe prefiks om werkwoorde te vorm, byvoorbeeld *unteach* (omkeerbaar), maar *untouches* (negatief). Woorde soos *unteach* is afwykend omdat die konsep *teach* nie op enige gewone wyse omkeerbaar is nie; dit het die adjektiverende stambetekenis van *un-* met 'n werkwoordstam.

In teenstelling met die bogenoemde twee groepe is die *un-* met adjektiverende stamvorme grammatikaal en semanties goed gevorm. Die woorde is egter steeds afwykend, omdat Cummings stamme aanbied wat al reeds 'n antoniem bevat (met 'n ander morfologies uiteenlopende stam). Hy eien woorde toe, soos *unalive* en *unbig* terwyl daar reeds antonieme daarvoor (*dead* en *small*) is. Dié woorde is nie

onaanvaarbaar omdat dit ongrammatikaal is nie, maar omdat dit oorbodig is (Cureton, 1979:221).

Cureton (1979:222) benadruk die effek van hierdie manier van doen as 'n belangrike tematiese hulpmiddel. Cummings verheerlik die spirituele, unieke, brose, tydlose, mooi en supra-fisieke bo die bloot fisieke, materialistiese, alledaagse, reproduseerbare, wetenskaplike, prosaïese en politiese. Cummings benut ook die Engelse morfologie om te sê: waar die normale mens een ding sien (bv. "the world, life, man"), sien hy as digter twee duidelike ryke (bv. "the world and the unworld, life and unlife, man and unman").

Hy skep ook kragtige konseptuele effekte. Onder normale omstandighede is byvoorbeeld *being* en *existing* statiewe konsepte ("stative concepts"), dit wil sê konsepte wat "stilstaande" is of "in 'n toestand van rus bly" (HAT, 2015:1247) en nie aksies is wat 'n persoon bewustelik moet uitvoer, aan deelneem of skep nie. Woorde, soos *unbe* en *unexist* daarenteen, dwing die leser om die dinamiese aard van die menslike bestaan te sien (d.w.s. dit dwing die leser om 'n wêreld te skep waar *being* en *existing* omkeerbare aksies is) (Cureton, 1979:223).

### Suffiks *-ingly*

'n Ander manier waarop Cummings 'n selektiewe beperking in die morfologie ontgin om 'n poëtiese effek te verkry, is om die benutting van die *-ingly*-bywoord sy eie te maak. Die *-ingly*-bywoord van wyse is uit 'n werkwoordstam gevorm, die teenwoordig-deelwoordvormende suffiks *-ing* en die bywoordelikvormende suffiks *-ly* (Cureton, 1979:224).

Die standaardprosedure in Engels is die proses waar werkwoorde omgeskakel word na die *-ly*-bywoorde van wyse op 'n teenwoordig deelwoordvormende wyse. Cureton (1979:226) gee voorbeelde in Engels:

- a) He insults his audience. (verb)
- b) His insulting speech ... (adjective)

c) He spoke insultingly. (adverb)

Bogenoemde proses is egter nie van toepassing op alle werkwoorde nie. Cureton (1979:226) dui aan:

a) The man kneels to pray.

b) The kneeling man prays.

c) The man prays kneelingly.

'n Belangrike faktor in die omskakeling van die adjektiewe wat gebruik word as deelwoordelike funksie na bywoorde van wyse is die graderingsvermoë van die adjektiewe wat aangebied word. In Engels is daar net 'n paar adjektiewe wat nie-gradeerbaar is, maar belangrik is dat baie min deelwoorde gradeerbaar is en dat slegs dié wat wel is, deur middel van die *-ly-*suffiks na bywoorde omgeskakel kan word. Vanuit die selektiewe beperking tussen die deelwoordstam en die *-ly-*suffiks blyk dit dat die adjektiefstam gradeerbaar moet wees (Cureton, 1979:227).

Weereens gebruik Cummings nie die standaardprosedure nie; hy neem die *-ingly-*bywoorde, maar dié bywoorde is bykans almal afgelei van nie-gradeerbare adjektiewe wat gebruik word as deelwoordelike funksie, byvoorbeeld "The very kneeling dusk" (Cureton, 1979:227), tog is "The kneeling dusk ..." (as die personifikasies ignoreer word) grammatikaal korrek. Die gevolg is dat hy dit as tegniek inspan as draer van die digterlike metafoor. Elke keer wanneer Cummings 'n bywoord van 'n nie-gradeerbare stam skep, dwing hy die leser om die betrokke adjektief te gradeer en beoog hy as't ware dat die leser 'n wêreld moet skep waarin frases, soos "the kneeling dusk" moontlik is.

### Suffiks *-fully*

Nog 'n tegniek wat Cummings aanwend, is die benutting van die bywoord, *-fully*, gevorm van 'n naamwoord (bv. *carefully*), of werkwoordstam (bv. *forgetfully*), die adjektiverende suffiks *-ful* en die bywoordelikvormende suffiks *-ly* (Cureton, 1979:228).

Onder normale omstandighede in Engels is daar twee komplementêre suffikse: *-y* en *-ful* wat werkwoord- en naamwoordstamme omskakel na adjektiewe met 'n betekenis van "having X" of "full of X" (Cureton, 1979:228, 229) waar die werkwoord of naamwoord die leegte vul. Op betekenisvlak is daar die veralgemening dat *-ful* gebruik word vir stamme wat na gemoedstoestande verwys en *-y* na nie-gemoedstoestande.

Cummings gebruik die *-ful*-suffiks met nie-gemoedstoestandelike-adjektiewe en skakel dit dan om na bywoorde via *-ly*. Deur hierdie beperking te gebruik, sou 'n mens die volgende kon voorspel: "the birdy darkness", maar dit veronderstel egter 'n verdere stap wat "the birdful darkness" insluit (Cureton, 1979:230, 231).

Hierdie bogenoemde vorme is in die algemene aard onaanvaarbaar omdat dit die gemoedstoestandelike selektiewe beperking tussen *-ful* en die naamwoordstam oortree. Aangesien die *-ful*-suffiks vereis dat sy naamwoordstam 'n konsep van 'n gemoedstoestand moet wees, dwing Cummings die leser met 'n woord, soos *mistfully*, om die naamwoord te verpersoonlik, dit wil sê om 'n wêreld te bedink waar "mist" 'n gemoedstoestand is. Hierdeur openbaar Cummings sy sensitiwiteit vir grammatikale afwyking (Cureton, 1979:231).

### Suffiks *-lessly*

Cummings kies *-lessly*-bywoorde wat gevorm is van 'n naamwoord, die adjektiverende suffiks *-less* en die bywoordelikvormende suffiks *-ly*. In normale omstandighede is daar, anders as by *-ful* en *-y*, nie 'n gevoeligheid in die onderskeid tussen gemoedstoestand en nie-gemoedstoestand by die suffiks *-less* nie; terwyl *-less* as antoniem vir *-ful* en *-y* kan funksioneer, is die ooreenstemming tussen die affikse oneweredig, byvoorbeeld

"having"

"lacking"

-y

-ful

(-ous)

-less

Gevolgtlik vind 'n mens pare van "cloudy-cloudless, harmful-harmless, gracious-graceless." Die selektiewe beperkings wat met -y en -ful gepaard gaan, is nie van toepassing op die analise van -less nie (Cureton, 1979:232).

In Cummings se gedigte is vorme, soos "crylessly" en "banglessly" (Cummings, 1972: 661, 797) afwykend, want albei is deur "noiselessly" genoodsaak. (Beperkings op die gebruik van -less blyk streng pragmaties te wees omdat -less-adjektiewe menigmaal beperk word tot die spesifieke kenmerke van die onderliggende stamme. "Noiseless" bestaan, maar "cryless" en "bangless" nie.)

Volgens Cureton (1979:233) is dit nog 'n ongewone manier van Cummings om die morfologie in Engels aan te wend om die aantal onderskeie konsepsies wat beskikbaar is, te verhoog.

Ander voorbeelde van Cummings se morfologiese spel word verder breedvoerig deur Cureton (1979:233-244) uiteengesit en behels nóg woordvorming met die suffiks -ly, omvormings met voornaamwoorde, werkwoorde, funksiewoorde (die rol wat 'n woord in sinsverband vervul, soos onder meer demonstratiewe, ondergeskikte voegwoorde, onbepaalde voornaamwoorde, ensovoorts) en kwantifiseerders.

Cureton (1979) se navorsing bewys dat Cummings op 'n sistematiese wyse te werk gaan in sy afwyking van die morfologie en hy benadruk die doel van Cummings se werkswyse, naamlik om tradisionele poëtiese funksies, soos die metafoor, persoonifikasie, 'n estetiese persepsie, poëtiese verwysing en semantiese verdigting, uit te voer:

The poetic effects of morphological deviation involving affixation are primarily a result of the reader's attempt to modify the lexical meaning of the base to satisfy the affix-meaning and the affix-base selectional restrictions. Selectional restrictions are broken only with respect to normal

usage. [...] it can be shown that Cummings used the morphological processes of English in a highly systematic manner to perform traditional poetic tasks of metaphor, personification, poetic reference, aesthetic perception, semantic compression and universal statement (Cureton, 1979:243,244).

Cummings se eie woorde hieroor word aangehaal:

[...] at least my theory of technique, if I have one, is very far from original; nor is it complicated. I can express it in fifteen words, by quoting The Eternal Question and Immortal Answer of burlesk, viz. 'Would you hit a woman with a child? – No, I'd hit her with a brick.' Like the burlesk comedian, I am abnormally fond of that precision which creates movement (Cummings in Cureton, 1979: 243).

### **3.3.4 Meertalige kodewisseling in "Quebec Rap"**

Soos reeds in paragraaf 3.1 genoem, is die meertalige kodewisseling wat "Quebec Rappers" gebruik nog 'n vorm van 'n tipe woordspel waar daar afgewyk word van die aanvaarde norme.

In hul navorsing oor meertalige kodewisseling in die "Quebec Hip-Hop" genre noem Sarkar en Winer aan die hand van Keyes (in Sarkar en Winer, 2006:174) die verskillende kulturele vorme wat Hip-Hop omvat en dit sluit graffiti, "breakdancing" en rapmusiek in. Volgens Rose (in Sarkar en Winer, 2006:174) is Rap 'n vorm van "rhymed storytelling accompanied by highly rhythmic, electronically based music".

[Klopper (2017:20) tref die onderskeid tussen Hip-Hop en Rap en skryf: "rap is hip-hop, maar hip-hop is nie slegs rap nie" wanneer sy vir Williams aanhaal: "Hip hop subsumes rap, but hip hop does not mean only rap music" (Williams in Klopper, 2017:20).]

Sarkar en Winer (2006:179) ondersoek die musikale produksies van Hip-Hop en meer spesifiek die lirieke en vind dat "Quebec Rappers" se lirieke uniek is in die sin dat kunstenaars binne 'n veeltalige en veelrassige jeuggemeenskap met gemak en op 'n vinnige wyse kodewisseling tussen drie, vier of selfs meer tale en taalvariëteite in een

enkele lied toepas. Dit sluit kodewisseling in een reël of sin, van een reël na die ander asook tussen strofes in dieselfde lied in (Sarkar en Winer, 2006:178).

Verder wys hul op die verskil tussen kodewisseling wat in die lirieke van liedjies voorkom (wat in hul studie relatief nuut is) en kodewisseling in spontane gesprekke (waaroor daar volgens hulle al verskeie studies gedoen is). Hier verwys hul na 'n studie deur Bentahila en Davies (in Sarkar en Winer, 2006:178) wat aandui dat die verskil te maak het met die feit dat lirieke nie intiem en spontaan soos 'n gesprek is nie en nie net bedoel is vir een persoon of 'n klein groepie wat aan die spreker bekend is nie.

Sarkar en Winer (2006:173) se navorsing fokus op nege CD's wat in 1999-2003 uitgereik is (kyk diskografie op bl. 164 in hierdie studie) en hul ontleed die lirieke na gelang van hul funksies ten opsigte van pragmatiek (bv. die rapper se eie handtekening of stempel en aanspreekvorme), poëtika (die fasilitering van interne rym) en die uitvoering of weerspieëling van veelvuldige identiteite. Hul ondersoek die oorsprong van die leksikale item, die tipe wisseling (bv. leksikaal, morfologies, sintakties, fonologies ens.) en die funksie van die diskoers (bv. die aandag wat dit trek en rym).

In hul studie dui hul die volgende tale en taalvariëteite aan wat die "Quebec Rap"-kunstenaars met Frans as die basistaal vermeng en benut:

#### Variëteite van Frans

1. Standaard Quebecse Frans
2. Nie-standaard Quebecse Frans
3. Europese Frans

#### Variëteite van Engels

4. Standaard Noord-Amerikaanse Engels
5. Afro-Amerikaanse Omgangstaal Engels
6. Hip-Hop sleutelwoorde

## Karibiese Kreools

7. Haïtiaanse Kreools

8. Jamaikaanse Kreools

## Ander tale

9. Spaans

Vir hierdie studie is dit interessant om kortliks na die funksies van leksikale kodewisseling en spesifiek na rym as poëtiese funksie in Sarkar en Winer (2006:182) se navorsing te kyk.

Rym is volgens hulle die treffendste van die raplirieke en omdat luisteraars nie altyd al die woorde verstaan nie, is die rym ook merkbaar en toeganklik (Sarkar en Winer, 2006:184). Keyes (in Sarkar en Winer, 2006:184) konsentreer op die tegniese kompleksiteite van 'n goeie rapliriek, naamlik dat die teks 'n ritme moet volg en daar 'n vloei moet wees. Hierdie "tyd" of vloei word bewerkstellig deur die benutting van rym aan die einde van 'n reël asook in die reël. In "Quebec Rap" is die moontlikhede van rym en die struktuur wat dit skep soveel meer omdat daar as gevolg van woordspel deur kodewisseling in al bogenoemde tale en taalvariëteite 'n eindproduk geskep word wat 'n kompakte rymgebruik tot gevolg het.

Hier is spesifieke voorbeelde wat hul aandui om die rym met gepaardgaande kodewisseling te verduidelik:

### Voorbeeld 1 (MC Dramatik van die groep Muzion)

"Et **blow yo**, quand le système est **loco** t'entends les sirènes des **popos**"

(In Engels: "And blow yo, when the system's crazy you hear the cops' sirens") (Sarkar en Winer, 2006:185).

Bogenoemde rymsillabe is "/o/". Dit kom ses keer in vier woorde voor. Alhoewel die uitgespreekte ketting van woorde in 'n Franse milieu is, is nie een van hierdie woorde waarin die sillabe voorkom in Frans (die basistaal) nie; drie verskillende tale waarvan die een (Engels) twee variëteite insluit, word hier ingespan om te rym en sodoende 'n kragtige, maar vloeibare ritme te skep (Sarkar en Winer, 2006:185).

*Et ... quand le système est ... t'entends les sirènes des ...* = Standaard Quebecse Frans

*blow* = Standaard Noord-Amerikaanse Engels

*yo* = Afro-Amerikaanse Omgangstaal Engels

*loco* = Spaans

*popos* = Haïtiaanse Kreools

Hier word woordspel deur die wisseling tussen verskillende tale ter wille van die interne rymskema toegepas.

### Voorbeeld 2 (Rapper Sans Pression)

"Ç'a vite switché: dix-sept ans, deux kids, obligé de dealer un shit every day"

(In Engels: "Fast switch: 17 years, 2 kids, had to deal some shit every day") (Sarkar en Winer, 2006:185).

Bogenoemde rymsillabe is "/e/" en kodewisseling geskied tussen die volgende verskillende tale en variëteite:

*Ç'a vite ... dix-sept ans, deux ... obligé de ... un ...* = Standaard Quebecse Frans

*switché, dealer, shit* = Nie-standaard Quebecse Frans

*kids, every day* = Standaard Noord-Amerikaanse Engels

### Voorbeeld 3 (Dramatik)

“Un Al Capone **clean** d’un cypha trop **mean**”

(In Engels: “A clean Al Capone from a real mean cypher”) (Sarkar en Winer, 2006:185).

In hierdie voorbeeld is die twee doelbewuste wisselings na Engels funksioneel en laat dit die werking van die rymsillabe “/in/” toe, byvoorbeeld:

*Un Al Capone ... d’un ... trop ...* = Standaard Quebecse Frans

*clean, mean* = Standaard Noord-Amerikaanse Engels

*cypha* = Hip-Hop sleutelwoord

### Voorbeeld 4 (Female rapper J. Kyll)

“Go away, neg pa **lave**, pafume**e**, no way!”

(In Engels: “Go away, black who’d rather wear perfume than wash, no way!”) (Sarkar en Winer, 2006:185).

Hierdie reël bevat geen Franse woorde nie alhoewel dit deel is van ‘n lied waarvan Frans die basis is:

*Go away ... no way!* = Standaard Noord-Amerikaanse Engels

*neg pa lave, pafume* = Haïtiaanse Kreools

Die rymsillabe “/e/” in voorbeeld 4 verskyn vier keer (“away”, “lave”, “pafume”, “way”) in kompakte rymgebruik. Die Engelse frases “Go away” en “no way” word aangewend om die sanger se boodskap van minagting vir die aangesprokene se persoonlike gewoontes (Haïtiaanse Kreoolse gedeelte in die middel van die reël) in te bed en te beklemtoon deur dit aan die begin en aan die einde van die reël te plaas (Sarkar en Winer, 2006:185).

### Voorbeeld 5 (Muzion)

“Hey, yo, uno. Teste moi pas, puto. Flow, c’est mon boulot. Phat comme un sumo, mes mots tranchent comme un couteau. Nouveau standard, j’emmène avec D et J. Ko. Pas d’égo que des échos: Les mc’s bite mon steelo.”

(In Engels: “Hey, yo, first. Don’t test me, whore m. To flow, it’s my job. Phat like a sumo, my words cut like a knife. New standard, I’m bringing it with D and J. Ko. No ego except echoes: the mc’s steal my style.”) (Sarkar en Winer, 2006:185).

Hierdie voorbeeld is ‘n langer frase wat uit die eerste paar reëls van ‘n lied van die groep Muzion bestaan. Die rapper, genaamd Impossible, spog in hierdie lied met sy en sy groep se vaardigheid. Die ander lede van die groep is Dramatik (vandaar die “D”) en J. Kyll (“J. Ko” – so afgekort om doelbewus die klankpatroon te verander om te rym). Hy verkleineer sy teenstanders wat “sy styl wil steel” (Sarkar en Winer, 2006:185).

Kodewisseling word hier benut en die rymende lettergreep “/o/” word vir ‘n langer frase volgehou deurdat dit dertien keer voorkom:

*yo* = Afro-Amerikaanse Omgangstaal Engels

*uno, puto, steelo* = Spaans

*flow* = Standaard Noord-Amerikaanse Engels

*boulot* = Europese Frans

*sumo, mots, couteau, nouveau, J. Ko, égo, écho* = Standaard Quebecse Frans (*mots* en *nouveau* val ook onder Europese Frans)

Die rym word deur meertalige kodewisseling op ‘n hoë gevorderde wyse sistematies toegepas.

## Voorbeeld 6

Rapper Impossible, (soos by voorbeeld 5 genoem) neem sy vaardigheid in rym nog verder deurdat hy dubbele en selfs drievoudige rym toepas. In die onderstaande frase wissel hy twee keer na Engels sodat hy die rymende reëlfinaal met drie vokale in volgorde “/o i a/” vier keer kan herhaal (Sarkar en Winer, 2006:186)

“Ton âme c’est ton égo qui l’a

Allez, joue pas les gros killas

Le vrai, vrai, vrai négro qui est là

On veut m’injecter des maladies comme un gorilla”

(In Engels: “It’s your ego that possesses your soul / Go on, don’t play the big killers / The real, real, real, negro who’s there / They want to shoot me full of disease like a gorilla.”)  
(Sarkar en Winer, 2006:186).

*killas, gorilla* = Standaard Noord-Amerikaanse Engels

Met bogenoemde voorbeelde in ag geneem, is dit duidelik dat Montreal-rappers woorde spesifiek en sistematies kies, hetsy vir die rympotensiële of vir semantiese waarde, met die hoofdoel om ritme in hul lirieke te bewerkstellig. Vir hierdie woordspel maak hul gebruik van ’n poel van woorde uit ten minste vier verskillende tale en hul variëteite en pas hul meertalige kodewisseling toe; somtyds in een reël of sin, van een reël na die ander, maar ook tussen langer strofes in een enkele liedjie.

Vanuit ’n linguistiese-sosiolingwistiese konteks kan die afleiding gemaak word dat Quebec se jeug op dié wyse amptelike definisies van etniese en spraakgemeenskappe op ’n nuwe manier uitdaag (Sarkar en Winer, 2006:173).

Alhoewel nie direk nie, vind ’n mens hierdie werkswyse indirek in die lemmas by Krog en word kodewisseling in hierdie verhandeling genoem ter agtergrond en konteks al is dit nie die fokuspunt van die studie nie.

Buiten kodewisseling is daar ook ander tegnieke wat digters inspan om 'n taal te verander of transformeer om 'n boodskap oor te dra.

### 3.4 Paul Celan (1920-1970) se tegnieke

Paul Celan (gebore in 1920 as Paul Antschel in Czernovitz in Roemenië) is 'n digter en Holocaust-oorlewende uit 'n Joodse familie. Beide sy ouers het as Jode in Nazi-kampe gesterf. Celan het aanvanklik medies in Parys studeer, maar weens die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het hy teruggekeer na Roemenië waar hy later as vertaler by 'n uitgewersmaatskappy gewerk en nog later skrywer geword het. Vanaf 1959 tot met sy afsterwe in 1970 het Celan as lektor in die Duitse Taal en Literatuur by L'École Normal Supérieure aan die Universiteit van Parys gewerk.

Alhoewel Celan reeds op 'n jong ouderdom verskeie tale kon praat, het hy op aandrang van sy ma Duits gepraat en ook in Duits geskryf. Aan die eenkant het hy 'n weersin gehad in dié taal omdat dit die taal van sy ma se moordenaars was, maar aan die anderkant was daar ook 'n liefde vir Duits omdat dit sy moedertaal was. Hy skryf veral vanaf 1959 korter gedigte wat meer gefragmenteerd is en skep as't ware 'n vreemde taal deur sekere tegnieke te gebruik om woorde op te breek en nuwe woorde te vorm om iets medemensliks daaruit te kry. Dit het tot gevolg dat sy poësie meer kripties en monosillabies geraak het (Poetry Foundation, 2017).

Antjie Krog maak kennis met dié einste tegnieke tydens haar verblyf in Duitsland en maak dit haar eie nadat sy saam met Michael Fried (kunshistorikus en digter) privaatonderrig oor die werk van Celan ontvang en van sy gedigte vertaal. In 'n onderhoud met Louis Esterhuizen (2014) noem sy hierdie tegnieke (voorbeelde uit die bundel *Selected Poems* (1996) deur Paul Celan):

- Innoverende neologismes
- Ongewone samestellings, soos *weltblind*, *mondspiegel*, *seelenhell*, *gebetscharfen*, *silben-mole*, *Herzhammersilber*, *strahlenwind*, (Celan, 1996:122, 178, 186, 202, 212, 238).

- Om ou woorde nuut te maak, byvoorbeeld die woord *ichten* (reël 8) in die gedig "EINMAL" (Celan, 1996:278) wat dui op 'n werkwoord in die verlede tyd, gevorm uit die persoonlike voornamaamwoord *ich* ("ek"). (Kyk addendum op bl. 165 in hierdie studie.)
- Morfologiese afwykinge
- Die verandering van een letter wat 'n hele woord verander, byvoorbeeld "'Mach den Ort aus, machs Wort aus'. Deur middel van die enkele letter 'w' word 'plek/oord' 'woord'; 'Gedicht word Genicht'" (Krog in Esterhuizen, 2014).
- Die gebruik van foutiewe voor- en agtervoegsels.
- Grammatikafoute,
- verbuigings te verander en
- oorbekende of "besmette" woorde oop te breek en te destabiliseer.

Krog noem 'n ander voorbeeld waar Celan die woord "Menschen" in die gedig "RAUST DER BRUNNEN" (Celan, 1996:186) hanteer: "mit den Men, mit den Schen, mit den Menschen, ja das / mit dem Gestrüpp und mit / dem Augenpaar" en volgens haar sluit Celan aan by Levinas waarin "die oë van die ander die mensheid van die self na vore roep: 'Ich suchte dein Aug, als du's aufschlugst und niemand dich ansah'" (Celan, 1996:76); ook in "'Du schlugst die Augen auf – ich sehe mein Dunkel leben.'" (Celan, 1996:80). Die digter-spreker dui aan dat die navorsing in Afrika filosofie die verskil tussen Afrika en Europese denke uitwys, byvoorbeeld dat die "jy" veelvuldig is soos ook die "ek" (Krog in Esterhuizen, 2014).

Ander tegnieke wat Celan gebruik, is

- Kontinuiteit: die bywoord *eng-* in die eerste lettergreep van die gedig met die titel, "Engführung" (Celan, 1996:140) wat in Engels "narrow, cramped" beteken en in 'n vroeëre gedig, "Todesfuge" (Celan, 1996:62) in reël 4 voorkom: *da liegt man nicht eng* ("there you don't lie cramped") (George, 1997).
- Spel met sillabes en klanke: "Tiefimschnee, / Iefimnee, / I-i-e." (Celan, 1996:240). George (1997) beskryf die spel: "the breaking up of thought and word into their

component syllables and sounds, on the surface a whimsical gesture, hides deep and unspoken resistance to the accepted ways of communication.”

Krog gebruik soortgelyke tegnieke in die laaste afdeling van *Mede-wete* en dit word later in hierdie studie bespreek.

Opmerklik is ’n ooreenkoms tussen die twee digters se taal: albei is deur geweld aangetas en gestigmatiseerd – Krog s’n deur die apartheidsregime en Celan s’n deur die Holocaust. Krog is ook op soek na iets medemensliks en wil soos Celan haar taal transformeer om, soos sy dit stel: “’n moontlike bestaan van Afrikaans-wees van een-in-veelheid met die ander” te bewerkstellig (Van Vuuren, 2014).

### **3.5 ’n Majeur- en mineurtaal**

Waar Krog tegnieke gebruik wat morfologies afwyk van die gewone vorme, maak Marlene van Niekerk in haar bundel *Kaar* (2013) op ’n soortgelyke wyse van verskillende variëteite van Afrikaans gebruik om die taal te vervorm.

In ’n artikel waarin Pieterse (2017:375) die variasie en variëteite van Marlene van Niekerk se taalgebruik in haar bundel *Kaar* ondersoek, verwys hy na Deleuze en Guattari se sienings omtrent ’n dominante majeuretaal (wat deur die onderdrukker en ook deur ’n onderdrukte minderheid gepraat word) en ’n mineurtaal. Die mineurtaal ontstaan wanneer die majeuretaal “gedeterritorialiseer” word deurdat grammatikale foute en verandering van aksente die taal vervreem, maar tog ook “vernuwe”. Stander (2012:30) verwys ook na ’n majeure- en mineurtaal in ’n studie oor *Die sneeuslaper* (2010) van Marlene van Niekerk. Stander verwys na Deleuze en Guattari se publikasie *Kafka: toward a minor literature* en maak die opmerking dat ’n mineurtaal dieselfde “konsonante, klinkers en woordeskat” as die majeuretaal gebruik, maar dat dit verskillend aangewend word. Volgens Stander pas Van Niekerk ook hierdie tegniek toe en behels dit ’n “strategiese losmaak van die oue”.

Van Niekerk wend verskillende variëteite van Afrikaans in *Kaar* aan (Pieterse, 2017:372) en Krog skep in *Mede-wete* nuwe woorde of vervorm en verwring bestaande woorde om Afrikaans as dominante taal te deterritorialiseer. Stander (2012:112) kom in haar studie oor Van Niekerk se *Die sneeuslaper*, waarin die skrywer dieselfde mineurtaal as in *Kaar* skep, tot die slotsom dat die "stottering van Afrikaans" die gevolg kan wees van 'n taal wat politieke druk ervaar. Deur 'n nuwe taal te skep, voorkom Van Niekerk dat die taal stagneer, maar wel eerder dinamies voortleef. Dit stem ooreen met wat Helize van Vuuren (2014) oor die laaste afdeling van *Mede-wete* sê:

Die taal as poëtikale voertuig van hierdie bewussynsveranderende, etiese en revolusionêre doel sien Krog as 'n nuwe begin met 'n 'vuurvarende sinaps', met opheffing van die skeiding 'julle/ons' in 'n eenwordende neologistiese 'ons'le' ('sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas', bl. 114).

Stander (2012:112) se gevolgtrekking, naamlik "die stottering van Afrikaans" as gevolg van politieke druk, toon 'n ooreenkoms met Krog se laaste vier gedigte waarin sy, net soos Van Niekerk se "stottering", die gevolg van politieke druk op Afrikaans ervaar en dan deur die skep van nuwe woorde die taal vernuwe.

Die gevolgtrekking is dat beide Krog en Van Niekerk soortgelyke tegnieke gebruik om die taal te vervorm en 'n mineurtaal te skep wat aan die skrywers 'n platform bied om hul opinies oor politiek-georiënteerde onderwerpe te lug en 'n hele groep mense te kan verteenwoordig (Stander, 2012:41). Pieterse is van mening dat "net soos die doel van die mineur in musiek is om die refrein – die konstante in musiek – te deterritorialiseer, is die doel van mineurliteratuur om die konstante in taal te laat varieer" (Pieterse, 2017:377).

Mineurletterkunde verg 'n talent wat nog deur min skrywers beoefen is ('n opinie wat ooreenstem met pogings deur slegs enkele skrywers, soos Marlene van Niekerk, Antjie Krog, Breyten Breytenbach en Peter Blum in die Afrikaanse letterkunde).

### 3.6 Samevatting

Uit die vergelykingsbasis van plaaslike digters soos Blum en Breytenbach asook 'n internasionale digter soos ee cummings en die kunsvorm van "Quebec Rap", is dit opvallend hoe kreatief hul is met die eksperimentering van tegnieke om woorde te verander, vervreem en te omvorm.

Plaaslik sluit Blum se geslaagde eksperimentele tegnieke strategieë in soos "ontlenings aan verskillende tale", "die uitbuiting van woordmeerduidighede" 'n soort beeldspraak "wat verskillende ervaringswêrelde in een gedig kan betrek" en "woordskepping volgens verskillende prosesse" (Odendaal in Van Coller, 2015:374) terwyl Breytenbach van morfologiese omvormings, nuutskeppings en die spel met taal as 'n vorm van uitwissing gebruik maak (Viljoen, 2014b:295-296).

Dit is opmerklik dat Blum sistematies met onder meer morfologiese, semantiese en sintaktiese verwringings omgaan; selfs in 'n gedig soos "Man wat mal word" (wat as 'n proses van psigose beskou word) span hy woorde en nuutskeppings in wat die disintegrasie van die malman verwoord (Colin, 2016:188).

Breytenbach gebruik ook verskillende tegnieke soos hier bo genoem, maar in sy geval dui die woordspel nie altyd op 'n morfologiese sistematiek nie omdat morfologiese "logika" ontbreek.

Die internasionale digter ee cummings gebruik nie die standaardprosedure in Engelse morfologie nie, maar daar is 'n merkbare sistematiek in sy afwyking daarvan met die doel om die funksie van tradisionele poëtiese hulpmiddels, soos simboliek, die metafoor, personifikasie, semantiese verdigtings, estetiese persepsies, ensovoorts te verrig (Cureton, 1979:214).

In die "Quebec Hip-Hop" genre kies "Quebec Rappers" woorde spesifiek en sistematies vir rymptensiaal of semantiese waarde met die hoofdoel om ritme in hul lirieke te bewerkstellig (Keyes in Sarkar en Winer, 2006:184).

Die tegnieke van Celan behels neologismes waarin ou woorde nuut gemaak word; hy benut morfologiese afwykinge om byvoorbeeld deur die verandering van een letter 'n hele woord te verander, foutiewe voor- en agtervoegsels te gebruik, grammatikafoute te maak, verbuigings te verander en oorbekende woorde oop te breek en te destabiliseer (Krog in Esterhuizen, 2014).

In 'n taal wat politieke druk ervaar, gebruik Van Niekerk en Krog soortgelyke tegnieke in Afrikaans (onderskeidelik verskillende variëteite en morfologiese vernuwing) in 'n "strategiese losmaak van die oue", waar dieselfde "konsonante, klinkers en woordeskat" van die majeuretaal gebruik word en wend dit verskillend aan in 'n mineurtaal (Stander, 2012:30). Die doel van die mineurtaal is om die "konstante in taal te laat varieer" (Pieterse, 2017:377).

Met bogenoemde kennis as agtergrond word daar in die volgende hoofstuk gefokus op die woordvormingsprosesse wat Krog in die digterlike korpus van *Mede-wete* gebruik.

## HOOFSTUK 4

### MORFOLOGIESE SISTEMATIEK IN “VIER POGINGS IN LINGUISTIESE SINAPS-OPSPORING”

#### 4.1 Inleiding

Soos reeds genoem, is die digterlike korpus in *Mede-wete* 'n gedigreeks wat uit vier gedigte bestaan waarvan die titel, “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing”, impliseer dat Krog vier pogings (gedigte) aanwend om deur die taal 'n konneksie met die A/ander te vind. 'n Woordelys met 'n totaal van 196 neologismes uit die laaste afdeling word in paragraaf 4.2.4 verskaf.

In 'n studie deur Van Niekerk en Jenkinson (2004:173-190) oor innoverende taalgebruik (neologismes en geleentheidskeppings) in die media, is voorbeelde versamel van spesifiek tydskrifadvertensies, promosie-artikels en berigopskrifte in Afrikaanse en Engelse koerante. Hierdie voorbeelde is op grond van hul semantiese ondeursigtigheid, moontlike latere opname in die linguistiese leksikon asook hul morfologiese ontleedbaarheid versamel en dit blyk dat “al die verskillende subdissiplines van die linguistiek 'n integrale rol speel in innoverende woordeskatuitbreiding” (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:174). Oor nuutskeppings skryf hul onder meer: “Woorde is taalnormbehoudend (reëlgehoorsaam) wat betref die woordboupatrone; kanonieke verhouding wat betref die saak, vorm en betekenis van die semiotiese samehang (komposisionaliteit speel 'n rol in die semiotiese samehang van komplekse woorde)” (Van Niekcker en Jenkinson, 2004:187).

Volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* is daar minstens twee maniere waarop leksikale items ontleed kan word. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar, met bogenoemde inligting ter agtergrond, met verteenwoordigende voorbeelde uit die laaste afdeling in hierdie hoofstuk suiwer morfologies te werk gegaan volgens 'n siftingsproses, gelei deur Combrink (1990:53-58) se woordvormingsreëls. Die betekenis binne die konteks van die gedig word egter ook betrek; daarom is 'n morfologiese ontleding onmoontlik sonder 'n semantiese ontleding. Hoofstuk 4 fokus op die

morfologiese analises met basiese semantiese ontledings en uitvoerige semantiese ontledings met betrekking tot die gedigte volg later in hoofstuk 5. Dit is ook belangrik om te noem dat hier slegs op 'n basiese vlak gekyk word waarmee die digter-spreker "speel". Hier word nie aanspraak gemaak op 'n diep morfologiese ontleding nie.

Voordat hierdie vier pogings van nader bekyk word, noodsaak die titel en motto-gedig 'n bespreking en word meer inligting omtrent Jakes Gerwel, aan wie hierdie afdeling opgedra is, verskaf asook 'n oorsig van die laaste vier gedigte.

## **4.2 Die gedigreeks: "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing"**

Vervolgens 'n dieper ondersoek na die opinies van verskillende resensente oor die laaste vier gedigte in die bundel en die vernuwende aspekte wat die digter-spreker benut om "ou digterlike praktyke" (Van Vuuren, 2014) van die taal te verander. Soos Visagie dit stel:

'n Mens staan nie soseer versteld oor nuwe vergesigte wat Krog op 'n gedagtevlak oopmaak nie as oor die verbluffende omgang met die taal wat geplet en getoets word vir wordings en vernuwings (Visagie, 2015:233).

### **4.2.1 Die titel en motto-gedig**

In die titel van die gedigreeks in die laaste afdeling gebruik die digter-spreker die woord *pogings* wat volgens die *HAT* (2015:993) "probeerslag" beteken of "inspanning om iets te bereik", terwyl *sinaps* verwys na die "senuelbrug" of "die aansluitingspunt tussen senuelle" (*Pharos Afrikaans-Engels Woordeboek*, 2005:1416). Volgens Smith (2016:1215) is dit "dus die plekke van kontak en oordrag van senuboodskappe, wat die emotiewe en liggaamlike broosheid van oordrag beklemtoon." Die titel impliseer dat Krog vier pogings (gedigte) aanwend om iets (nuut) te bereik deur die taal te verander of te vervorm om 'n aansluitingspunt, in hierdie geval tussen die ek en die A/ander, (soos reeds in 4.1 genoem), te bewerkstellig. Die titel impliseer die "poging tot

sinapsvorming, oftewel samebinding en die opsporing van samebindende faktore deur die digter met die A/ander wat buite die self teenwoordig is" (Smith, 2016:1215).

Reeds in die motto-gedig kan die leser aflei wat die digter-spreker se poging behels:

die oopboor van verstopte sillabes die verstelling  
van 'n uitgebrande tweeklank die afsaag  
van medeklinkers 'n volgehoue plaakafbeiteling  
van klinkers sodat erbarmlose verstokte woorde gedaag

word skielik kan lug instroom 'n nuwe geluid  
benader vreemd sal die nuwe taal moet lê uitasem  
en omgee omgewend apartwees dood begin sê  
in die haat wat so bloedgrondritmies daver

(Krog, 2014:111)

Sy span werkwoorde in wat ooreenstem met die werksaamhede in 'n werkswinkel wanneer sy "sillabes" wat "verstop" is wil "oopboor", 'n "uitgebrande tweeklank" wil "verstel" en "medeklinkers" wil "afsaag" sodat daar "lug" kan "instroom" op die "erbarmlose verstokte ou woorde". Sy wil 'n "nuwe taal" skep met "'n nuwe geluid" en hierdie taal sal "omgee omgewend apartwees dood begin sê". Volgens Smith (2016:1216) sluit die woorde "omgee" en "omgewend" begrip vir die medemens in wat weer eens aansluit by die deurlopende tema in Krog se bundel, te wete verhoudings tussen mense, die kleurkwessies en die gevolge van apartheid ("apartwees").

Hierdie eksperimentele pogings tot vernuwing en verandering en die “probeerlae” is iets waarmee die digter-spreker op pad is en waarvan sy self nog nie die uitkoms ken nie (Van Vuuren, 2014).

Die laaste afdeling staan uit in verhouding tot die res van die bundel. Behalwe vir die laaste vier gedigte, val die res van die gedigte in die bundel onder die afdeling “die werf” en verstegnies wissel dié gedigte van narratiewe tot poëtiese aard, van digterlike en liriese styl tot ‘n informele na ‘n formele register (Taljord, 2014). Dit is eers aan die einde van die bundel dat Krog hierdie “ingebedheid” (Krog, 2014:118) versteur deur met die taal te eksperimenteer; op ‘n kragtige wyse woorde te herskep met onder meer morfologiese afwykings en “verwringings”, nuwe woorde te vorm en saamgestelde woorde te skep. Die leser kry die idee dat die digter-spreker hierdeur wil sê: sy is klaar met hierdie Afrikaans en dat sy nou ‘n nuwe “taal” gaan skep. Krog sê in haar eie woorde dat dit juis in die laaste afdeling is waarin sy deur taal poog om te herstel (“in gebreke bly binne-aars”, bl. 112): “Die binne-aarse vers kom uit die taal-afdeling waarin gesoek word na herstelling.” (Krog in Esterhuizen, 2014)

#### **4.2.2 Opedra aan Jakes Gerwel (1946-2012)**

Krog dra die gedigreëks “vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing” op aan Jakes Gerwel wat vir haar “‘n groot inspirasie, ‘n sielsgenoot en ‘n mede-liefhebber van ons taal was”. Hul het beide in 2001 in ‘n komitee gediën wat ‘n taalbeleid vir die Suid-Afrikaanse tersiêre sektor moes ondersoek. Die komitee was onder voorsitterskap van Jakes Gerwel en Krog meen dat hy die idee by haar aangewakker het dat taal verskillende kante het wat insluitend, maar ook uitsluitend is (Terblanche, 2017).

Gerwel was, buiten sy liefde vir Afrikaans, as bekende anti-apartheidsaktivis gefokus op postkoloniale Afrikaans. Sy bekende akademiese werk: *Literatuur en apartheid: konsepsies van “gekleurdes” in die Afrikaanse roman tot 1948* verskyn reeds in 1983.

Vanaf 1987-1994 was Gerwel rektor en vise-kanselier aan die Universiteit van Wes-Kaapland waar hy sy visie kon uitleef om dié universiteit, onder sy leiding, van ‘n

opvoedkundige model in apartheid ("bush university") na 'n intellektuele tuiste van die liberale ("intellectual home of the left") te transformeer. Hy het krities gedink oor die betekenis van *Swartafrikaans* en die konsep van 'n nasie wat deur middel van taal begrens word (Tolsi, 2012).

Na die ANC se oorwinning in die 1994-verkieping sluit Gerwel hom aan by president Nelson Mandela as hoof van personeel, sekretaris van die kabinet en later ook afgevaardigde van die president. Tydens hierdie tydperk het hy hom doelgerig beywer om die verwesenliking van 'n nie-rassige Suid-Afrika na te streef (Tolsi, 2012). Vanaf 1999-2012 is hy kanselier van Rhodes Universiteit. Gerwel sterf in 2012 op 66-jarige ouderdom weens komplikasies na hartchirurgie (The life of Jakes Gerwel, 2012). Antjie Krog sê van Jakes Gerwel ná sy dood:

He created radical and even confrontational reconciliation within Afrikaans. Reconciliation was never a sentimental issue for him, but a principled, thorough and visible change that should take place within the language itself (Krog in Tolsi, 2012).

Die digter-spreker se doelwit in die motto-gedig (paragraaf 4.2.1) word duidelik in verband gebring met die lewe en werk van Jakes Gerwel, want net soos Krog poog om Afrikaans, wat eers 'n dominante taal was, te vernuwe deur 'n nuwe taal te skep wat alles en almal in 'n nuwe bedeling insluit, só het Gerwel as akademikus hom ook met die taal bemoei en dieselfde doelwit voor oë gehad.

### **4.2.3 'n Oorsig van die laaste vier gedigte**

Met die oog op 'n morfologiese analise van komposisiestrukture in die laaste vier gedigte, word die inhoud van die gedigte net breedweg vanuit 'n taalgerigte hoek bekyk. Interessant is Krog se akademiese benadering in drie titelbenoemings in die laaste afdeling, naamlik die titel van die gedigreeks ("vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing", bl. 111), die derde gedig ("ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*", bl. 116) en die vierde gedig ("tesis in gestapelde sillabeversteuring oor ingebedheid", bl. 118). Dit

beklemtoon die wending in die laaste afdeling van die bundel waarin Krog juis deur middel van die taal die "ingebedheid" versteur:

Die opstapeling van 'n lang lys van taalvariante, samestelling, nuutskeppings en afwykings word deur die digter ingespan as 'n manier om die ... grense van taalstrukture uit te daag. Dit dien as ... 'n wyse om morfologies en semanties nuwe verbintenisse op te spoor en te aktiveer, terwyl die opstapelingstegniek letterlik die herhalende, immer bewegende en voortstuwende aard van beide taalkonstruksie en betekenisverruiming beklemtoon (Smith, 2016:1217).

"1. in gebreke bly binne-aars" (bl. 112) (Kyk addendum op bl. 166 in hierdie studie.)

Die gedig begin met 'n aanhaling van Paul Celan: "*Instrange yourself, /deeper.*" wat 'n Engelse vertaling deur Pierre Joris is ("fremdest dich ein, / tiefer") wat kom uit die gedig "Lyon, Les Archers". Soos reeds in paragraaf 3.4 genoem, skep Celan 'n eie taal deur sekere tegnieke te benut om woorde op te breek en iets "medemensliks" daaruit te skep. Die woord "*Instrange*" is 'n voorbeeld van Celan se spel met sillabewisseling. Volgens die *Tweetalige Woordeboek* beteken *estrangle* "vervreem(d); verwyder of afkerig maak" (Bosman, Van der Merwe en Hiemstra, 1984:845). Celan verbreed die aanvanklike betekenis van *estrangle* deur die teenoorgestelde in te sluit met *instrange*: 'n binnetoe-wending wat ook terselfdertyd vervreemding meebring (Smith, 2016:1218).

Viljoen (2016) noem dat die "you" ("*yourself*") wat in die aanhaling aangespreek word (in Celan se gedig: "auch du, mit allem / Eingefremdeten in dir / fremdest dich ein, / tiefer") baie vreemdelinge insluit ("die gebral van oorhoofse manlikheid", "die raafgier van geldgrabbelary", "van mense versug tot bestuurde verhongering", reëls 12-16) en dié aanhaling herinner die digter-spreker daaraan dat haar pogings om een met die A/ander te word, dalk nie voldoende of genoeg mag wees nie; vandaar die gevoel van mislukking in die eerste deel van die gedig:

die aarde het ek in my mond geneem. 'n verhewigde land

probeer begryp. daarvan herstel ek nie weer nie (reëls 10-11)

Dit is duidelik dat die digter-spreker na 'n konneksie met die A/ander smag ("konneksie" verwys na "sinaps") en in reëls 17-24 probeer die digter-spreker die onwilliges dwing om te integreer:

die waarheid wou ek bestek die ondiep oopkap

die onmededeelsames vergruis die ineengeklaagdes

tot integrasie bevry 'n klipkapper wees

'n priesteres van stof

'n vorm-eter

'n regentes van

aardkorsbemming in

universums van omgee

Sy beseft (reëls 25-34) dat sy as "regentes", wat in hierdie konteks as "lid van die regeerdersklas" gesien word (De Villiers, Smuts, Eksteen en Gouws, 1987:414), faal omdat haar "eie verrotting" nie "huigel" nie (reël 25) wanneer sy verwys na haar "hibriede moreel-arm hart", "lamhangende slagtersarm" (reël 27) en "die keelvel van as" (reël 28) waarmee sy met een hand aan die lewe hang (Viljoen, 2016).

"2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas" (bl. 114) (Kyk addendum op bl. 169.)

In hierdie gedig is daar 'n voorsetting om die taal te forseer om met die A/ander te konnekteer in die noord-suid-kompas. Die leser kan spekulêr dat die taal se wortels in die Noorde lê en nou in die Suide bestaan. Die "jy" (reël 12 en 13) sluit ook die ander in:

hoor jy my?

jy wat julle/ons is

Deur verskillende woorde saam te voeg (julle + ons in reël 13) word die "jy" forseer om saam met ander te wees in:

jy wat julle/ons is (reël 13)

jy wat ons'le is (reël 21)

Die digter-spreker beskryf die "ons" en "jy" as "wreedmoedige afstompings" wat weg van mekaar leef ("weggeskrote sompige lewers") en in 'n poging om met mekaar te konnekteer of een te word, moet 'n sein die spleet oorbrug. Soos reeds gesê, verwys *sinaps* na "die struktuur wat die boodskap van een senu na die ander stuur sodat 'n konneksie ontstaan". Viljoen (2016) tref 'n parallel tussen die beweging van die senu-impulse wat oor die sinaps beweeg en die "beweging" van die taal waarin 'n nuwe taal ontstaan deur die samevoeging van verskillende sillabes in konstruksies wat vreemd klink, soos "jou'le, ons'le, aard'le, arm'le en honger'le".

Visagie (2015:226) beklemtoon ook die sinaptiese komponent in die gedig en hoe dit relevant is in Krog se strewe in 'n etiese verantwoordelikheid teenoor die A/ander: om 'n konneksie te maak.

### "3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*" (bl.116) (Kyk addendum op bl. 172.)

Soos reeds genoem, neem die titel 'n akademiese inslag aan. In bogenoemde gedig is tien verskillende "**ABSTRAK[TE]**" wat elkeen geles kan word as 'n opsomming gevolg deur "**Sleutelwoorde**" oor verskeie temas waaronder die taal, die digkuns en die letterkunde.

Die liriese subjek haal 'n aanhaling van die Oostenrykse skrywer Ingeborg Bachmann aan: "*Nur die Hoffnung kauert erblindet im Licht.*" wat "slegs hoop hurk blindelings in die lig" beteken. (Dit is deel van haar gedig "Früher Mittag".) (Obermüller, 2000;



Die digter-skrywer skets 'n prentjie en dig sekere eienskappe aan die Afrikaanse letterkundiges toe en Viljoen (2016) som dit op. Hul

- is geïsoleerd en bekrompe (almal in 'n shack, reël 36);
- leef in intellektuele armoede ("almal hurk op die grondvloer" van die shack, reël 36-37);
- twis onder mekaar ("druk mekaar vir ekstra beenspasië", reël 37);
- word minagtend deur die buitewêreld gesien ("is julle wragtag nog hier?", reël 38);
- faal om oor hul konteks op enige relevante of betekenisvolle manier te antwoord ("sing yoohotohoo molm 'n ander kakkerlakend", reël 38-39) en
- is medepligtig in die verdrukking onder mekaar ("medeklinkermedepligtigheid", reël 40).

So sinspeel die sleutelwoord "bobeenversitters-in-krimpde-taal" (reël 40-41) op die Afrikaanse letterkundiges wat hul bene kruis en reguit maak in 'n taal wat besig is om te krimp en "oud-ontongend" (reël 41) impliseer dat skrywers en kritici oud is en nie in staat is om hul tong te gebruik nie; dat hul eventueel stil sal word in 'n taal wat homself nie kan vernuwe nie (Viljoen, 2016). Bogenoemde eienskappe is juis dit wat die digter-spreker nie vir die Afrikaanse letterkunde wil hê nie.

Nog 'n implikasie van die woord "oud-ontongend" is Van Vuuren (2014) se opmerking oor die herinnering wat dié woord oproep in DF Malherbe se gedig oor Jakob Ontong waarin 'n oer-Afrikaanse Faust-verhaal afspeel:

Jakob Ontong ontvang 'n "kunsles" van die duiwel (Damoen) om met sy kitaarspel wraak te neem op sy geliefde Saartjie wat 'n liefdesbelofte aan hom verbreek het wanneer sy met Willem Skeeloog trou. Ontong se kitaarspel word die stem van Saartjie se gewete.

Van Vuuren (2014) vergelyk Ontong se verhaal met Krog se satiriese uitkyk op die Afrikaanse letterkunde: net soos die sukkelende Jakob Ontong vóór sy meesterles, só is die "hurkers in die sinkshack" en volgens Van Vuuren (2014) impliseer Krog in hierdie

gedig dat sy ontslae wil raak van hierdie “medeklinkermedepligtigheid” en met ‘n nuwe etiese aanslag die gewete van haar lesers wil kwel.

“4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid” (bl. 118) (Kyk addendum op bl. 176.)

Die vierde gedig is in die vorm van ‘n tesis geskryf (soos reeds in die titel voorspel) en die leser kry die idee dat die skuinsgedrukte subtitels in hakies ‘n voornemende student se onderafdelings van ‘n voorgelegde navorsingsvoorstel is. Smith (2016:1222) verduidelik dat die onderafdelings opgedeel is in, byvoorbeeld die tipe navorsing, “*(die onkwantifiseerbare)*” in reël 1, die navorsingsvraag, “*(die kritieke vraag)*” in reël 8, definiëring van kernbegrippe, “*(definiërings van onderlinge verbinding)*” in reël 19, metodologie, “*(vraag oor metodologie)*” in reël 29, die navorsingstelling, “*(‘n verontrustende postulaat)*” in reël 32, en die teoretiese begronding, “*(teorie anderkant die sogenaamde aard van denke)*” in reël 41. Die verwagte diskoers en moontlike interpretasie kom in die laaste twee subtitels voor: “*(uiteindelike kwalitatiewe diskoers)*” in reël 52 en “*(voorspraakmakende interpretasie)*” in reël 59. Die hakies waarin die subtitels geplaas is, dui op die voorlopige aard daarvan.

Die tema in die vierde gedig is weereens ‘n poging om deur middel van die taal te konnekteer met die A/ander (mense), maar hierin word dit ook verder uitgebrei na ‘n konneksie met die kosmos. Vir die doeleindes van hierdie verhandeling word die fokus op die taal behou.

Die titel dui ‘n dringendheid aan in hoe ver die digter-spreker sal gaan om die taal te “breek” - dit word, soos in ‘n akademiese tesis, sistematies uitgelê. Volgens Smith (2016:1218) is die krag in die woord “sillabeerversteuring” wat sy ‘n “destabiliseringstegniek” noem: Krog verander en versteur die taal doelbewus om daardeur ‘n wyer betekenis aan die taal te gee:

Die destabilisering van die gedig hou direk verband met die tegniek van sillabeerversteuring wat Krog in die slotgedig aanwend. Sillabeerversteuring kan dus inherent as destabiliseringstegniek gesien word, wat daarin slaag om die leser op ‘n nuwe manier na die gedig en die omgewing te laat kyk ... (Smith, 2016:1218).

Viljoen (2016) sluit hierby aan en sê dat die ekstra letter of klank (of albei) wat aan 'n bestaande woord gevoeg word (sillabeerversteuring) die woord verander en dus die leser dwing om 'n nuwe vreemde taal te verken. Voorbeelde is onder meer "heelhei(l)dswordende" (reël 3), "op(p)erlug" (reël 5), "droomster(k)" (reël 11), "oneindigheidsverbondte" (reël 15), "w(a)onde" (reël 31) en "enkelha(o)ltes" (reël 34).

Opsommend kan hierdie laaste vier gedigte gesien word as pogings deur die digter-skrywer om met die A/ander te konnekteer en hierdie pogings is die einste dryfveer om die taal tot sy uiterste te "rek" deur dit te versteur en te vervorm om die leser sowel as die literêre sisteem, waaronder kritici, akademici en skrywers, uit hul gemaksonne te neem deur bestaande grense te verruim om 'n "nuwe" taal te verken.

#### **4.2.4 'n Korpus van 196 leksikale items gelys**

Hier onder volg 'n lys van 196 nuutgeskepte leksikale items uit die laaste vier gedigte van die gedigreeks "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing" (bl. 111). Soos reeds vermeld, is die keuse subjektief in terme van wat die navorser as morfologiese vernuwing beskou en is dus 'n kwessie van persoonlike voorkeur. Daar sal per definisie, bewustelik of onbewustelik, verskillende verwagtingshorisonne wees.

Daarna word gekyk na die wyse waarop Krog te werk gaan deurdat voorbeelde uit hierdie lys morfologies ontleed word.

Vir die doeleindes van die ontledings word die woordelys volgens die volgorde van die gedigte gelys. Telkens word die gedig se titel met bladsynommer aangedui. Onder elke gedig word die leksikale items ook in volgorde gelys met spasies tussen die strofes. Voortaan sal die begrippe "leksikale items" en "woorde" afwisselend benut word met die doel dat albei dieselfde betekenis dra.

## WOORDELYS

### "1. in gebreke bly binne-aars"

(Bladsy 112)

1. orberende
2. heilhappend
3. witstinkhouthalse
  
4. sniert
5. nagberg nerts
  
6. haelwitogig
7. vlamstippekleem
8. knalbenig
  
9. raafgier
10. geldgrabbelary
  
11. ineengeklaagdes
  
12. vorm-eter
13. aardkorsbemming

(Bladsy 113)

14. hibriede moreel-arm hart
15. lamhangende slagtersarm
  
16. vierkamervuis

"2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas"

(Bladsy 114)

17. omhagte
18. gerasse
19. stroomkrenng
  
20. intalige
21. losgeskaar
22. mekaars
23. andersheem
24. elk(h)aar-wees
  
25. bannendste
26. sniks

27. jou'le, ons'le, aard'le, arm'le, honger'le, ek'le, mier'le

28. sompige

29. almals

30. asmekaar

31. mekaars

32. meesalwing

33. armadaskes

(Bladsy 115)

34. woordeskot

35. etaak

36. aar-eerde

37. nuwe-newe

38. verlosbluffend

39. swoegtels

40. apoorte

"3. ESSAY-ABSTRAKTE re: SINAPS"

(Bladsy 116)

41. gammele
42. fluweeltoon-geweerskote
43. oprillend
44. roofsugskitterend
45. besweke
46. doodbringdommende
47. skrielpuisterig
48. daggaprooiogend
49. tankwiegend
50. loodklootend
51. medemanslik
52. kamoefleertierend
  
53. morfeem-oopborend
54. nuutwoordend
55. vokaalgerasde
56. etiserende
57. taalheiningknotting
58. etiesentrifugaal

59. eerknopend
60. versterrend
  
61. digstruikend
62. verdorb
63. ontluisterd
64. kwats
65. gragontgogelde
66. warhede
67. blindvingerpuntend
68. on-ontkinde
69. medekaarsbloedbewaring
70. middelmurgvlietend
71. laafhê
72. grondifiseer
  
73. mondholtelossigheid
74. woord-artikulerende
75. pynvaart
76. medel(j)y
77. loefagtervolgde

- 78. weerskynsbedier
- 79. aanvellende
- 80. een-in-vele
  
- 81. wangteerheid
- 82. ont-engende
- 83. heilspreekgelommerd
- 84. magnoliameelawend
- 85. oorlag
- 86. medemenses

(Bladsy 117)

- 87. mensdeurwraakte
- 88. ademloospêrelend
- 89. woordwraakke
- 90. voltydsvallende
- 91. vernullend
- 92. leegsmoedvendetta
- 93. oewer- en eweningloos
  
- 94. sinkshackend

95. yoohotohoo
96. kakkerlakend
97. medeklinkermedepligtigheid
98. bobeenversitters-in-krimpende-taal
99. oud-ontongend
  
100. vlerkskarnierende
101. droesemtoe
102. deurspriet
103. sorgasemend
104. evangaliesmedesleurend
105. wanhoopsepifanie
106. rulleswart
107. sneeubrei
108. plantliks
  
109. oog-issigheid
110. ontLevinas
111. binêrevermyding
112. ademdeurwaks
113. mededoog

114. egbindelik
115. asemblissing
116. harskings
117. vryvuurwirrkaatsend
118. vlamtasbaarste
119. goddin
120. vergras, vermier, verwoek, verswartwitpens
121. landskapverinniging
122. enkelmensvel-opgee-end

#### "4. tesis in gestapelde sillabeverstoring oor ingebedheid"

(Bladsy 118)

123. ansigbaarheid
124. heelhei(l)dswordende
125. op(p)erlug
  
126. sysnap
  
127. pienkgeprikte
128. midde-syn
129. onkodeerbare

- 130. droomster(k)
- 131. stramlighouend
  
- 132. word-deurwarde
- 133. waarstulpende
- 134. oneindigheidsverbondte
- 135. gebenig
- 136. bevlesig
- 137. vervoerd
- 138. nano-ste nanonietjie-gebod
  
- 139. inhomse
  
- 140. takkerasie
- 141. boomlinggeliefdste
- 142. sjarmantogig
- 143. allesherstellende
- 144. boomwees
- 145. molmneutig
- 146. mosbassig

- 147. bloedbeeks
  
- 148. wesenheid
- 149. veelwees te huidig
- 150. wesende gewordendes
- 151. tot tjlip te bedadig
- 152. van reënstrekking tot ribsterglip

(Bladsy 119)

- 153. w(a)onde
  
- 154. enkelha(o)ltes
- 155. invoelende
- 156. deursinggewende
- 157. bytsoda-ooop
  
- 158. opreep
- 159. skepstort
- 160. snikstase
- 161. vrymaak-verslinding
- 162. mirakelmakendheid

- 163. verb(l)ind
  
- 164. in-sig wees
  
- 165. liedletsels
- 166. getweë
- 167. jasmynjort
- 168. nywerig
- 169. windversnik
  
- 170. lig-wigtiges
- 171. tampende
- 172. ver-een
- 173. verru
- 174. skokmat-sig
  
- 175. danheid
- 176. eweningspunt
- 177. newel-aar
  
- 178. gewor(d)p

179. tgrrt, whsspp

180. aarbewing

181. hort

182. bloedgreep

(Bladsy 120)

183. wegstammel

184. handgooiende

185. botmakende

186. selfomhalsings

187. onvervu(a)lde

188. graan-roggelende

189. in-tuur

190. stiks

191. ontkannend

192. slymlywende

193. heelalwyend

194. haatdorwende

195. gierskytende

196. fokkals

### 4.3 Morfologiese analise van die laaste vier gedigte

Krog skep en herskep haar eie "nuwe" woorde (neologismes) in die bundel *Mede-wete* en enkele van hierdie skeppings is reeds in voorafgaande gedigte, soos onder meer "verlies" (bl.27), "moniaal" (bl. 41), "om te ver-jy" (bl. 46) en nog ander te bespeur. Maar dit is juis in die wending van die laaste gedigreeks waarin sy 'n "geveg" met Afrikaans aanknoop met haar "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing".

In terme van leksikale vernuwing in die media skryf Van Niekerk en Jenkinson (2004:173) dat woordvorming normwysigend is ten opsigte van die kanonieke leksikon en dat operasionele parameters die tipe morfeme en woorde wat in die leksikon van die taal kan voorkom, beperk omdat produktiewe woordboupatrone reëlgehoorsaam is. Advertensiekopieskrywers en joernaliste vul egter hierdie "patroonmatige woordvormingsleer" aan deurdat hul met "reëlwysigende kreatiwiteit" (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:186) op innoverende wyses deur middel van neologismes en geleetheidskeppings reklame- en verslagtaal gebruik.

Bauer (in Van Niekerk en Jenkinson, 2004:176) benadruk dié onderskeid: produktiwiteit as reëlgehoorsame skeppende vermoë en kreatiwiteit as reëlwysigende skeppende vermoë. Hy brei uit:

Volgens dié uitgangspunt is produktiwiteit een van die fundamentele eienskappe van menslike taal wat moedertaalsprekers in staat stel om 'n oneindige aantal sinne en komplekse woorde te maak wat nog nie tevore gemaak is nie en wel deur die rekursiewe reëls van 'n grammatika. Aan die ander kant is kreatiwiteit die vermoë van die moedertaalspreker om die taalsisteem op 'n gemotiveerde maar onvoorspelbare reëlwysigende manier uit te brei.

Carstens (1990:104) onderskei tussen geleentheidskomposita en geleksikaliseerde komposita en beoordeel die geldigheid van die Komposisionaaliteitsbeginsel wat gebaseer is "op die empiriese feit dat die betekenis van 'n komplekse uitdrukking 'n funksie is van die betekenis van die dele en die wyse waarop hulle sintakties/morfologies gekombineer word" ten opsigte van beide komposita. In terme van nuutskeppings en die geldigheid van die Komposisionaaliteitsbeginsel verwys Carstens na Aronoff:

Volgens Aronoff (1976:16-19) is die mees grondliggende taak van die morfologie die afgrensing van die klas moontlike woorde in 'n taal. Meer spesifiek is dit egter die taak van dié subdissipline om te voorspel watter tipes **nuwe** gelede woorde 'n spreker kan vorm. Volgens hierdie terreinafbakening behoort die vorming van nuwe komposita deur woordvormingsreëls ondervang te word en behoort die KB vir nuwe komposita geldig te wees; veral in die lig daarvan dat nuutgevormde komposita, soos geleksikaliseerde komposita, deursigte bousels is waarbinne die stamme selfstandige semantiese bydraes tot die geheelbetekenis lewer (Carstens, 1990:101).

Carstens (1990:104) skryf dat 'n komplekse uitdrukking nie slegs gemotiveerd is indien dit komposisioneel ontleedbaar is nie, maar dat dit konstituente mag bevat wat die leser nie-letterlik moet vertolk (wat nie-regstreeks verwys), maar wat semanties teen die agtergrond van 'n letterlike sisteembetekenis gestaaf is.

Die doel nou is om vas te stel hoe Krog in dié digterlike korpus van die bundel te werk gaan met hierdie skeppings. Hierdie navorsing maak nie aanspraak op 'n diep morfologiese ontleding nie, maar daar word slegs op 'n basiese vlak gekyk waarmee die digter-spreker "speel" en of daar 'n morfologiese sistematiek met die vorming van hierdie woorde te bespeur is?

Vervolgens 'n morfologiese analise (aan die hand van Combrink, 1990:53-85, kyk paragraaf 3.2) met slegs tien verteenwoordigende voorbeelde (waar van toepassing) by elke woordvormingsproses. Voorbeelde van die leksikale items onder elke proses word volgens die volgorde van die gedigte gelys. Telkens word die gedig se titel, bladsynommer, die versreël en die leksikale item se nommer in die woordelys (paragraaf 4.2.4) verskaf.

### 4.3.1 Afleidings

"2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas" (bl. 114)

(Bl. 114, reëls 9 en 25, no. 22 en 31)

mekaars	mekaar-	+	-s
	stam	+	suffiks

Die voornaamwoord *mekaar* beteken "twee of meer persone wat eenders teenoor die ander handel" (*HAT*, 2015:781) en het nie 'n meervoudsvorm nie.

Krog voeg die meervoudsuffiks "-s" by die bestaande voornaamwoord (stam) en skep 'n nuwe ongewone verbinding, naamlik *mekaars*. Dit kan as 'n beklemtoningseffek gesien word: hierdie aksie waar twee of meer persone teenoor die ander handel kan wyer uitkring na "mekaars" - dit kan groepe buite of verder as die "mekaar" insluit: die A/ander. Nog 'n soortgelyke voorbeeld is "almals" (bl.114, no. 29).

(Bl. 115, reël 32, no. 40)

apoorte	a-	+	-poort-	+	-e
	prefiks	+	stam	+	suffiks

Morfologies bekyk, is die stam in bogenoemde nuutskepping *poort* wat volgens die *HAT* (2015:997) 'n "groot, aansienlike deurgang in 'n muur of ander soort omheining" of 'n "deurgang tussen berge" is. Die oppervlakmorfologie lei in hierdie geval egter nie net tot een lesing nie en soos reeds in paragraaf 4.1 genoem, moet die betekenis ook binne die konteks van die gedig betrek word. Indien die leser *apo-* as 'n woorddeel lees wat "(tegnies) los van mekaar, apart, weg van" (*HAT*, 2015:59) beteken, ontstaan die visuele beeld van 'n deurgang tussen twee dele (berge) wat los van mekaar of apart staan. ("Apoorte" is ook 'n klankverwringing van "aparte"). Dit vorm 'n verband met die sinapsbeeld waar *sinaps* verwys na die "senuelbrug" of "die aansluitingspunt **tussen**

senuselle" (*Pharos Afrikaans-Engels Woordeboek*, 2005:1416). Krog noem dit in hierdie tweede gedig in reël 23: "*wreedmoedige afstompings*. laat sein oor die spleet".

Van Vuuren (2014) verduidelik *apoorte* so:

Om 'apartwees dood' te 'begin sê' word in die tweede vers in dié afdeling neologisties (deur verwringing van die kernwoord 'apartheid') geformuleer as 'spoel die swoegtels van *apoorte* aardes los'. [...] Die taal as poëtikale voertuig van hierdie bewussynsveranderende, etiese en revolusionêre doel sien Krog as 'n nuwe begin met 'n 'vuurvarende sinaps', met opheffing van die skeiding 'julle/ons' in 'n eenwordende neologistiese 'ons'le' ('sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas', bl. 114).

Alhoewel die poort in 'n omheining is of begrens word (die "ou" taal wat inklusief is), of tussen twee dele lê (swart en wit?), is dit 'n deurgang, 'n verbintenis en 'n konneksie (die nuutgeskepte taal) met iets anders (ek en die A/ander), soos wat die sinaps die verbintenis tussen senuselle is: "Die sinaps is 'n struktuur waardeur die boodskappe in die menslike sensuweestelsel van die een sel na die ander gestuur word en speel 'n sentrale rol in die vorming van geheue wat in talle gedigte 'n tema is" (Viljoen, 2014a). Visagie (2015:226) sien dit as Krog se strewe in 'n etiese verantwoordelikheid teenoor die A/ander: om 'n konneksie te maak.

### "3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*" (bl.116)

(Bl. 117, reël 33, no. 91)

vernulend	ver-	+	-nul-	+	-[l]end
	prefiks	+	stam	+	suffiks

Die neologistiese afleiding "vernulend" is 'n byvoeglike naamwoord waarvan die stam *nul* op "niks" (*HAT*,2015:852) dui. *Ver-* is egter ook 'n werkwoordvormende afleidingsmorfeem en kyk 'n mens na die woord in die konteks van die gedig, staan die werkwoord *vernu* uit wat beteken: "heeltetal/gedeeltelik nuut maak; iets wat oud/verslete/onbruikbaar is, vervang" (*HAT*, 2015:1465). 'n Spekulatiewe afleiding is dat die "niks" ook "vernuwing" kan bring. Dit sluit aan by tema van die laaste gedigreeks in

die bundel, soos Krog dit self verwoord: "... die taalafdeling waarin gesoek word na herstelling" (Krog in Esterhuizen, 2014). Die wyse waarop sy met bogenoemde leksikale item te werk gaan, is dieselfde as Celan se tegnieke. Sy beskryf Celan se werk so:

Die mees opvallende is sy innoverende neologismes wat die moontlikheid open om ou gefossileerde en geraste woorde meedoënloos met ander konsepte tot iets nuuts te knak. [...] Jou aandag word tot stilstand gedwing, jy moet die verskillende komponente kleinkry, iets nuuts begin vorm voordat jy verder kan vloei (Krog in Esterhuizen 2014).

(Bl. 117, reël 52, no. 110)

ontLevinas	on[t]-	+	-Levinas
	prefiks	+	stam

Volgens die digter-spreker deel Celan en die Joods-Franse filosoof Emmanuel Levinas (1906-1995) die siening "waarin die oë van die ander die mensheid van die self na vore roep" (Esterhuizen, 2014). In die derde gedig handel "**ABSTRAK 9**" oor die gesig van iemand wat die digter-spreker onthuts, veral die oë wat in 'n kruisverhoor geregtigheid spreek. Onder "**ABSTRAK 9**" kom *ontLevinas* onder "**Sleutelwoorde**" voor. Die betekenis van *ont-* is: "ontneem van dit wat deur die stam genoem word; die teenoorgestelde doen van dit wat deur die stam genoem word" (Woordeboek van die Afrikaanse Taal, s.j.). In hierdie geval is *ont-* 'n werkwoordskeppende afleidingsmorfeem en die leser kan die gevolgtrekking maak dat die digter-spreker *ontLevinas* gebruik om aan te dui dat Levinas se siening vermy (ontneem) word omdat dit haar onthuts, of dit kan beteken dat die *ont-* in *Levinas* eerder dié siening ontbied of onthul sodat sy in die kruisverhoor jús die "mensheid van die self" na vore wil bring?

'n Ander siening is dié van Visagie (2015:230) waarin hy verwys na die alteriteitsetiek (responsetiek) wat onder Emmanuel Levinas se invloed ontwikkel het en waarvan die filosofiese aandag (wette en beginsels op geïsoleerde nadenke of rasonele argumente gebaseer) na die "gevoelsmatige appèl van die weerlose vreemdeling" verskuif het. "In die alteriteitsetiek is die aandag dus op die ander wie se unieke identiteit die

kennisverwerwende beperkinge van die taal en van bestaande begrippe blootlê" (Willet in Visagie (2015:230)).

Visagie tref die volgende vergelyking:

Soos Antjie Krog se poësie onder meer deur 'sillabeerversteuring' (118) en ander uitdagings van die taal demonstreer, is daar sedert Levinas groeiende pogings om verbeterde etiese verhoudings met die menslike én niemenslike ander te ontwikkel. Die koppeling van die strewe na betekenisvolle uitwisseling in ons multispesie-gemeenskappe met die diepgesetelde kwasireligieuse ingesteldheid van die alteriteitsetiek (Willet 13) is in *Mede-wete* moontlik die basis van die fokus op mistieke eenwording (Visagie, 2015:230).

Nog interessante voorbeelde van afleidings waar die digter-spreker werkwoord-nuutskeppings maak is op bl. 117, reël 57, no. 120:

"vergras"

"vermier"

"verwolk"

"verswartwitpens"

*Ver-* se funksie in elke bogenoemde voorbeeld is om as verbaliseerder op te tree en die digter-spreker skep ongewone werkwoorde van die naamwoorde "gras", "mier", "wolk", ensovoorts wat nuwe semantiese waarde (die aksies van gras/mier/wolk te word) tot gevolg het.

Smith (2016:1218) noem bogenoemde skeppings 'n "wordingsproses" en "materiële uitruil". Volgens haar vind daar 'n verandering in die taal plaas deurdat normale liggaamlike grense bo die grense van ervaring uitreik, "dus liggaamlike transformasie deur middel van taaltransformasie" en lei dit tot sinapsvorming, soos in bogenoemde voorbeelde.

"4. tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid" (bl. 118)

(Bl. 118, reël 2, no. 123)

ansigbaarheid	an-	+	-sig-	+	-baar-	+	-heid
	prefiks	+	stam	+	suffiks	+	suffiks

Deur slegs een volkaal ("o" na "a") te verander, versteur die digter-spreker die sillabe en skep sy die woord "ansigbaarheid" uit *onsigbaarheid*. Waar *onsigbaar* dui op iets "wat nie gesien kan word nie" (HAT, 2015:891) sinspeel "ansigbaarheid" op "aansig" en "sigbaarheid". Krog skep juis met dié teenoorgesteldes "spanning tussen die kenbaarheid al dan nie, van die omringende werklikheid" (Smith 2016:1222).

Smith (2016:1222) dui ook op die verwysing na Kant se filosofiese siening van "das Ding an sich" wat in die woord "ansigbaarheid" in reël 2 van die laaste gedig ("ontologie van ansigbaarheid") gesuggereer word: "die fenomeen in die natuurlike wêreld soos dit op sigself bestaan en die feit dat dit nie ten volle deur menslike sensasie geken kan word nie" (Kant in Smith, 2007).

(Bl. 119, reël 54, no. 176)

eweningspunt	ewe(n)-	+	-ing-	+	-s-	+	-punt
	stam	+	suffiks	+	voegsel	+	stam

In die vierde en laaste gedig (kyk 'n oorsig van die gedig onder paragraaf 4.2.3 in hierdie verhandeling) voel die digter-spreker die "dun danheid van eweningspunt en newel-aar" onder die subtitel "*(uiteindelike kwalitatiewe diskoers)*" op bl. 119.

Die woord *ewening* laat dink 'n mens aan die verskynsel van dag- en nag-ewening onderskeidelik rondom 21 Maart en 22 September wanneer die son loodreg bo die ewenaar skyn. Veral in die suidelike halfrond dui dit die oorgang van 'n nuwe seisoen aan (21 Maart is die begin van die herfs en 22 September is die begin van die lente). Die dag- en nagbeeld voorspel lig en donker, wit en swart.

Die digter-spreker benut dié beeld deurdat sy in een nuutgeskepte woord op 'n morfologies en semantiese vlak speel met die betekenis; wit en swart, "in gelyke mate" ("ewe" as byvoeglike naamwoord), "gelykwaardig wees met" ("ewenaar" as werkwoord), "naald van 'n weegskaal" ("ewenaar" as selfstandige naamwoord) (*HAT*, 2015:270) en selfs "ewenaaste" wat dui op "medemens".

Die *eweningspunt* kan die "plek", "oomblik" of "kwessie" (*HAT*, 2015:1021) wees waar swart en wit in gelyke mate mekaar se medemens is in die oorgang van 'n nuwe seisoen.

Nog 'n interpretasie van *eweningspunt* is die "punt of skeidslyn waar die ewewig van dinge na enige kant kan kantel" (Smith, 2016:1219).

(Bl. 120, reël 62, no. 187)

onvervu(a)lde	on-	+	-ver-	+	-vu(a)l-	+	-de
	prefiks	+	prefiks	+	stam	+	suffiks

Krog maak hier doelbewus gebruik van klankomwisseling om 'n wyer betekenismoontlikheid aan die woord "onvervulde" te gee. Die leser kan 'n moontlike afleiding maak dat "onvervuldheid" ook "onvervaldheid" tot gevolg het: wanneer 'n ideaal nie vervul is nie laat dit 'n persoon met 'n blywende teleurstelling wat nie "'n vervaldatum" het nie. Hierdie betekenis stem ooreen met die teleurstelling wat die digter-spreker in die slotgedeelte van die laaste gedig ervaar wanneer die realiteit van die mens se behepthed met homself by haar opkom: "...deur botmakende self-/omhalsings en die waan dat elkeen se onvervu(a)lde/ verhemelte *net* vir die self g lief" (reël 61-63).

### 4.3.2 Samestellings

"2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas" (bl. 114)

(Bl. 114, reël 11, no. 24)

elk(h)aar-wees	elk(h)aar-	+	-wees
	stam	+	stam

Die digter-spreker vorm 'n nuwe samestelling van "elkaar" en "wees" en voeg nog 'n "(h)" in met die opsie om die woord ook as "elk(h)aar-wees" te lees. Die vraag kan gevra word of die digter-spreker die "(h)" as 'n invoeging of doodgewoon as 'n wisseling of verandering bedoel? [Vergelyk ook invoeging of wisseling by leksikale items in ander groepe, bv. "medel(j)ye" (bl. 116, reël 22), "heelhei(l)dswordende" (bl. 118, reël 3), "op(p)erlug" (bl. 118, reël 5), "droomster(k)" (bl. 118, reël 11), "w(a)onde" (bl. 119, reël 31), "enkelha(o)ltes" (bl. 119, reël 34), "verb(l)ind" (bl. 119, reël 40), "gewor(d)p" (bl. 119, reël 55) en "onvervu(a)lde" (bl. 120, reël 62). Al die genoemde voorbeelde dui op 'n patroon of idiosinkratiese gebruik van die digter-spreker en dus op 'n bepaalde sistematiek.]

Waar *elkaar* na die wederkerige voornaamwoord "mekaar" (dus "mekaarwees") verwys (HAT, 2015:255), is die invoeging van die "h" 'n ekstra sinspeling op die vroulike aspek van "mekaarwees", of "mekaarwees" saam met haar – moontlik sluit die digter-spreker haarself in. *Elkaar* se betekenis in Nederlands is ook hier ter sake:

*Elk*: "iedere perzoon of zaak, m.n. uit een bep. groep, syn.", "iedereen" of "al de personen of zaken van de genoemde soort afzonderlijk beschouwd" (Den Boon en Geeraerts, 2005a-i:932).

*Haar*: "objectsvorm vrouwelijk enk. van het pers.vnw. 'zij'" (Den Boon en Geeraerts, 2005a-i:1283).

*Elkaar*: "(wederk.vnw.) de een de ander" (Den Boon en Geeraerts, 2005a-i:932).

*Mekaar*: "(wederk.vnw.) (inform.) elkaar" (Den Boon en Geeraerts, 2005j-r:2119).

Die "elk" en "mekaar" tematiek van die gedigte sou dit ook impliseer.

Verder is dit ironies dat *elk* op sy eie as onbepaalde voornaamwoord "al die persone/sake van die genoemde soort apart beskou" beteken (*HAT*, 2015:255). In een nuutskepping, naamlik "elk(h)aar-wees", word daar aan die begin van die woord met *elk* eers apartheid (persone apart van mekaar) gesuggereer, maar verander die gedagte met "elkaar-wees" sodat 'n wederkerigheid ontstaan en dan sluit 'n derde interpretasie die wederkerigheid of "mekaarwees" dié van 'n vroulike medemens in. Dit is 'n voorbeeld waar Krog op 'n deurgaans bewuste wyse te werk gaan (met die invoeging van slegs een letter). (Sommige lesers sou meen dat sy deurgaans uiters bewus is van wat sy op morfologiese en semantiese vlak vermag.)

[By *medel(j)ye* (bl. 116, reël 22) word daar met een leksikale item die "hartseer/droefheid oor die lot/swaarkry" (*HAT*, 2015:776) wat gedeel word met die "jy": "'n mens; elkeen; enigeen; iemand" (*HAT*, 2015:561) geïmpliseer.]

(Bl. 115, reël 29, no. 34)

woordeskot	woord[e]-	+	-skot
	stam	+	stam

Die leser kan bogenoemde samestelling herken as *woordeskot* waarin die digter-skrywer die woord "skot" na "skot" verander met 'n nuutskepping. Die verskil tussen die betekenis van "skot" en "skot" verklaar die digter-spreker se manipulering van dié woord.

Volgens die *HAT* (2015:781) beteken *skot* 'n "groot hoeveelheid; oorvloed van (interessante, kosbare, nuwe) dinge" terwyl die verouderde woord *skot* na 'n "afskeiding" of "afskorting" verwys. In die samestelling is *woordeskot* 'n oorvloed van woorde terwyl *woordeskot* 'n "afskorting" van hierdie woorde is. Die afleiding is dat die digter-skrywer *woordeskot* funksioneel gevorm het om (net soos in "wreedmoedige afstompings", reël 23) aan te dui dat daar nog nie 'n konneksie met die A/ander

plaasgevind het nie; die sein het, soos in die sinaps, nog nie die spleet oorbrug nie – vandaar die “afskorting”. Indien die konneksie gebeur, kan die *woordeskot* ‘n *woordeskot* word: ‘n oorfloed van interessante, nuwe, kosbare woorde. Dit is ook wat die digter-skrywer in die laaste afdeling van hierdie bundel prakties toepas.

‘n Ander afleiding is dat die woord *oorskot* in *woordeskot* verskuil is, met ander woorde ‘n “oorskot van woorde”; te veel woorde wat nie meer kan doen wat die digter-spreker wil kommunikeer nie, daarom moes sy nuwes maak.

“3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*” (bl.116)

(Bl. 116, reël 17, no. 71)

laafhê	laaf-	+	-hê
	stam	+	stam

*Laafhê* laat ‘n mens dink aan “liefhê”. Deur die eerste stam in die voorbeeld na *laaf* te verander, benut die digter-spreker die suggestie van “liefhê” sonder dat sy die woord “lief” kies. Met een woord, naamlik *laafhê*, sluit dit reeds “liefhê” in en suggereer dit twee begrippe: om lief te hê asook dié liefde wat laaf (“troos”, “probeer om iemand beter te laat voel as hy/sy baie moeg/flou is ...”, *HAT*, 2015:708).

Andersins kan dit ook bedoel dat om lief te hê jou reeds laat “beskik oor” of “in die besit wees van” (“hê” in *HAT*, 2015:426) die vermoë om te troos of iemand beter te laat voel.

(Bl. 116, reël 21, no. 75)

pynvaart	pyn-	+	-vaart
	stam	+	stam

Die samestelling *pynvaart* kom nie in 'n woordeboek voor nie. Dit is 'n nuutgeskepte samestelling wat die digter-spreker aanbied om die "gang" of "spoed" (*HAT*, 2015:1415) van die "gevoel wat jy ervaar wanneer jy ongelukkig of hartseer is" (betekenis van "pyn" in die *HAT*, 2015:1023) te beskryf. Dit sluit aan by die derde gedig in die laaste afdeling waarin hierdie nuutskepping voorkom, want die digter-spreker se vermaning aan die letterkundige akademici en kritici om hul posisie en beoefening van die taal te evalueer (paragraaf 4.1.3), kan 'n *pynvaart* wees.

(Bl. 116, reël 28, no. 85)

oorlag	oor-	+	-lag
	stam	+	stam

Soos ook later genoem word ("magnoliameelawend", onder paragraaf 4.3.3 in hierdie studie), handel "**ABSTRAK 5**" in die derde gedig oor ouer mans wat die digter-spreker beskryf as "sjarmant selfversekerd", "bedoord roekeloos" wat "niemand tot verantwoording roep". Uiterlike kenmerke, soos "weerloos wangteerheid", "ont-engende ooglede" en "treurende wenkbroue" word aan hierdie ouer mans toegeken (reëls 24-29). Indien 'n mens die "**Sleutelwoord(e)**" "magnoliameelawend" (paragraaf 4.3.3) in ag neem, kan jy aflei dat die digter-spreker vanuit 'n feministiese perspektief reageer. Daarom lei die woord *oorlag* (reël 28) as een van die "**Sleutelwoorde**" onder "**ABSTRAK 5**" die leser na meer as een woordspel:

a) As 'n samestelling met die stamme "oor" + "lag" waarin *oor* die bepaler is: Word daar in die man se oor gelag omdat ouer mans nie meer mooi kan hoor nie? Of is dit 'n lag wat weer gelag word (iets wat weer en weer gebeur in die diskoers oor vroue as die geroepe spesie bo mans)?

b) As selfstandige naamwoord *oorlog* waarin die klinker "o" doelbewus na "a" verander is: Veronderstel dit in bogenoemde konteks 'n oorlog tussen mans en vroue wat iets is om oor te lag?

(Bl. 117, reël 34, no. 92)

leegsmoedvendetta	leeg-	+	-s-	+	-moed-	+	vendetta
	stam	+	voegsel	+	stam	+	stam

Die digter-spreker gebruik die “-s” in bogenoemde voorbeeld funksioneel in ‘n verbindingsrol (anders as die leksikale items “mekaars” en “almals” in paragraaf 4.3.1 waar die “-s” ‘n meervoudsmorfeem is wat as beklemtoning dien).

In die geheel gesien, is *leegsmoedvendetta* die moed of “krag om dapper op te tree ...” (*HAT*, 2015:803) met hierdie leegheid tussen twee partye midde-in ‘n vendetta of “langdurige twis gekenmerk deur groot bitterheid” (*HAT*, 2015:1435). Die langdurige twis kan op “apartwees” dui waarna reeds in die motto-gedig (bl. 111) verwys word.

#### “4. tesis in gestapelde sillabeverstoring oor ingebedheid” (bl. 118)

(Bl. 118, reël 5, no. 125)

op(p)erlug	op(p)er-	+	-lug
	stam	+	stam

In die nuutgeskepte samestelling *op(p)erlug* is daar woordspeling met die invoeging van ‘n ekstra letter sodat die leser *operlug* of *opperlug* kan lees. Volgens Smith (2016:1222) gebruik Krog in die laaste gedig dié woordspeling om die “eensaamheid en onsigbaarheid van die mens ... die hoof (te) bied ... deur lug – wat nie net oop is nie, maar ook die opperheerser is ...”.

(Bl. 118, reël 10, no. 128)

midde-syn	midde-	+	-syn
	stam	+	stam

Volgens die *HAT*, 2015:791 beteken die eerste stam (*midde*) van bogenoemde samestelling "middelste gedeelte van 'n geheel wat as 'n versameling/groep beskou word" en die tweede stam (*syn*) "wese; bestaan; lewe" (*HAT*, 2015:1310). Hier kom verskeie woordspelings voor wat na *sinaps*, of die Engelse *synaps* verwys:

a) "Die middelste gedeelte" is 'n verwysing na die "sensuselbrug" of "die aansluitingspunt **tussen** sensuselle" (*Pharos Afrikaans-Engels Woordeboek*, 2005:1416) van die *sinaps* en *syn* bevestig die "bestaan" van hierdie verêtenis of die "lewe" wat dit inhou.

b) *Syn* klink dieselfde as sy homofoon *sein* en alhoewel die betekenis verskil, pas albei betekenis in die konteks van die laaste gedigreeks: "die wese; bestaan; lewe" (*syn*) van die verbintenis en die *sinaps* ("synaps") waar die boodskappe (*seine*) van die een sel na die ander gestuur word (kyk bl. 114, reël 23 in *Mede-wete*).

Afgelei, is die digter-spreker in haar wese of bestaan in die middel van twee groepe en kan sy deur 'n boodskap oor te dra 'n aansluitingspunt bewerkstellig.

Die samestelling *midde-syn* klink soos *medisyn* wat nog 'n spekulatiewe moontlikheid by die leser laat: *medisyne* verwys na 'n "geneesmiddel" (*HAT*, 2015:777). Die boodskap wat die digter-spreker kan oordra om as 'n aansluitingspunt te dien, kan moontlik die geneesmiddel wees.

'n Ander gevolgtrekking is Smith (2016:1222) se veronderstelling:

Die werkwoorde 'wordende' en 'wees' plaas die gegewe binne die ontologiese konteks wat in die eerste strofe veronderstel word en word verder gevoer in 'midde-syn' (r10), 'word-deurwarde' (r13-14), 'wesenheid' (r25), 'veelwees' (r26), 'wesende gewordendes' (r27), 'is' (r42) – al die taalpermutasies van *wees*.

(Bl. 118, reël 11, no. 130)

droomster(k)	droom-	+	-ster(k)
	stam	+	stam

Hierdie voorbeeld is nog 'n sillabeerversteuring waar 'n ekstra (opsionele) letter aan 'n bestaande nuutgeskepte samestelling gevoeg word. Die afsonderlike woorde "droom" en "ster" het volgens die *HAT* baie betekenis, maar ten opsigte van die digter-skrywer se strewe na konneksies ook op kosmiese vlak (paragraaf 2.2), met ander woorde groter eenheid met die natuur en die heelal, verwys die ondersoek na die volgende betekenis wat die kosmiese tema sowel as die uitreiking na die A/ander in verband bring:

*Droom*: "ideaal; (mooi) gedagtes oor wat jy graag sou wou hê/doen" (*HAT*, 2015:227,228).

*Ster*: "hemelligaam wat lig uitstraal" (*HAT*, 2015:1256).

Die "(k)" versterk inderdaad beide hierdie twee temas in "droomster(k)" en boonop geskied dit deur die taal in die nuutskewing van bogenoemde samestelling. Dit is 'n briljante wyse waarop daar slegs in een woord op drie verskillende vlakke betekenis toegevoeg word: die digter-spreker se strewe (droom) na konneksie op kosmiese vlak (ster) deur middel van 'n nuwe taal (droomster(k)).

'n Ander interpretasie is die verwysing na 'n vroulike vorm van dromer, naamlik "droomster" wat kan dui op die digter-spreker se eie drome.

(Bl. 120, reël 60, no. 183)

wegstammel	weg-	+	-stammel
	stam	+	stam

Deur die invoeging van "m" in die woord *stamel* verander Krog die uitspraak van die woord na *stammel* en kan die leser die woord *stam* duidelik hoor. Saam met die woord *weg* is dit 'n sinspeling dat daar weg beweeg word van die *stam* – 'n tegniek wat die digter-spreker benut deur op verskeie maniere (in voorbeelde genoem) die *stam* te verander en 'n nuwe woord te skep. Dit kan ook op 'n simboliese vlak 'n sinspeling wees

dat etniese groepe moet wegbeweeg van die *stam* en veranderinge moet aanbring om daardeur uit te reik na ander.

*Stamel* beteken om "gebrekkig/hakkelend/hortend te praat" (HAT, 2015:1243). In die slotafdeling van die laaste gedig, "(voorspraakmakende interpretasie)", probeer "ons ... van mekaar wegstammel" (reël 60) en is 'n hortende gepraat 'n weerspieëling van die realiteit dat die digter-spreker se hoopvolle verbeeldingsscenario's waarin mense na mekaar uitreik nie gaan gebeur nie (Smith, 2016:1224).

Verskeie ander voorbeelde waar Krog sillabes saamdwing in nuwe konstruksies (wat vreemd klink), kom voor in die tweede gedig van die laaste afdeling op bl. 114-115, no. 27:

ons'le (reëls 18, 19, 21, 24, 25, 28)	ons	+	julle
jou'le (reëls 18, 20, 24)	jou	+	julle
aard'le (reël 24)	aard	+	hulle
honger'le (reël 24)	honger	+	hulle
arm'le (reël 24)	arm	+	hulle
ek'le (reël 28)	ek	+	julle

In bogenoemde gevalle word die *hulle* en *julle* gereduseer na *le* en word 'n nuwe woord geskep deur dit met 'n sillabe in 'n nuwe konstruksie te voeg. (Dié tipe assimilasië of byentrek van "ons" en "julle" is soortgelyk aan "op + die = opi", ensovoorts.) Van Vuuren (2014) wys hier na die funksionele toepassing van die digter-spreker omdat Krog met hierdie samevoegings die skeiding tussen, byvoorbeeld, "ons" en "julle" ophef.

'n Voorbeeld van 'n skepping-plus-kombinasie-plus-wysiging is op bl. 115, reël 31, no. 37:

nuwe-newe

waar die tweede woord amper soos die eerste woord klink en dus 'n eggowoord-reduplikasie is.

Die digter-spreker span ook 'n nuutskepping as klanknabootsing in op bl. 117, reël 38, no. 95:

yohotohoo

### 4.3.3 Samestellende afleidings

In die volgende samestellende afleidings neem Krog woorde wat nie in bestaande samestellende afleidings voorkom nie, voeg dit bymekaar en skep nuwe samestellende afleidings wat vreemd is, maar ook nuwe betekenis tot gevolg het. Vervolgens 'n paar voorbeelde met 'n verklaring uit die *HAT* oor die betekenis daarvan:

"1. in gebreke bly binne-aars" (bl. 112)

(Bl. 112, reël 4, no. 2)

heilhappend	heil-	+	-hap-	+	-[p]end
	stam	+	(stam	+	suffiks)

*Heit*: "welsyn; voorspoed; bron van redding" (*HAT*, 2015:431).

*Hap*: "handeling van te hap; soveel as wat op 'n slag afgebyt kan word" (*HAT*, 2015:419).

Betekenis van *heilhappend*: 'n Handeling waarin 'n persoon besig is om voorspoed "af te byt".

In die eerste gedig (bl. 112) beskryf die digter-spreker oë wat heilhappend is.

(Bl. 112, reël 15, no. 10)

geldgrabbelary	geld-	+	-grabbel-	+	-a[a]r-	+	-y
	stam	+	(stam	+	suffiks	+	suffiks)

*Geld*: "betaal- of ruilmiddel in die vorm van gemunte metaalstukke" (*HAT*, 2015:321).

*Grabbelaar*: "geldgierige persoon" (*HAT*, 2015:376).

In die konteks van die eerste gedig wil die digter-skrywer wegkom van die aksie waarin geldgierige mense hul begewe wat ook by die mens se selfliefde in die laaste gedig (voorlaaste strofe, bl. 120, reël 59-63) aansluit.

"Geldgrabbelary" laat 'n mens dink aan "dobbelary"; die betekenis van *dobbel* is volgens die *HAT* (2015:208) "geld verweid op 'n kansspel met kaarte/dobbelstene, die uitslag van 'n perderesies of iets dergeliks waarvan die uitslag onvoorspelbaar is". Hierdie betekenis kan tematies ingesluit word by die geldgierigheid en selfliefde van die mens waarvan die digter-skrywer wil ontsnap.

## "2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas" (bl. 114)

(Bl. 114, reël 7, no. 20)

intalige	in-	+	-ta[a]l-	+	-ig-	+	-e
	stam	+	(stam	+	suffiks	+	suffiks)

Soos reeds in paragraaf 4.1.3 genoem, word daar in die tweede gedig van die gedigreeks (waarin bogenoemde samestellende afleiding voorkom) gepoog om met "geforseerde" taal 'n konneksie met die A/ander te maak. In hierdie konteks praat die digter van "ons intalige kontinente" en wanneer 'n mens bogenoemde voorbeeld morfologies ontleed kan die stam *in* volgens die *HAT* (2015:499) as verskillende woordsoorte baie betekenis dra waarvan die volgende vir dié voorbeeld van toepassing is:

As voorsetsel: "'ingesluit in ...', 'onderhewig/onderworpe aan ...', 'lid/deel van ...', 'wat betref' wat in die bepaling genoem word" (HAT, 2015:499); in hierdie geval dus kontinente wat "ingesluit" is by die taal, "onderhewig" is aan die taal, wat "lid/deel" is van die taal, of kontinente "wat die taal betref".

As bywoord, byvoeglike naamwoord, werkwoord en woorddeel met min of meer dieselfde betekenis: "na binne toe" (HAT, 2015:499); 'n taal wat na binne (hart) toe gaan of wat na binne (grense) gerig is.

*Taal* dui op "'n spesifieke vorm van taal wat deur 'n bepaalde groep of individu gebruik word" en is die "manier waarop taalelemente gerangskik word" waardeur "kommunikasie bewerkstelling word" (HAT, 2015:1312). Deur die afleiding "intalige" te skep, doen die digter-spreker presies dít: sy rangskik taalelemente en skep 'n nuwe vorm van taal wat almal op die kontinent insluit (die hart sowel as grense) as 'n vernuwende vorm van kommunikasie vir almal.

### "3. ESSAY-ABSTRAKTE re: SINAPS" (bl.116)

(Bl. 116, reël 4, no. 48)

daggaprooiogend	dagga-	+	-prooi-	+	-o[o]g-	+	-end
	stam	+	stam	+	stam	+	suffiks

Buiten die stamme en suffiks se betekenis in hierdie samestellende afleiding, staan die woorde "rooi oog" ook uit. 'n Interessante algemene feit is dat iemand wat dagga rook se oë gewoonlik rooi is.

Die betekenis van die stamme *dagga*, *prooi* en *oog* is volgens die HAT die volgende:

*Dagga*: "Indiese hennep (*Cannabis sativa*) waarvan die stingelwesels gebruik word vir matte/toue/sakke en waarvan die blare gerook/gekou of in wateraftreksels gedrink word en 'n bedwelmsmiddel bevat wat tot geestelike afstomping lei" (HAT, 2015:176).

*Prooi*: "dier/voël wat deur 'n wilde dier gevang en geëet word; buit" of "(figuurlik) slagoffer" (HAT, 2015:1014).

*Oog*: "elk van die organe waarmee gesien word, waarmee 'n mens/dier kyk; gesigsorgaan" (HAT, 2015:905).

In "**ABSTRAK 1**" (reël 1-6) van die derde gedig sinspeel leksikale items soos "keelafgesnyde" en "roofsugskitterend" op *prooi*, te wete 'n dier wat gevang of geroof of geslag word. (Prooi wat se keel afgesny word, laat dink 'n mens aan bloed en roep weer die "rooi" op.)

In hierdie gedig is dit egter die woord wat keel afgesny is en word die "keelafgesnyde woord" as slagoffer van geestelike afstomping gesien. Die "wreedmoedige afstompings" (gedig 2, bl. 114, reël 23) wat impliseer dat die konneksie met die A/ander nog nie plaasgevind het nie (kyk paragraaf 4.3.2 onder "woordeskot"), impliseer hier dat dit as gevolg van die "dooie" taal is. Krog probeer hierdie afstomping verander met "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing" deur die "dooie" taal weer nuwe lewe te gee en 'n verbintenis met die A/ander te vind.

'n Alternatiewe spekulasie is dat die liriese subjek na die Khoi-Khoi woord *dagab* verwys wat "wildedagga" beteken (HAT, 2015:176) en dus *dagab* + *rooi* + *ogend* bedoel.

(Bl. 116, reël 6, no. 51)

medemenslik	mede-	+	-man-	+	-s-	+	-lik
	stam	+	stam	+	voegsel	+	suffiks

Hierdie is nog 'n voorbeeld waar vokaalverandering binne-in die woord tot 'n nuwe betekenis lei, maar ook die oorspronklike betekenis van die woord (voor vokaalverandering) suggereer. Waar *medemenslik* uit die woorddeel *mede-* en die byvoeglike naamwoord *menslik* gevorm is en onderskeidelik die betekenis dra van "saam" (HAT, 2015:7760) "volgens die natuur van die mens" (HAT, 2015:785) of "sonder



Hierdie voorbeeld toon 'n slim wyse waarop die digter-spreker te werk gaan om die aanvanklike woord te benut en deur volkaalverandering die aanvallende houding in verband te bring met *vel* wat dui op die rassekwessie in ons land: die "aanvallendheid" gaan juis met velkleur gepaard.

(Bl. 116, reël 28, no. 84)

magnoliameelawend

magnolia-	+	-mee-	+	-la[af]-	+	-end
stam	+	(stam	+	stam	+	suffiks)

Die dubbelklank "ee" in die woord "meeleef" word deur Krog verander na "meelaaf". Waar *meeleef* se betekenis "saamvoel met ander" (HAT, 2015:778) is, dui *laaf* op die aksie "om iemand beter te laat voel" (HAT, 2015:708).

Die woord *magnolia* is afgelei van die Franse botanis Pierre Magnol se van – hy het bygedra tot die wetenskaplike kennis oor die magnolia wat nie net in spesifieke spesies nie, maar ook in "families" voorkom. Die magnolia-blom is simbool van die Yin, oftewel van die vroulike kant van die lewe (The Magnolia Flower: Its meanings and symbolism, s.j.).

Dit blyk dat die digter-spreker met die "**Sleutelwoord[e]**" *magnoliameelawend* (reël 28) spesifiek verwys na die meelewing van vroue wat 'n teenpool is van die ouer mans wat sy in "**ABSTRAK 5**" beskryf as "sjarmant selfversekerd", "bedoord roekeloos" wat "niemand tot verantwoording roep" (reëls 24-29). Die afleiding kan hier gemaak word dat vroue die geroepe spesie bo mans is om die taak van meelewing uit te voer.

"Meelawend" roep ook *verslawend* op wat pas in die konteks van die ouer mans se verslawing aan mag ("tot slaaf maak; jou lewe/dade beheer", HAT, 2015:1474).

(Bl. 117, reël 31, no. 89)

woordwraeke	woord-	+	-wraek-	+	-[k]e
	stam	+	stam	+	suffiks

In bogenoemde nuutskepping van twee stamme, naamlik *woord* en *wraek* met die suffiks *-e* wat die meervoud aandui, impliseer die bepaler dat die *wraeke*, soos dit "wat oor is van 'n skip/voertuig/vliegtuig ná 'n kwaai ongeluk" of "iemand wie se gesondheid baie agteruitgegaan het" (*HAT*, 2015:1603), *woorde* is. In Nederlands word *wraek* ook, soos in Afrikaans, as 'n selfstandige naamwoord gebruik, maar óók as byvoeglike naamwoord waar "een wraek(ke) bruggetje" die beskrywing van 'n "lendelam" bruggie is (Martin, 2011:2130). Die leser kry die indruk dat, net soos die "keelafgesnyde woord" (bl. 116, reël 1 van die derde gedig), daar nog 'n eienskap, naamlik die "lendelam" *woord*, toe te voeg is.

*Wraeke* laat dink 'n mens aan *wraeke* wat "stille, opgekropte, ou haat" (*HAT*, 2015:1603) beteken. Gesien in die konteks van die temas in *Mede-wete* is dit opvallend dat Krog haar beywer om 'n dooie en uitgediende taal wat ou haat en emosies insluit, agter te laat en dat sy probeer om 'n nuwe taal wat almal insluit, te skep.

(Bl. 117, reël 45, no. 103)

sorgasemend	sorg-	+	-asem-	+	-end
	stam	+	stam	+	suffiks

*Sorg* het meer as een betekenis; dit is "iets wat jou ongelukkig/bang/bekommerd maak", 'n "proses van omsien na iemand", "strewende om iets na jou beste vermoë te doen/bewaar", of "iemand" of persoon "wat versorg". As werkwoord "voorsien" 'n mens vir die nodige, of jy "waak oor; beskerm" iets of iemand (*HAT*, 2015:1210).

*Asem* verwys na die "lug wat deur die longe ingetrek en uitgestoot word" of "uithou vermoë" (*HAT*, 2015:65).

In die derde gedig word die Suid-Afrikaanse leser vermaan om uit 'n taalgebaseerde gemaksonde te kom en deel te word van 'n literêre gemeenskap (Viljoen, 2016). Die nuutgeskepte *sorgasemend* is 'n goeie beskrywing van die uithou vermoë wat nodig is om 'n ongelukkigheid te verander, te streef na iets anders en daarvoor te waak.

Soos by ander voorbeelde in hierdie studie genoem, is dit kenmerkend dat daar telkens by Krog se nuutskappings (in die laaste gedigreeks) in slegs een leksikale item meer as een betekenis opgesluit is, nie net wanneer dit morfologies bekyk word nie, maar ook wanneer die woord in geheel gesien word. In *sorgasemend* is dit weer opvallend dat nog twee woorde uitstaan. Alhoewel die spelling in die eerste geval nie korrek is nie, sien die leser *orgasme* asook *semen* wat verband hou met "**ABSTRAK 10**" (bl. 117, reël 53-58) aan die einde van die gedig met beskrywings, soos "asemblossing" en "... ek's jags op haar aflaats haar tong/ in my oor pluk 'n brandende lont ..."

**ABSTRAK 10:** ek hu 'n onnamaakbare boom my egbindelik benaamde?

haar bedagse asem-blossing op my skouers ek's jags op haar aflaats haar tong  
in my oor pluk 'n brandende lont deur my harskings vryvuurwirrkaatsend  
vlamtasbaarste my. goddin

**Sleutelwoorde:** vergras vermier verwoek verswartwitpens //Kabbo

landskapverrinniging enkelmensvel-opgee-end

*Asem* word op verskillende wyses gereflekteer: as lug wat deur die longe in- en uitgaan om asem te haal, as uithou vermoë waarin die asem lank moet hou en as die hyg van asem as "hoogtepunt in geslagtelike gemeenskap" (HAT, 2015:939).

"4. tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid" (bl. 118)

(Bl. 118, reël 17, no. 139)

inhomse	in-	+	-hom[s]-	+		-e
	stam	+	stam	+		suffiks

Die woord "inhomse" laat die leser aan *inheemse* dink – hier is 'n voorbeeld waar die digter-spreker 'n lang [e:] na die vokaal [ɔ] verander om 'n nuutskepping te maak.

*Inheems* is 'n byvoeglike naamwoord wat iets beskryf "wat in 'n land/gebied tuishoort, wat van nature daarin voorkom of daartoe beperk is" (HAT, 2015:511).

Volgens Smith (2016:1223) bevraagteken die digter-spreker haar vervoering met en behoefte tot uitreik en deelname om die A/ander in hierdie land te betrek in die laaste gedig "tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid" en lewer sy (die digter-spreker) kritiek op die "inhomse filosowe": 'n implikasie dat die "filosowe" beide plaaslik (*inheemse*), maar ook manlik (*inhomse*) is. 'n Mens kan aflei dat die "filosowe" (of sogenaamde geleerdes) dié wat wil uitreik steeds beperk vanuit hul "inheemse" (beperkende) en boonop manlike perspektief.

(Bl. 120, reël 61-62, no. 186)

selfomhalsings	self-	+	-omh[e]ls-	+	-ing-	+	-s
	stam	+	stam	+	suffiks	+	suffiks

Hierdie is een nuutskepping wat meer as een betekenis dra.

In die laaste deel van die vierde gedig (reël 59-68) is die moontlike interpretasie, "(voorspraakmakende interpretasie)" van die digter-spreker een waarin die self voorop staan deur "botmakende selfomhalsings en die waan dat elkeen se onvervu(a)lde verhemelte *net* vir die self glief" (reël 61-63). Die digter-spreker insinueer met *selfomhalsings* die gevaar van selfliefde, want waar jy "jou arms om iemand se lyf slaan"

(*HAT*, 2015:864) in 'n omhelsing (in hierdie geval dan jousef omhels), klink "omhelsing" eerder soos iets om die nek wat kan wurg. Selfs woorde, soos "halsmisdaad" en halssnoermoord" word deur die geheue opgeroep asook "omhaal" wat verdere betekenis kan gee: te veel woorde wat gebruik word wanneer "iets met 'n omhaal van woorde vertel word", of om "iemand [te] oortuig" (*HAT*, 2015:864). Laasgenoemde twee betekenis sluit tematies aan by "woordeskot" in paragraaf 4.3.2 waar die "oorskot van woorde" te veel woorde is wat nie meer doeltreffende kommunikasie bewerkstellig nie en die digter-spreker nuwe woorde moet maak wat kan oortuig.

#### 4.3.4 Samestellende samestellings

"3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*" (bl.116)

(Bl. 116, reël 2, no. 42)

fluweeltoon-geweerskote

fluweel	+	toon	+	geweer	+	sko[o]te
(stam	+	stam)	+	(stam	+	stam)

Die eerste samestelling dui op 'n sagte klank (toon), want volgens die *HAT* (2015:286) word die woord *fluweel* figuurlik gebruik vir "iets wat weens die sagtheid of glans daarvan aan fluweel laat dink". Dié samestelling staan in kontras met die tweede deel van die samestellende samestelling; geweerskote wat die "knal" van "die afskiet van 'n patroon met 'n vuurwapen" (*HAT*, 2015:1162) suggereer.

Dit is 'n voorbeeld hoe Krog vreemde woorde met verskillende assosiasies saamvoeg in nuutgeskepte samestellings wat nuwe betekenis tot gevolg het.

(Bl. 116, reël 17, no. 69)

medekaarsbloedbewaring

mede-	+	-kaar-	+	-s-	+	-bloed-	+	bewaring
stam	+	stam	+	voegsel	+	stam	+	stam

In hierdie samestellende samestelling kan *bloed* in die tweede samestelling figuurlik na die bewaring van die "familie" of "afkoms" (*HAT*, 2015:126) van 'n persoon verwys. In die eerste nuutgeskepte samestelling *medekaars* gebruik die liriese subjek die woord *medekaar* in plaas van *mekaar* en beklemtoon sy die samehorigheidsgevoel deur *mede* in te voeg, want *mede* beteken "ook; saam". *Medekaarsbloedbewaring* bepaal dat ons *mekaar* se afkoms moet bewaar.

Die volgende samestellende samestelling is wel nie 'n nuutskepping deur Krog nie, want 'n "wimpelvlerknaguil" kom voor in *Roberts Voëlgids* (Chittenden en Whyte, 2009:56) maar word deur haar gebruik en as 'n voorbeeld hier genoem:

"4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid" (bl. 118)

(Bl. 119, reël 49)

wimpelvlerknaguile

wimpel	+	vlerk	+	nag	+	uil[e]
(stam	+	stam)	+	(stam	+	stam)

#### 4.3.5 Vloekwoordinlywing

'n Voorbeeld waar die digter-spreker twee woorde bewustelik reduceer en dan kombineer (reduksiesamestelling) is die woord "fokkals" in die laaste gedig op bl. 120, reël 68, no. 196:

fokkals	fokken	+	jakkals
óf			
fokkals	fokkol	+	alles

#### 4.3.6 Samevatting

Uit die morfologiese analise van verteenwoordigende voorbeelde uit die laaste gedigreeks kan die leser aflei dat Krog op 'n bepaalde wyse te werk gaan om bestaande woorde te verwring en te omvorm of nuwes te skep om betekenis oor te dra. Die volgende vier wyses van leksikale vernuwing is kenmerkend:

- Die toevoeging van 'n suffiks aan die einde van 'n bestaande woord wat die oorspronklike woord se betekenis verander (*verdorb, droomster(k), vervoerd, gewor(d)p*).
- Vokaalverandering binne-in die woord wat tot 'n nuwe betekenis lei, maar ook die oorspronklike betekenis van die woord (voor vokaalverandering) suggereer (*medemanslik, kwats, aanvellende, w(a)onde, enkelha(o)ltes, selfomhalsings, onvervu(a)lde, ontkannend*).
- Die invoeging van 'n medeklinker (in hakies) binne-in 'n woord wat die leser met twee opsionele keuses met twee verskillende woordbetekenisse laat (*elk(h)aarwees, medel(j)ye, heelhei(l)dswordende, op(p)erlug, verb(l)ind*).
- Die samevoeging van vreemde woorde met verskillende assosiasies in nuutgeskepte samestellings wat nuwe betekenis tot gevolg het (*fluweeltoon-geweerskote, medekaarsbloedbewaring, leegsmoedvendetta*).

Voorts word daar in Hoofstuk 5 na nog voorbeelde gekyk waar die klem na 'n semantiese vlak verskuif om aan te dui hoe dié items by die bundel en bundeltemas as geheel aansluit.

## HOOFSTUK 5

### ENKELE SEMANTIESE ONTLEDINGS

#### 5.1 Inleiding

In hoofstuk 4 is daar gekyk na die morfologiese vorming van nuutgeskepte leksikale items in die laaste afdeling (gedigreeks) van die bundel en basiese semantiese ontledings is ook verskaf. Uit verskeie voorbeelde is dit reeds duidelik dat Krog se manipulasie of spel met woorde op só 'n wyse geskied dat dit by temas in die bundel as geheel aansluit. Dit laat selfs die suggestie dat die digter-spreker met dié temas in die agtergrond bewustelik gelei is om kreatief te werk te gaan in die woordvormingsprosesse van hierdie items.

Soos reeds in hoofstuk 4 se inleiding genoem, is dit nodig om in hoofstuk 5 meer uitvoerig te fokus op die semantiese vlak van items uit die woordelys. Alhoewel die voorbeelde in hierdie hoofstuk ook van toepassing is op hoofstuk 4, word hier 'n deursnit van ander voorbeelde wat volgens temas in die bundel in geheel rangskik is, gegee.

#### 5.2 'n Aansluiting by die bundel as geheel

Soos reeds in paragraaf 2.2 in hierdie studie uiteengesit is, kom verskeie van Krog se bekende temas van haar oeuvre weer in die bundel *Mede-wete* aan bod. Die tema wat die meeste op die voorgrond tree, is die verhouding tussen die ek (self) en die A/ander (kulturele ander).

In 'n studie deur Voges (2017:71) oor die begrip "interverbondenheid-tot-heelheid" in *Mede-wete* ('n neologisme deur Krog geskep wat afgewissel word met "ubuntu" en op die rol van vergifnis en versoening dui), brei sy uit oor die digter-spreker se "behoefte aan interverbondenheid met die kulturele ander (tussen swart en wit mense van Suid-Afrika)." Verskillende persone se sienings oor die begrip "ubuntu" word van nader bekyk en sy verwys onder andere na Gyekye se siening: "Personhood may reach its full

realization in community, but it is not acquired or yet to be achieved as one goes along in society ... One is a person because of what one is, not because of what one has acquired" (Gyekye in Voges, 2017:8). In *Mede-wete* is *Gyekye* een van die "**Sleutelwoorde**" in die derde gedig van die laaste gedigreeks (bl. 116, reël 6).

Interverbondenheid word op verskillende vlakke gereflekteer en in *Mede-wete* is die begrip *sinaps* in die laaste afdeling, "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing", deurgaans 'n tema wat die konneksie belig asook die tema van interverbondenheid tussen die taal (Afrikaans) en die groter literêre gemeenskap en tussen die ek (self) en die "nie-menslike ander (in die vorm van die natuur en die kosmos)" (Voges, 2017: 71).

Nog 'n bundeltema wat aansluit by die vorming van nuutgeskepte leksikale items in die digterlike korpus, is onder meer die geweld en wantoestande in Suid-Afrika wat gepaard gaan met verlies van menslikheid en die kollektiewe skuld wat dit tot gevolg het.

Vervolgens 'n keur uit die laaste vier gedigte om die morfosemantiese aard van die woordkeuse se skakel met die tematiek van die bundel en die afdeling te belig en om aan te dui dat die digter-spreker nie net taalkundig te werk gaan nie, maar ook kreatief dink.

### **5.3 'n Keur uit die laaste vier gedigte**

Soos reeds vermeld, is die seleksiekriteria ook in hierdie afdeling subjektief in terme van wat die navorser beskou as voorbeelde wat op betekenisvlak verband hou met die belangrikste temas (vergelyk paragrawe 2.2 en 5.2) in die bundel, naamlik ek en die A/ander, konneksie/sinaps, konneksies deur taal en op natuur- en kosmiese vlak asook die geweld en wantoestande in Suid-Afrika.

### 5.3.1 Ek en die A/ander

"2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas" (bl. 114)

(Bl. 114, reël 5, no. 18)

gerasse	ge-	+	-ras-	+	-(s)e
	prefiks	+	stam	+	suffiks

Die stam (*ras*) in bostaande woord verwys volgens die *HAT* (2015:1034) op 'n kwetsende wyse na 'n "groep mense verbind deur 'n gemeenskaplike afkoms en gekenmerk deur min of meer vaste erflike eienskappe en ooreenkoms, veral wat voorkoms betref". Met betrekking tot die tema in die bundel wat die meeste na vore kom, verteenwoordig Ek die groep mense met 'n wit vel en die A/ander dié met 'n nie-blanke vel, byvoorbeeld swart en bruin.

(Bl. 114, reël 8, no. 21)

losgeskaar	los-	+	-ge-	+	-skaar
	stam	+	(prefiks	+	stam)

Die stamme *los* en *skaar* het op 'n betekenisvlak verskeie moontlikhede. *Los* beteken "nie vas/gebind nie" of "nie deel van 'n geheel nie; afsonderlik" asook "laat gaan; loslaat; vrylaat" (*HAT*, 2015:747). *Skaar* het drie betekenis moontlikhede, naamlik 'n "gebreekte stuk(kie) in die snykant van 'n skerp voorwerp" of as werkwoord "opstel; orden; rangskik" (*HAT*, 2015:1145) en 'n "gedeelte van 'n ploeg wat agter aan die balk vas is, in die grond indring, dit losbreek en omkeer" (*HAT*, 2015:989).

Spekulatiewe moontlikhede van die liriese subjek se bedoeling van *losgeskaar* is die volgende:

a) dat 'n groep wat saam gerangskik is steeds los van 'n ander groep kan wees,

b) dat die "ons" (reël 8) vrygelaat is om soos die ploegskaar wat die grond indring, losbreek en omkeer op 'n simboliese vlak die "intalige kontinente" (reël 7) in te dring, los te breek en om te keer.

(Bl. 114, reël 10, no. 23)

andersheem	anders-	+	-heem[taal]
	stam	+	stam

In bostaande voorbeeld word *anders* ("van 'n ander soort; op 'n ander wyse; verskillend", *HAT*, 2015:55) saam met *heem* (wat dalk na *heemtaal* verwys) in reël 10 gevoeg ("eens voor ons andersheem begin bloei het"). Die leser kan spekuleer dat die "ons" (ek en die A/ander) 'n tydperk suggereer voordat die "ons" as gevolg van die verskille ten opsigte van die *heemtaal*, die "streektaal van die omgewing ... waar iemand woon" (*HAT*, 2015:428) verwond is. 'n Ander suggestie is dat *heem* ook *heimat*, die "plek/streek waar iemand vandaan kom; geboorteland; kontrei" (*HAT*, 2015:432), insluit .

*Heem* laat dink die leser ook aan *heen* wat "hiervandaan na 'n verwyderde plek" of "weg" beteken (*HAT*, 2015:428) en dus nog 'n betekenisvlak suggereer: die verskil in tale wat die "ons" van mekaar verwyder.

(Bl. 114, reël 14, no. 25)

bannendste	ban-	+	-(n)end-	+	-ste
	stam	+	suffiks	+	suffiks

In reël 14 van die gedig staan: "my bannendste buig in my ...". Soos reeds vroeër in paragraaf 4.1.3 genoem, handel die gedig oor die voorsetting om die taal te forseer om met die A/ander te konnekteer. In dié konteks kan die stam *ban* enige van die volgende drie betekenisse inhou:



meekaars monde" as "vervullings" (reëls 25 en 26) van vertroosting wat saam of met die A/ander uitgevoer word.

'n Ander betekenis van *salwing* wat weining gebruik word, is "vrome welsprekendheid (met bygedagte aan skynheiligheid)" wat dan ook die skynheiligheid van hierdie handeling suggereer.

"3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*" (bl.116)

(Bl. 116, reël 14, no. 66)

warhede	war-	+	-hede
	stam	+	stam
of			
	wa[a]rhe[i]d-	+	-e
	stam	+	suffiks

*Warhede* blyk met die eerste blik 'n morfologiese woordspel te wees waarin die liriese subjek die klinker "a" uit die woord *waarhede* (meervoudsvorm van *waarheid*) weglaat. Waar *waarheid* dui op iets "wat met feite ooreenstem" (*HAT*, 2015:1558), is *war* 'n selfstandige naamwoord wat deel is van 'n woordgroep wat "in die war" of "deurmekaar" (*HAT*, 2015:1563) beteken. *Warhede* kan die leser aan 'n deurmekaarspul laat dink, maar *warhede* kan ook op die deurmekaarwees van "vandag" of "op die huidige dag" of "in hierdie tyd" (*hede* in *HAT*, 2015:427) dui. Vandag se deurmekaarspul (*warhede*) kan as 'n "beginsel wat algemeen aanvaar word" (nog 'n verklaring vir *waarheid* in *HAT*, 2015:1558) beskou word.

(Bl. 117, reël 42, no. 100)

vlerkskarnierende

vlerk-	+	-skarnier-	+	-ende
stam	+	stam	+	suffiks

*Vlerkskarnierende* is 'n nuutskepping wat 'n beweging beskryf soos 'n *vlerk* en *skarnier* se werking: twee voorwerpe wat "draaibaar" aan mekaar verbind is en uit "twee of meer plaatjies" bestaan wat "in mekaar gryp en verbind is deur 'n pen waaromheen hul draai" (*skarnier* in *HAT*, 2015:1147). Op 'n simboliese vlak kan hierdie beeld van die skarnier verwys na twee groepe mense (wit en swart) wat verbind is en moet beweeg. Die pen van die skarnier is die konneksie. *Vlerke* is sinoniem met "vlieg" en kan simbolies dui op die hoogtes wat bereik kan word wanneer die twee groepe mense 'n verbinding bewerkstellig.

Visagie (2015:227) gebruik die woorde *skarniere* en *kontakpunte* wanneer hy in 'n artikel in die tweede van vier sinapse in *Mede-wete* onderskei (kyk paragraaf 2.3). Volgens hom is die tweede sinaps die "oorskryding van kulturele andersheid" en skryf hy:

Antjie Krog se gereelde besinning oor die etiese omgang met swart landgenote en uiteindelik ook die oorweging van kulturele andersheid met nadruk op die tale en kulture van Europa is onverminderd in *Mede-wete* aanwesig as deel van 'n meer oorkoepelende en ambisieuse nadenke oor die skarniere en kontakpunte tussen self en ander (Visagie, 2015:227).

#### "4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid" (bl. 118)

(Bl. 118, reël 3, no. 124)

heelhei(l)dswordende

heelhei(l)d-	+	-s-	+	-word-	+	-end-	+	-e
stam	+	voegsel	+	stam	+	suffiks	+	suffiks

Deur die invoeging van 'n "(l)" kan bogenoemde leksikale item, naamlik *heelheidswordende* ook as *heelheilswordende* gelees word. *Heelheid* dui op 'n "toestand van heel te wees" (HAT, 2015:428) en *heil* beteken "welsyn; welvaart; voorspoed" (HAT, 2015:431). *Wordend* beteken "oorgaan in 'n ander toestand" (HAT, 2015:1602).

Smith (2016:1222) skryf dat die "vibrasies" ("om sodoende met heelhei(l)dswordende vibrasies ...", reël 3) "heelmakend" en "heilsaam" is.

(Bl. 118, reël 10, no. 129)

onkodeerbare	on-	+	-kodeer-	+	-ba[a]r-	+	-e
	prefiks	+	(stam	+	suffiks	+	suffiks)

Smith (2016:1222) impliseer die digter-skrywer se "emosionele reaksie" in reël 10 en 11 wanneer die digter skryf: "in ons midde-syn is die skielik onkodeerbare pyn / wat ek voel bloot 'n droomster(k) self wat stramlighouend wrik?" Die *onkodeerbare* pyn is pyn wat nie volgens 'n "sisteem" of 'n "kode" (HAT, 2015:648) aangedui kan word nie.

### 5.3.2 Konneksie – Sinaps

"3. ESSAY-ABSTRAKTE re: SINAPS" (bl.116)

(Bl. 116, reël 11, no. 59)

eerknepend	eer-	+	-knoop-	+	-end
	stam	+	stam	+	suffiks

Ten opsigte van die wyse waarop die liriese subjek bostaande nuutskepping aanwend, is die volgende twee betekenisse van *knoop* van belang:

a) 'n voorwerp aan 'n kledingstuk wat "twee pante van die kledingstuk aan mekaar" heg wanneer jy die knoop deur 'n gaatjie steek, of

b) die "deel waar een of meer stukke tou ... in 'n knop vasgetrek is om 'n las/verbinding te verkry" (*HAT*, 2015:646).

In die konteks van die gedig moet die hegting of verbinding (konneksie) op 'n manier geskied waarop "agting bewys" of "eer betuig" word (*HAT*, 2015:242).

(Bl. 116, reël 17, no. 70)

middel-murgvlietend

middel-	+	-murg-	+	-vliet-	+	-end
stam	+	stam	+	stam	+	suffiks

Bogenoemde voorbeeld verwys na die middelste deel van die "vetterige, sagte stof in beenholtes" (*murg* in *HAT*, 2015:816) soos 'n "stroompie water" of "wat saggies vloei" (*vliet* in *HAT*, 2015:1507).

In die *HAT* (2015:816) verwys *die verlengde murg* op die "verbinding tussen rugmurg en harsings" en die gesegde *in murg en been* beteken "deur en deur; volkome". 'n *Middel* is ook "iets wat gebruik word om 'n bepaalde doel te bereik" (*HAT*, 2015:791). Al hierdie genoemde voorbeelde se betekenisopsies hou verband met mekaar, want 'n gesamentlike aksie (beweging) moet plaasvind om 'n doel te bereik en die doel is 'n volkome verbintenis.

Die woordspeling met *middelpuntvliedend* val die leser ook op. Die betekenis hiervan is "van die middelpunt af werkend; sentrifugaal" (*HAT*, 2015:792) en kan moontlik dui op die plek vanwaar die aksie (beweging) moet begin – vanaf die middel om uit te kring na buite.

(Bl. 117, reël 52, no. 111)

binêrevermyding

binêr-	+	-e-	+	-vermy-	+	-(d)ing
stam	+	suffiks	+	stam	+	suffiks

Die neologisme *binêrevermyding* se betekenis sluit in: die voorkoming of "sku wees vir; uit die pad bly van" (*HAT*, 2015:1464) tweedeligheid of waar "twee tesame" is (*binarius*, *bini* in Latyn, *HAT*, 2015:117); dus 'n ontwyking van 'n konneksie tussen twee mense of groepe.

(Bl. 117, reël 53, no. 114)

egbindelik	eg-	+	-bind-	+	-elik
	stam	+	stam	+	suffiks

Waar *bind* op 'n verbinding of verbintenis dui, bepaal *eg* dat die verbintenis "opreg" en "suiwer van aard" moet wees, of *eg* kan ook die verbintenis in 'n huwelik wees (*HAT*, 2015:245).

(Bl. 117, reël 55, no. 116)

harskings	hars-	+		-[k]ings
	stam	+		suffiks

In bostaande voorbeeld is dit moeilik om te spekuleer wat die digter-spreker met dié leksikale item en spesifiek met die invoeging van die "k" by 'n bestaande woord, bedoel. Soos vroeër in die voorbeeld by *middelmurgvlietend* genoem, is *harsings*, net soos *murg*, deel van die mens se anatomie. *Harsings* is die "sagte massa grys selweefsel in 'n mens of gewerweld dier se skedelholte; brein". *Hars* is 'n "klewerige, deurskynende

geelbruin stof wat deur sekere plante, onder meer die denneboom, afgeskei word, maar ook kunsmatig vervaardig kan word (*HAT*, 2015:422).

"4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid" (bl. 118)

(Bl. 118, reël 7, no. 126)

sysnap	sy-	+	-snap
	stam	+	stam

Volgens Van Niekerk (2014) is *sysnap* 'n "vertaalde woordspel" met die Engelse *synapse*. Sy skryf: "In Engels kon dit helaas slegs as 'sideshow' vertaal word, en die dubbelsinnige betekenis van Krog gaan dus verlore wat 'die wees // en die radelose gryp van mortaliteit' gelyktydig omseil én begryp (snap) 'as onfinaliteit'."

(Bl. 119, reël 40, no. 163)

verb(l)ind	ver-	+	-b(l)ind
	prefiks	+	stam

Die digter-spreker maak hier weer gebruik van die invoeging van 'n "(l)" en saam met die afleidingsmorfeem *ver-* word 'n werkwoord gevorm met twee betekenisse, naamlik *verbind* wat "in kontak bring; saamvoeg; verenig" (*HAT*, 2015:1439) beteken en *verblind* wat "blind maak" of op 'n figuurlike vlak "asof met blindheid geslaan; sonder insig; kortsigtig" (*HAT*, 2015:1440) is. Die moontlike afleiding is dat die mens nie kortsigtig en sonder insig moet wees wanneer die konneksie met die A/ander plaasvind nie.

(Bl. 119, reël 44, no. 166)

getweë	ge-	+	-tweë
	prefiks	+	stam

*Tweë* is 'n meervoud van die telwoord *twee* (*HAT*, 2015:1377) en in reël 44 en 45 ("die begin van *getweë* / *asem*") dra *tweë* die boodskap oor dat die mens in groepe (meer as een) sal saamleef. *Getweë* laat dink 'n mens aan *gedweë* wat "stil en altyd gewillig om iemand te gehoorsaam; inskiklik" beteken (*HAT*, 2015:313). Deur laasgenoemde woord by te trek, kan die leser spekuleer dat die mens nie net in groepe sal saamleef nie, maar ook *gedweë* (insiklik) sal saamleef omdat hul moeg is van die **tweestryd**.

(Bl. 119, reël 50, no. 174)

skokmat-sig	skok-	+	-mat-	+	-sig
	stam	+	stam	+	suffiks

Bogenoemde neologistiese samestellende afleiding het twee stamme en hier onder volg slegs die betekenis wat met die temas in die bundel verband hou:

*Skok*: "skielike harde ruk/stoot/stamp aan iemand se liggaam", "uitwerking van 'n elektriese stroom" of "onverwagte gebeurtenis wat iemand hewig ontstel" (*HAT*, 2015:1159).

*Mat*: "moeg, uitgeput, kragteloos" of "[verkorting van skaakmat] in 'n posisie waar die koning skaak staan en nie meer gered kan word nie" (*HAT*, 2015:773-774).

Die adjektiveerder *-sig* word by *skokmat* gevoeg en het 'n beskrywing van 'n tipe skok wat 'n mens kragteloos en reddeloos laat, tot gevolg.

Indien die leser *sig* as 'n stam lees vanweë die invoeging van die koppelteken, kan *skokmat-sig* 'n ander spekulatiewe moontlikheid inhou, naamlik dat die liriese subjek met dié nuutskepping 'n beeld wil skep waarin die *sig* ("vermoë om te (kan) sien" of op

'n figuurlike vlak: "moontlikheid/omstandigheid om iets te (kan) sien", *HAT*, 2015:1131)  
een is wat ontsteltenis en reddeloosheid insluit.

### 5.3.3 Konneksie deur taal

"3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*" (bl.116)

(Bl. 116, reëls 7 en 8, no. 53)

morfeem-oopborend

morfeem-	+	-oop-	+	-boor-	+	-end
stam	+	stam	+	stam	+	suffiks

Reeds in die motto-gedig (bl. 111) van die laaste gedigreëks skryf die digter-spreker oor "die oopboor van verstopte sillabes" (kyk paragraaf 4.1.1); in hierdie gedig spesifiseer sy dat daar tot in die "kleinste strukturele deeltjie van 'n woord wat betekenis het en nie in kleiner deeltjies met betekenis opgebreek kan word nie" (*HAT*, 2015:812) deurgedring sal word.

(Bl. 116, reël 8, no. 54)

nuutwoordend	nuut-	+	-woord-	+	-end
	stam	+	stam	+	suffiks

*Nuutwoordend* is 'n neologisme wat as byvoeglike naamwoord beskryf hoe die *verse* (reël 7) sal wees. *Nuut*, *woord* en *word* is almal ter sake as betekenisopsies ten opsigte van die tematiek van die gedig: die *woorde* (*verse*, reël 7) sal *nuut word*.

(Bl. 116, reël 8, no. 55)

vokaalgerasde	vokaal-	+	-ge-	+	-ras-	+	-de
	stam	+	(prefiks	+	stam	+	suffiks)

In die versreël hier bo genoem, skryf die digter-spreker: "... nuutwoordend binne ou vokaalgerasde asems ..." en kan *vokaalgerasde* 'n "klinker" of "sang" (*HAT*, 2015:1516) wees wat deur 'n "groep mense verbind deur 'n gemeenskaplike afkoms en gekenmerk deur min of meer vaste erflike eienskappe en ooreenkoms, veral wat voorkoms betref" (*HAT*, 2015:1034) ge-uiter word en dus inklusief tot 'n sekere ras is.

(Bl. 116, reël 10, no. 56)

etiserende	eti[e]s-	+	-e[e]r-	+	-end-	+	-e
	stam	+	stam	+	suffiks	+	suffiks

Soos in paragraaf 4.1.3 (onder gedig 3) genoem, skryf Visagie (2015:226) dat Krog die rol van vertaling in die oorbrugging van kulture belangrik ag: "Die verkenning van onderlinge verbondenheid sluit aan by die hoë premie wat Krog in haar werk heg aan die etiese verantwoordelikheid teenoor die ander." Die *eti[e]s* in die voorbeeld van "die etiserende tong" het twee moontlike betekenisse:

a) 'n Tong wat die *etiese* ("wat betref die etiek/sedewette; sedekundig; sedelik", *HAT*, 2015:268) *e[e]r*.

b) *Eti-* kan dui op *etimologie* wat die "geskiedenis van 'n woord met aanduiding van sy oorsprong en ontwikkeling in vorm en betekenis" of "woordafleiding" is (*HAT*, 2015:268) en sluit aan by temas soos herkoms, eer en etiek in die laaste afdeling.

Elkeen van bogenoemde voorbeelde hou verband met die taal.

(Bl. 116, reël 13, no. 61)

digstruikend	dig-	+	-struik-	+	-end
	stam	+	stam	+	suffiks

In die derde gedig staan daar in reël 13-14: "**ABSTRAK 3:** vuur wat nie uitbrand haar hare gregoriaans gegrint digstruikend / as takkies verdorb ...".

Die moontlikheid bestaan dat *digstruikend* "haar hare" beskryf as 'n "bos" (*struik* in *HAT*, 2015:1283) wat "ondeurdringbaar" is, maar die *dig* kan ook "in digvorm skryf" of "verse maak" beteken (*HAT*, 2015:201). In die konteks van gedig 3 wat oor die ontoereiktheid van die taal gaan, is die gevolgtrekking dat *digstruikend* ook na die ondeurdringbaarheid van die digvorm verwys, 'n groter moontlikheid. *Struikend* herinner 'n mens ook aan die woord *struikel* wat "[om] oor jou woorde [te] struikel" insluit (*HAT*, 2015:1283).

(Bl. 116, reël 20, no. 74)

woord-artikulerende

woord-	+	-artik[e]l-	+	-eer-	+	-end-	+	-e
stam	+	stam	+	suffiks	+	suffiks	+	suffiks

*Artikel* sluit die volgende betekenismoontlikhede in:

- "voorwerp; ding",
- "opstel in 'n koerant/tydskrif",
- "punt; klousule; stelling", of
- "lidwoord" (*HAT*, 2015:64).

Enige van bogenoemde betekenis kan by *woord* se betekenis, naamlik "een van die kleinste dele van 'n taal ..." of "dit wat gesê word/is" (*HAT*, 2015:1600) gevoeg word om verskeie beskrywende neologismes met betrekking tot die taal te skep. (Die Latynse herkoms is *articulus*, verkleinwoord van *artus* lit, *HAT*, 2015:64).

Die leser kan bostaande voorbeeld ook as volg lees:

woord-	+	-artikuleer-	+	-end-	+	-e
stam	+	stam	+	suffiks	+	suffiks

Hierdie woord beskryf hoe die "sy" haar woorde "duidelik uitspreek" in die "vorming van spraakklanke" (*HAT*, 2015:64).

(Bl. 117, reël 30, no. 88)

ademloospêrelend

adem-	+	-loos-	+	-pêrel-	+	-end
(stam	+	suffiks)	+	(stam	+	suffiks)

'n Beeld van "woordwrakke" (reël 31) wat soos pêrels in 'n snoer geryg is ("ademloospêrelend tou woordwrakke"), word saam met die woord *ademloos* gevoeg om die handeling "wat 'n mens jou asem laat inhou" (*HAT*, 2015: 18) te beskryf.

(Bl. 117, reëls 40 en 41, no. 98)

bobeenversitters-in-krimpde-taal

bo-	+	-been-	+	-ver-	+	-sit-	+	-ers-	+	-in-	+	-krimp-	+	-end-	+	e-	+	-taal
stam	+	stam	+	prefiks	+	stam	+	suffiks	+	prefiks	+	stam	+	suffiks	+	suffiks	+	stam

Soos reeds in paragraaf 4.1.3 (onder gedig 3) in hierdie verhandeling geskryf is, sinspeel die **"Sleutelwoord"** *bobeenversitters-in-krimpde-taal* op die Afrikaanse letterkundiges wat hul bene kruis en reguit maak in 'n taal wat besig is om te krimp (Viljoen, 2016).

(Bl. 117, reël 41, no. 99)

oud-ontongend	oud-	+	-on-	+	-tong-	+	-end
	stam	+	(prefiks	+	stam	+	suffiks)

Die leksikale item *oud-ontongend* (kyk die bespreking onder paragraaf 4.1.3 onder gedig 3) impliseer dat skrywers en kritici oud is en nie in staat is om hul tong te gebruik nie; dat hul eventueel sal stil word in 'n taal wat homself nie kan vernuwe nie (Viljoen, 2016).

"4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid" (bl. 118)

(Bl. 119, reël 37, no. 15)

skepstort	skep-	+	-stort
	stam	+	stam

Smith (2016:1223) skryf dat daar in hierdie gedig onder die subtitel "*(’n verontrustende postulaat)*" by die digter-spreker 'n hoop ontstaan vir 'n wonderwerk wat "hoop" en "verbinding" moet bring. *Skep* en *stort* kan moontlik dui op die "voortbring" (*HAT*, 2015:1152) van nuutgeskepte woorde wat "vloei" (*HAT*, 2015:1273) in 'n nuwe taal wat almal sal insluit en 'n verbintenis tussen die sprekers sal bewerkstellig.

### 5.3.4 Konneksies op natuur- en kosmiese vlak

"1. in gebreke bly binne-aars" (bl. 112)

(Bl. 112, reël 23, no. 13)

aardkorsbemming

aard-	+	-kors-	+	-be-	+	-min-	+	-ing
stam	+	stam	+	(prefiks	+	stam	+	suffiks)

Alhoewel *aardkorsbemming* 'n neologisme is wat die "liefhê; hoogag" (*HAT*, 2015:96) van die "buitenste steenomhulsel van die aarde" (*HAT*, 2015:15), dui "aarde" nie net op die "bolvormige planeet waarop die mens woon" nie, maar ook op "... die woonplek van die mens, in teenstelling met hemel en hel" (*HAT*, 2015:14). *Aard* beteken dat iets "goed groei" of "tuis voel" asook die "hoedanighede en karaktertrekke waarmee 'n mens/dier gebore is; geaardheid" (*HAT*, 2015:14).

"2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas" (bl. 114)

(Bl. 115, reël 30, no. 36)

aar-eerde	aar-	+	-eer-	+	-de
	stam	+	stam	+	suffiks

In bogenoemde afleiding blyk dit dat die stam *eer* in die woord *aarde* gevoeg word en die leser lei om die afleiding te maak dat die aarde geëer moet word, of dat dit 'n geëerde aarde is. Op nog 'n vlak kan die betekenis van *aar*, naamlik "deel van 'n plant ... waarop die saad/korrels verskyn" asook "buis waardeur bloed van die weefsels en organe na die hart teruggevoer word" (*HAT*, 2015:14) impliseer dat die aarde hoog geag moet word vir dié eienskappe wat ooreenstem met 'n *aar*, naamlik die draer van (nuwe) lewe.

"3. ESSAY-ABSTRAKTE re: SINAPS" (bl.116)

(Bl. 117, reël 44, no. 102)

deurspriet	deur-	+	-spriet
	stam	+	stam

In gedig 3 van die laaste gedigreëks skryf die digter-spreker "om droesemtoe deurspriet te voel deur elke menselied ...". In hierdie konteks beskryf die samestelling *deurspriet* op 'n figuurlike vlak die wyse waarop 'n mens "van die een kant na die ander kant; oor die oppervlakte van iets heen" en "gedurende die hele tyd; onafgebroke; voortdurend" (*HAT*, 2015:190) soos "dun takkie[s]; grashalm[s]" (*HAT*, 2015:1233), met ander woorde soos 'n netwerk gevul is "... deur elke menselied ...". Die innerlike gevoel van die mens word met 'n beeld uit die natuur beskryf.

*Deurspriet* roep ook *deurspek* op in die geheue. *Deurspek* wat op 'n figuurlike vlak "oovloedig vermeng" beteken (*HAT*, 2015:194) sluit aan by bogenoemde beeld van 'n netwerk.

"4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid" (bl. 118)

Daar word veral in bogenoemde gedig gefokus op die mens se konneksie (sinaps) met die niemenslike omgewing.

Smith (2016:1216) se definisie van *ekopoësie*, naamlik "die beweging wat spruit uit die spanning waar die verhouding tussen mens en natuur 'n kruispunt bereik" en waarin gepoog word om "die sistematiese samehang en ordening van die geheel uit te druk, dikwels deur die destabilisering van die gedig" is juis wat Krog in hierdie gedig toepas met haar tegniek van sillabeerversteuring. Krog ondersoek die omgewing van die mens en sy verhouding tot die omgewing deur kreatief met die skryfproses om te gaan en deur middel van die taal verbind sy haarself met die omgewing. Tog tref die realiteit van mense wat net op hulself ingestel is haar aan die einde van die laaste gedig:

Dit keer terug na die werklikheid van mense wat 'ontkannend' en 'botmakend' is, wat 'haatdorwend' en net op die self aangewese, vol 'handgooiende hatery' – wat die hoop op mede-wesenheid ontken. Die slot is 'n bykans wanhopige oproep of voorspraak tot mede-wetendheid, tot mede-lewing en mede-wees met alle mense en met alle lewende en nielewende liggame waarmee die mens omgewe is (Smith, 2016:1224).

Vervolgens voorbeelde van leksikale items uit die laaste gedig wat op betekenisvlak verband hou met die natuur en die kosmiese:

(Bl. 118, reël 20, no. 140)

takkerasie	tak-	+	-(k)e-	+	-(r)asie
	stam	+	voegsel	+	suffiks

Op 'n betekenisvlak kan bogenoemde woord op 'n emosionele toonaard as 'n liefdevolle woord in 'n "loflied aan bome" (Smith, 2016:1223) gelees word. Die digter-spreker skryf "jirre my takkerasie" en bevestig haar persoonlike verbintenis met die natuur.

(Bl. 118, reël 20, no. 141)

boomlinggeliefdste

boom-	+	-ling-	+	-ge-	+	-lief-	+	-d-	+	-ste
stam	+	suffiks	+	prefiks+	stam	+	suffiks	+	suffiks	

Net soos die voorbeeld hier bo genoem, is "my boomlinggeliefdste" ook 'n liefdevolle woord waarin die digter-spreker op 'n persoonlike vlak haar liefde vir bome weergee. Die suffiks *-ste* dui 'n oortreffende trap aan wat die beminning intensiever en beklemtoon.

(Bl. 118, reël 22, no. 144)

boomwees	boom-	+		-wees
	stam	+		stam

In hierdie samestelling word die boom se "bestaan" (*wees* in die *HAT*, 2015:1574) as selfstandige naamwoord uitgebeeld.

(Bl. 118, reël 22, no. 145)

molmneutig	molm-	+	-neut-	+	-ig
	stam	+	(stam	+	suffiks)

*Molmneutig* is 'n nuutskepping wat 'n toestand van Krog se geliefde bome beskryf: "hout ... wat vergaan en poeier geword het" (*HAT*, 2015:807) in 'n neuterige voorkoms. *Niet* is nog 'n betekenisopsie (wat klink soos *neut*) en ook op die tot niet gaan ("ophou bestaan; verdwyn; ineenstort; uitmekaarval", *HAT*, 2015:842) van die bome dui.

(Bl. 118, reël 23, no. 147)

bloedbeeks	bloed-	+	-beek-	+	-s
	stam	+	(stam	+	suffiks)

*Bloedbeeks* word in gedig 4 as 'n byvoeglike naamwoord gebruik in "en iets wat voorlopig bloedbeeks splint". Waar *splint* na die gebreekte hout (boom) verwys, beskryf *bloedbeeks* die splint soos 'n "stroompie" (*HAT*, 2015:86) bloed. *Bloed* kan op 'n figuurlike vlak ook beteken dat die digter-spreker en die boom "familie" of van dieselfde "afkoms" is (*HAT*, 2015:126).

Volgens Smith (2016:1221) is dit die "bloedgreep" wat tussen die boom se wortels lê waarmee Krog haarself as "oplosbaar/vervangbaar" sien.

(Bl. 120, reël 65, no. 193)

heelalwyend      heel-      +      -al-      +      -wy-      +      -end  
                              stam      +      stam      +      stam      +      suffiks

Die woord impliseer die oorgawe ("geheel en al oorgee ...", *HAT*, 2015:1605) of die "heiligheid verleen aan" die heelal. *Heelal* sluit volgens die *HAT* (2015:428) "die hele ruimte met inbegrip van al die hemelliggame, sterre en planete, ens., en sterrestelsels" in.

### 5.3.5 Geweld en wantoestande in Suid-Afrika

"1. in gebreke bly binne-aars" (bl. 112)

(Bl. 112, reël 18, no. 11)

ineengeklaagdes

in-      +      -een-      +      -ge-      +      -kla[ag]-      +      -de-      +      -s  
stam      +      stam      +      (prefiks      +      stam      +      suffiks      +      suffiks)

Bogenoemde voorbeeld dui op persone wat van kla al "inmekaar" of "ineengekrimp" is (*HAT*, 2015:505). Die betekenis van *kla* hou verband met die tema van geweld in Suid-Afrika en sluit die volgende in:

- a) "hoorbare uiting van liggaamlike of geestelike pyn/smart", of
- b) "formele aanklag/beskuldiging, veral by die gereg" (*HAT*, 2015:621).

(Bl. 113, reël 27, no. 14)

hibriede <u>moreel-arm</u> hart	moreel-	+	-arm
	stam	+	stam

Die digter-spreker verwys na haar eie hart as 'n "hibriede moreel-arm hart" (bl. 113, reël 27) waar die nuutgeskepte samestelling *moreel-arm* dui op 'n "behoefte" of "ellendige" (*HAT*, 2015:63) "... gevoel vir wat goed en reg is" (*HAT*, 2015:812). Die afleiding is dat Krog as digter-spreker in haar hibriede hart, waar sy woorde skep "waarvan die elemente uit verskillende tale geneem is" (*HAT*, 2015:449), nie meer kan onderskei of dit goed of reg is nie.

(Bl. 113, reël 34, no. 16)

vierkamervuis	vier-	+	-kamer-	+	-vuis
	stam	+	stam	+	stam

Bostaande neologisme roep die woord "vierkamerhuis" in die geheue op, maar waar *huis* 'n plek is waar jy jou toevlug vind en geborge voel, verander *vuis* die emosionele verbintenis na iets gewelddadig. Die *vier kamers* kan ook na die hart se vier kamers verwys, maar in hierdie konteks is die hart dan 'n vuis. Is dit dié vuis wat met geweld die ek en die A/ander skei om in aparte kamers te bly, byna soos die driekamerparlement in die apartheidsera?

"2. sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas" (bl. 114)

(Bl. 114, reël 5, no. 19)

stroomkrenk	stroom-	+	-krenk
	stam	+	stam

In hierdie tweede gedig van die laaste afdeling skryf die liriese subjek in reël 3-5: “hoor jy my grabbel / in hegge in omhagte heinings in papiere / gerasse en die stroomkrenge van harsings”. Die stam *stroom* verwys op ‘n figuurlike wyse na ‘n “voortbewegende menigte” of letterlik na ‘n “rivier; spruit” (*HAT*, 2015:1281) terwyl *krenge* ‘n “kadawer” (Coetzee, 2009:160) of “dooie dier in ‘n staat van ontbinding” (*HAT*, 2015:686) impliseer. Dus ‘n stroom mense wat voortbeweeg, maar eintlik reeds dood is – dié stroom mense se harsings is reeds in ‘n staat van ontbinding.

‘n Ander betekenisopsie van *krenge* is wanneer ‘n mens ‘n skip “laat oorhel op een kant vir herstel” wat impliseer dat beskadiging plaasgevind het. Selfs die woord *krenk* se betekenis van “geestelike pyn aandoen; beledig; grief; seermaak” (*HAT*, 2015:686) sluit aan by die proses van aftakeling, hetsy fisies of geestelik.

In Nederlands is daar nog ‘n betekenis van *krenge*, naamlik “gemene vrou” of “teef” (Martin, 2011:932).

### “3. ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*” (bl.116)

(Bl. 116, reël 3, no. 44)

roofsugskitterend

roof-	+	-sug-	+	-skitter-	+	-end
stam	+	stam	+	stam	+	suffiks

Hierdie samestellende afleiding beskryf die buitengewone aard (“wat uitblink; buitengewoon mooi/goed; pragtig; uitstekend”, *HAT*, 2015:1158) van die “begeerte om te roof” (*HAT*, 2015:1074)

(Bl. 117, reël 30, no. 87)

mensdeurwraakte

mens-	+	-deur-	+	-wraak-	+	-te
stam	+	stam	+	stam	+	suffiks

Bogenoemde nuutskepping kan verskeie betekenisassosiasies hê, maar in terme van die geweld en wantoestande in die land is die afleiding dat *wraak* ("handeling van jou te wreek; daad van kwaad met kwaad te vergeld", *HAT*, 2015:1602) wat deur die *mens* se toedoen tot stand gekom het, gepas.

#### "4. tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid" (bl. 118)

(Bl. 119, reël 31, no. 153)

w(a)onde	w(a)ond-	+	-e
	stam	+	suffiks

Twee betekenis, *wande* en *wonde*, word met die invoeging van "a" in hierdie leksikale item gesuggereer. Soos reeds in paragraaf 4.2.3 (by die bespreking van gedig 4) genoem, skryf Viljoen (2016) dat die ekstra letter of klank (of albei) wat aan 'n bestaande woord gevoeg word (sillabeerversteuring) die woord verander en dus die leser dwing om 'n nuwe vreemde taal te verken.

Volgens die *HAT* (2015:1561) is *wand* 'n "afskorting/muur" wat in hierdie geval 'n *wond* of "groot hartseer veroorsaak; kwets; grief" (*HAT*, 2015:1599). 'n Mens kan spekuleer dat die wand/afskorting/muur na apartheid verwys wat 'n groot wond gelaat het.

(Bl. 119, reël 44, no. 165)

liedletsels	lied-	+	-letsel-	+	-s
	stam	+	stam	+	suffiks

*Letsels* is "knou[e] wat jy geestelik oorgehou het" (*HAT*, 2015:728) van "woorde/gedig wat gesing (kan) word, asook die melodie daarvan" (*HAT*, 2015:734).

(Bl. 119, reël 45, no. 168)

nywerig	nydig	+	ywerig
of			
	nydig	+	naywerig

Die eerste voorbeeld hier bo blyk een te wees waar die digter-spreker twee woorde bewustelik reduceer en dan kombineer (reduksiesamestelling) en dui op die "geesdrif" (*HAT*, 2015:1612) waarmee daar "vyandig" of "afgunstig" (*HAT*, 2015:854) opgetree word.

In die tweede voorbeeld beklemtoon die reduksiesamestelling van *nydig* en *naywerig* die "afguns" omdat beide woorde die betekenis van "afguns" en "jaloesie" (*HAT*, 2015:832) oordra.

#### 5.4 Samevatting

Waar hoofstuk 4 van hierdie verhandeling op die morfologiese analise van die komposisiestrukture in die laaste gedigreeks fokus, gee hoofstuk 5 'n blik op die semantiese sy van die woordvormingsprosesse. Uit voorbeelde uit die laaste vier gedigte is dit duidelik dat Krog deur woordspel leksikale items spesifiek so manipuleer

dat die nuutskappings se betekenis inpas by die tema van elke gedig en ook by die temas van die bundel in geheel.

Die leksikale vernuwing is die resultaat van 'n tussenspel tussen morfologiese geledingspatrone en semantiese taalspel (betekenismanipulasie weens morfologiese ingreep).

## HOOFSTUK 6

### SLOT

#### 6.1 Samevatting

In die bundel *Mede-wete* neem Antjie Krog 'n wending weg van Standaardafrikaans én 'n poging tot taalvernuwing in veral die laaste afdeling met 'n gedigreëks, getiteld "vier pogings in linguistiese sinaps-opsporing". Soos reeds in hierdie verhandeling (paragraaf 4.2.1) genoem, impliseer die titel van die gedigreëks die "poging tot sinapsvorming, oftewel samebinding en die opsporing van samebindende faktore deur die digter met die A/ander wat buite die self teenwoordig is" (Smith, 2016:1215). Die implikasie is dan ook dat hierdie samebinding deur die taal sal geskied.

Die digter-spreker se doelwit word reeds in die motto-gedig aangekondig met eksperimentele pogings tot vernuwing en verandering; pogings om Afrikaans, wat eers 'n dominante taal was, te deterritorialiseer en sodoende 'n mineurtaal te skep wat 'n "strategiese losmaak van die oue" behels en daardeur alles en almal in 'n nuwe bedeling insluit (Stander, 2012:30).

Die vier gedigte ("vier pogings") met titels, "in gebreke bly binne-aars", "sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas", "ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS*" en "tesis in gestapelde sillabe-versteuring oor ingebedheid" verwys onderskeidelik na die spel met sillabewisseling, die voorsetting om die taal te forseer om met die A/ander te konnekteer in die noord-suid-kompas, akademiese opsommings rakende konneksies deur taal, digkuns en letterkunde en hoe ver die digter-spreker sal gaan om die taal te "breek" en soos, in 'n akademiese tesis, sistematies uit te lê.

Krog word aangespoor deur Paul Celan se tegnieke om woorde op te breek en nuwe woorde te vorm (paragraaf 3.4) en hul het iets in gemeen rakende hul taal: albei se taal is deur geweld aangetas en gestigmatiseer – Krog s'n deur die apartheidsregime en Celan s'n deur die Holocaust. Krog is ook soos Celan op soek na iets medemensliks en sy wil haar taal transformeer om, soos sy dit stel: "'n moontlike bestaan van Afrikaans-wees van een-in-veelheid met die ander" te bewerkstellig (Van Vuuren, 2014).

Hierdie taaltransformasie word vergestalt in 196 nuutgeskepte leksikale items uit die laaste vier gedigte waarvan verteenwoordigende voorbeelde aan die hand van Combrink (1990:53-85) se verskillende produkte van kombinasie, naamlik Afleidings, Samestellings, Samestellende afleidings, Samestellende samestellings en Vloekwoordinlywing ingedeel en morfologies ontleed is; ook ook op 'n semantiese vlak met betrekking tot die bundeltemas.

## 6.2 Bevindings

Uit 'n vergelykingsbasis met twee ander plaaslike digters soos Peter Blum en Breyten Breytenbach wat net soos Krog in Afrikaans morfologiese vernuwing (dit wat as "morfologies afwykend" beskou word, maar tot morfologiese vernuwing kan lei) toepas, is dit opmerklik dat verskillende tegnieke gebruik word na gelang van die spesifieke prosesse wat die digter daartoe lei. Die einddoel is om 'n boodskap oor te dra.

By Blum, wat reeds as kind tale soos Duits, Engels, Frans en Italiaans bemeester het, noem Walters (1972:43) die volgende prosesse in die gedig "Rooinekke op Hermanus":

Bekende woorde word saamgevoeg tot nuwe kombinasies of samestellings; dele van bekende woorde word hersaamgestel tot nuwe verbindings; herleidinge word gemaak van die vorm en/ of woordklank van Duitse, Franse, Engelse en Nederlandse woorde en vreemde woorde uit Frans, Latyn, Engels, Italiaans en Nederlands word oorgeneem en as leenwoorde gebruik.

Blum se doel is om die werklikheid satiries voor te stel.

In "Man wat mal word" is die tegnieke afwykende sintaksis, verwronge woorde en neologismes met die doel om "die aftakeling van die rede onmiddellik te versigbaar" (Grové 1967:30)

Breytenbach se morfologiese omvormings en nuutskeppings kan gesien word as 'n kreatiewe spel met die wortels van die taal. In sy gedig "5" in *Die windvanger* "speel" hy meestal met twee wortels, maar klankmatig, prosesmatig en morfologies funksioneer dit

nie dieselfde as by Krog nie, want by Breytenbach ontbreek die morfologiese “logika” of sistematiek wat by Krog te bespeur is.

“Koong Byten 1” is ‘n spel met die taal waarin hy gebruik maak van ‘n vorm van uitwissing soortgelyk aan die kriptogram. Soos reeds genoem (paragraaf 3.3.2) is die kriptogram die woord of frase wat verberg word onder die woord wat in die teks staan; so ‘n kriptogram word uitgewis wanneer die woord in die teks bo-oor dit geskryf is. Dit is vir die leser nodig om uit te pluus watter kriptogramme deur die woorde in die teks uitgewis is en ook op watter maniere dit omvorm is (Viljoen, 2014b:295). Die doel van Breytenbach se woordspel en die boodskap wat hy wil oordra is nie deurgaans maklik om te verstaan nie en gaan gepaard met die “ophef van logika ... van alle hiërargieë ...” (Tristan Tzara in Cloete, 1992:62).

Krog se digkuns aan die ander kant is meer patroonmatig en die tegnieke wat sy gebruik, stem ooreen met dié van Celan (waarmee sy kennis gemaak het en waarin sy tydens haar verblyf in 2008 in Duitsland privaatonderrig ontvang het). Uit die navorsing van hierdie studie is die volgende bevindings afgelei ten opsigte van die morfologiese vernuwing wat Krog toepas:

- Die toevoeging van ‘n suffiks aan die einde van ‘n bestaande woord wat die oorspronklike woord se betekenis verander, byvoorbeeld *verdorb*, *droomster(k)*, *vervoerd*, *gewor(d)p*.
- Vokaalverandering binne-in die woord wat tot ‘n nuwe betekenis lei, maar ook die oorspronklike betekenis van die woord (voor vokaalverandering) suggereer, byvoorbeeld *medemanslik*, *kwats*, *aanvellende*, *w(a)onde*, *enkelha(o)ltes*, *selfomhalsings*, *onvervu(a)lde*, *ontkannend*.
- Die invoeging van ‘n medeklinker (in hakies) binne-in ‘n woord wat die leser met twee opsionele keuses met twee verskillende woordbetekenisse laat, byvoorbeeld *elk(h)aar-wees*, *medel(j)y*e, *heelhei(l)dswordende*, *op(p)erlug*, *verb(l)ind*.
- Die samevoeging van bekende woorde tot nuwe kombinasies. Dit gaan hier om die opheffing van die arbitrêre en konvensionele aard van woorde/stamme sodat

'n nuwe kombinasie 'n nuwe en dus nie-konvensionele betekenis kan skep vir slegs die konteks van die gedig, byvoorbeeld *woordeskot, laafhê, oorlag, boomwees, skepstort*.

- Die samevoeging van vreemde woorde met verskillende assosiasies in nuutgeskepte samestellings wat nuwe betekenis tot gevolg het, byvoorbeeld *fluweeltoon-geweerskote, medekaarsbloedbewaring, leegsmoedvendetta*.
- Die gebruik van 'n woord in sy morfologiese vorm waarin daar 'n ander woord skuil wat nie in die morfologiese analise voorkom nie, byvoorbeeld *-rooi-* in *daggaprooiogend*.
- Die gebruik van deelwoorde en adjektiewe met *-end*-uitgange, byvoorbeeld *nuutwoordend, middelmurgvlietend, magnoliameelawend, sorgasemend*.
- Die skep van ongewone werkwoord-nuutskappings deur die werkwoordvormende afleidingsmorfeem *ver-* te gebruik, byvoorbeeld *vergras, vermier, verwolk, verswatwitpens*.
- Die gebruik van reduksiesamestelling deur een of albei woorde te reduceer en dan te kombineer wat 'n nuutskapping tot gevolg het, byvoorbeeld *ons'le (ons + julle), honger'le (honger + hulle)* en *nywerig (nydig + ywerig)*.

Die leksikale vernuwing in die gedigte maak dit moontlik om 'n nuwe taal te skep wat binne die tematiek van die gedigte en die bundel alles en almal in die nuwe Suid-Afrikaanse bedeling insluit.

### 6.3 Gevolgtrekking

Na aanleiding van die bevindings (paragraaf 6.2) oor die prosesse wat Krog gebruik het asook Combrink (1990:81) se siening dat "skepping pas ter sake [word] wanneer dit gepaard gaan met sistematiek", toon die studie aan dat daar beslis 'n morfologiese sistematiek in die vorming van Krog se morfologiese vernuwing is.

Die afleiding is dat daar soms wel grys areas is waar die leser nie vir seker kan bepaal of die digter-skrywer net intuïtief te werk gegaan het en of sy 'n sistematiek gevolg het

nie. Die ondersoek het ten doel gehad om in hoofstuk 4 op die morfologiese patroonmatigheide en in hoofstuk 5 op die semantiese verruiming of betekenisverbreding van nuwe kombinasies in die laaste afdeling van Krog se bundel, *Mede-wete* te wys.

#### **6.4 Beperkings van die studie en verdere navorsingsmoontlikhede**

Daar is doelbewus nie gepoog om in hierdie verhandeling 'n indiepte morfologiese ondersoek te doen wat boomdiagramme sou kon insluit om verskille in hiërargiese vlakke aan te dui nie. Die vertrekpunt is om 'n verteenwoordige keur van voorbeelde, gelei volgens 'n siftingsproses deur Combrink se woordvormingsreëls, aan te bied. Die ontledings in hierdie studie is wel subjektief; 'n volgende navorser kan tot ander gevolgtrekkings tot die morfologiese opbou kom.

## BIBLIOGRAFIE

- Blum, P. 1955. *Steenbok tot poolsee*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W. en Hiemstra, L.W. (reds.). 1984. *Tweetalige woordeboek – Bilingual dictionary*. Agste hersiene en vermeerderde uitgawe. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Breytenbach, B. 2007. *Die windvanger*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- . 2019. *op weg na kû*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brink, A.P. 2008. *Groot verseboek. Deel 2*. Eerste uitgawe in drie dele. Kaapstad: Tafelberg.
- Carstens, A. 1990. Komposisionaleitsbeginsel en die beskrywing van geleentheidskomposita. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 8(3):99-106. [Intyds]. Beskikbaar: <https://doi.org/10.1080/10118063.1990.9723826> [2021, Februarie 28].
- Carstens, A. en Swanepoel, P.H. 1993. Komposisionaleit, motivering en die grammatika van Afrikaans. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 14:1-78. [Intyds]. Beskikbaar: <https://doi.org/10.1080/10118063.1993.9724477> [2021, Februarie 26].
- Celan, P. 1996. *Paul Celan. Selected poems. Translated with an introduction by Michael Hamburger*. Londen, New York, Victoria, Ontario, Auckland: Penguin Books.
- Chittenden, H. en Whyte, I. 2009. *Roberts voëlgids. Nasionale Krugerwildtuin en aangrensende Laeveld. 'n Gids tot meer as 420 voëls in die gebied*. Maleisië: Tien Wah Press.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Coetzee, A. 2009. Die vlugtige taal van vergeet: Die metafoor by Breyten Breytenbach. *Tydskrif vir letterkunde*, 46(2):150-168.

- Colin, P.F. 2016. "Kranksinnig of klanksinnig". Uitbeeldings van psigiatriese versteurings in die Afrikaanse poësie: 'n Intertekstuele ondersoek. Ongepubliseerde mini-MA-verhandeling (Kreatiewe skryfkuns). Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse morfologie – Capita Exemplaria*. Pretoria: Academica.
- Cummings, E.E. 1972. *Complete poems 1913-1962*. New York: Harcourt, Brace & Jovanovich.
- Cureton, R.D. 1979. E.E. Cummings: a study of the poetic use of deviant morphology. *Poetics today*, 1(1/2): 213-244. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.jstor.org/stable/1772048> [2020, Augustus 6].
- De Lange, J. 2012. *Kaapse paragrawe. Peter Blum – Die kranksinnige*. [Intyds]. Beskikbaar: [johanndelange.blogspot.com](http://johanndelange.blogspot.com) [2020, Augustus 20].
- De Villiers, M., Smuts, J., Eksteen, L.C. en Gouws, R.H. (reds.). 1987. *Nasionale woordeboek. Afrikaanse woordverklaring*. Sewende uitgawe. Goodwood: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Beperk.
- Den Boon, T. en Geeraerts, D. 2005. *Van Dale Groot woordenboek van de Nederlandse taal*. Veertiende hersiene uitgawe. Utrecht / Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Esterhuizen, L. 2014. "Die verweerde liggaam vertaal haar ontologie". [Intyds]. Beskikbaar: <http://versindaba.co.za/tag/mede-wete/> [2018, November 25].
- Fairley, I. P. 1975. *E. E. Cummings and ungrammar: A study of syntactic deviance in his poems*. New York: Watermill Publishers.
- Franklin, R. 2020. How Paul Celan reconceived language for a post-Holocaust world. *The New Yorker*, 23 November. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.newyorker.com/magazine/2020/11/23/how-paul-celan-reconceived-language-for-a-post-holocaust-world> [2021, Februarie 28].

George, E.E. 1997. Language and the Holocaust: reflections on the poetry of Paul Celan. *Michigan Quarterly Review*, 36(3). [Intyds]. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/2027/spo.act2080.0036.318> [2021, Februarie 26].

Gómez-Jiménez, E.M. 2017. Unconventional patterns in the experimental poetry of E. E. Cummings: A stylistic approach to punctuation marks. *Language and Literature*, 26(3):191-212. [Intyds]. Beskikbaar: <https://doi.org/10.1177/0963947016686606> [2019, Februarie 16].

Gouws, R.H., Luther, J. en Pheiffer, F. (reds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson Holdings (Edms.) Bpk.

Grové, A.P. 1967. Ontwikkeling en perspektief in die Afrikaanse poësie. *Koers – Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 34(4/5). [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.koersjournal.org.za> [2020, Augustus 21].

Hambidge, J. 2007. *Woorde wat weeg: Breyten Breytenbach – Die windvanger*. [Intyds]. Beskikbaar: [joanhambidge.blogspot.com/2013/02/breyten-breytenbach-die-windvanger-2007.html](http://joanhambidge.blogspot.com/2013/02/breyten-breytenbach-die-windvanger-2007.html) [2019, November 4].

Harrell, D.F. 2005. *Shades of computational evocation and meaning: the GRIOT system and improvisational poetry generation*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://groups.csail.mit.edu/icelab/sites/default/files/pdf/Harrell-DAC2005.pdf> [2019, Maart 9].

Haspelmath, M. 2002. *Understanding morphology*. Londen: Arnold Publishers.

*Ingeborg Bachmann. Autsrian author.* s.j. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.britannica.com/biography/Ingeborg-Bachmann> [2016, April 6].

Jacobs, Ihethe. 2015. Resensie. *Mede-wete* (Antjie Krog). *Tydskrif vir letterkunde*, 52(2): 235-236.

Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 2*. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.dbnl.org> [2020, Augustus 17].

Kant, I. 2007 [1781]. *Critique of pure reason. Translated by M. Weigelt.* Londen: Penguin Books Ltd.

Katamba, F. 2003. *Morphology: critical concepts in Linguistics.* Engeland: Routledge.

Klopper, A.E. 2017. Identiteitskonfigurasies in wit Afrikaanse rap-musiek met spesifieke verwysing na Die Antwoord, Jack Parrow en Bittereinder. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. [Intyds]. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/10019.1/102957> [2020, November 12].

Krog, A. 2009. *Begging to be black.* Kaapstad: Random House Struik.

—. 2014. *Mede-wete.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Martin, Willy. (red.). 2011. *Groot Woordeboek – Afrikaans en Nederlands (deur Pharos Woordeboeke).* Kaapstad: NB-Uitgewers.

*My Dopperdagboek. 11 Februarie 1859. Die Jerusalemgangers en die GKSA.* 2020. [Intyds]. Beskikbaar: <https://morneweb.wordpress.com/2020/02/04/11-februarie-1859-die-jerusalemgangers-en-die-gksa/> [2020, Oktober 24].

Nienaber-Luitingh, M. 1986. Sweepsiekes, swartes en kleindorpse blankes. *Die Burger*, 13 Maart.

Nilep, C. 2006. "Code switching" in sociocultural linguistics. *Colorado research in linguistics*, 19:1-22. [Intyds]. Beskikbaar: <https://doi.org/10.25810/hnq4-jv62> [2019, Maart 15].

Obermüller, Martin. 2000. *Ingeborg Bachmann – Früher mittag – Interpretation.* [Intyds]. Beskikbaar: <https://m.grin.com/document/99728> [2017, Augustus 12].

Odendaal, B. 2019. *Resensie: "op weg na kû" (Breyten Breytenbach).* [Intyds]. Beskikbaar: <https://versindaba.co.za/2019/04/15/resensie-op-weg-na-ku-breyten-breytenbach/> [2020, September 15].

- Online Etymology dictionary*. 2001. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.etymonline.com/index.php?term=synapse> [2018, Julie 9].
- Pagnini, M. en Elam, K. 1985. The case of Cummings. *Poetics today*, 6(3):357-373. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.jstor.org/stable/1771901> [2019, Maart 10].
- Pharos Afrikaans-Engels / English-Afrikaans Woordeboek Dictionary*. 2005. Kaapstad: NB-Uitgewers.
- Pieterse, H.J. 2017. Variasie en variëteit: 'n Voorlopige verkenning van die voorkoms en funksie van taalvariëteite in *Kaar* (Marlene van Niekerk). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1): 369-386.
- Poetry Foundation – Paul Celan. 2017. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.poetryfoundation.org/poets/paul-celan> [2018, Februarie 12].
- Retief, H. 2000. Hanlie Retief gesels met Antjie Krog. *Rapport*. 15 Oktober.
- Sarkar, M en Winer, L. 2006. Multilingual codeswitching in Quebec Rap: poetry, pragmatics and performativity. *International journal of multilingualism*, 3(3):173-192. [Intyds]. Beskikbaar: <https://doi.org/10.2167/ijm030.0> [2019, Februarie 13].
- Sauer, H. 1985. Lazamon's compound nouns and their morphology. In: J. Fisiak (red.). *Historical semantics – historical word-formation*. Berlyn: De Gruyter Publishers. 483-533.
- Shoptaw, J. 2000. Lyric Cryptography. *Poetics today. International journal for theory and analysis of literature and communication*, 21(1):221-262. [Intyds]. Beskikbaar: <https://doi.org/10.1215/03335372-21-1-221> [2020, Augustus 12].
- Smith, Susan. 2016. "Landskapverinniging" as sentrale motief in die gedig "tesis in gestapelde sillabeerversteuring oor ingebedheid" in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2): 1213-1226.

Stander, A.S. 2012. Taal wat stamel, stotter en struikel: Marlene van Niekerk se *Die sneeuslaper* (2010) as mineurletterkunde. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. [Intyds]. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/10019.1/20061> [2018, April 2].

Taljard, M. 2014. *Resensie: "Mede-wete" (Antjie Krog)*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://versindaba.co.za/2014/12/08/resensie-mede-wete-antjie-krog/#more-55426> [2018, Desember 08].

Terblanche, E. 2017. Antjie Krog (1952 - ). *ATKV/LitNet skrywersalbum*. [Intyds]. Beskikbaar: [www.litnet.co.za/antjiekrog-1952/](http://www.litnet.co.za/antjiekrog-1952/) [2018, Julie 25].

*The life of Jakes Gerwel*. 2012. [Intyds]. Beskikbaar: [m.news24.com/news24/SouthAfrica/News/The-life-of-Jakes-Gerwel-20121128](http://m.news24.com/news24/SouthAfrica/News/The-life-of-Jakes-Gerwel-20121128) [2018, November 28].

*The Magnolia flower: its meanings and symbolism*. s.j. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.flowermeaning.com/magnolia-flower-meaning/> [2018, Desember 14].

Toivanen, J. 2012. *Corpus-based generation of content and form in poetry*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://hdl.handle.net/10138/37269> [2019, Maart 5].

Tolsi, Niren. 2012. The epitome of integrity and courage. *Mail & Guardian*. [Intyds]. Beskikbaar: <https://mg.co.za/article/2012-11-30-00-jakes-gerwel-the-epitome-of-integrity-and-courage> [2018, November 30].

Trümpelmann, G.P.J. en Erbe, E. (reds.). 2011. *Woordeboek. Afrikaans – Duits. Wörterbuch. Deutsch – Afrikaans (deur Pharos Woordeboeke)*. Vierde uitgawe. Kaapstad: NB-Uitgewers.

Van Coller, H.P. (red.). 2015. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Van Niekerk, A. en Jenkinson, A. 2004. Leksikale vernuwing: neologismes en geleentheidskeppings. *Southern African linguistics and applied language studies*, 22(3-4):173-190. [Intyds]. Beskikbaar: <https://doi.org/10.2989/16073610409486369> [2021, Februarie 25].

Van Niekerk, J. 2014. Lewe sonder wete van ander – Resensie van *Mede-wete* deur Antjie Krog. *Rapport*. 7 Desember. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.netwerk24.com/vermaak/2014-12-07-lewe-sonder-wete-van-ander> [2020, September 5].

Van Niekerk, Marlene. 2013. *Kaar*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Van Vuuren, Helize. 2006. *Verweerskrif* (2006) – Antjie Krog – resensie. *Beeld*. 17 April: 9.

—. 2014. *LitNet Akademies-resensie-essay: Mede-wete deur Antjie Krog*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-mede-wete-deur-antjie-krog/> [2018, Desember 3].

Viljoen, Louise. 1989. Resensie: *Lady Anne* deur Antjie Krog. *Die Burger*. 28 Desember.

—. 2007a. Resensie: Breyten Breytenbach – *Die windvanger*. *Die Burger*. 16 April.

—. 2007b. Antjie Krog en haar literêre moeders: die werking van 'n vroulike tradisie in die Afrikaanse poësie. *Tydskrif vir letterkunde*, 44(2): 5-28.

—. 2009. *Ons ongehoorde soort*. Stellenbosch: Sun Media.

—. 2014a. Resensie: Antjie Krog – *Mede-wete*. *Die Burger*. 13 Desember.

—. 2014b. *Die mond vol vuur. Beskouings oor die werk van Breyten Breytenbach*. Stellenbosch: Sun Media.

—. 2016. Antjie Krog's *Mede-wete* / *Synapse* as a challenge to new ways of comparative reading. *Literator*, 37(1). [Intyds]. Beskikbaar: <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v37i1.1271> [2018, Julie 21].

Visagie, A. 2015. Sinaps-opsporing tussen self en ander in Antjie Krog se *Mede-wete* (2014). *Tydskrif vir letterkunde*, 52(2): 225-234.

Voges, R. 2017. Die hantering van die begrip 'interverbondenheid' in Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014). Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. [Intyds]. Beskikbaar: <https://scholar.sun.ac.za> [2020, Oktober, 26].

—. 2019. Antjie Krog, gemeenskaplikheid en die behoefte aan interverbondenheid in *Mede-wete* (2014). *LitNet Akademies*, 16(1): 145-165.

Walters, M. 1972. 'n Semantiese en morfologiese ondersoek na die ligmomente in die bundel *Enklaves van die lig* van Peter Blum. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad. [Intyds]. Beskikbaar: [open.uct.ac.za/handle/11427/23541?show=full](http://open.uct.ac.za/handle/11427/23541?show=full) [2020, September 18].

*Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. s.j. [Intyds]. Beskikbaar: <https://www.woordeboek.co.za> [2020, Augustus 2020].

Willet, C. 2014. *Interspecies ethics*. New York: Columbia University Press.

Zwicky, A.M. en Pullum, G.K. 1987. Plain morphology and expressive morphology. Referaat gelewer by die Thirteenth annual meeting of the Berkeley Linguistics Society. [Intyds]. Beskikbaar: <https://doi.org/10.3765/bls.v13i0>. [2019, Junie 21].

## **DISKOGRAFIE**

BBT (2002) *Bomb Beat Theme*. BBT Wreck-Hurdz.

Bless (2003) *Platinumberg: The Movement*. R&R Muzik/Militant Muzik.

Buzzy Bwoy (2003) *Fume-le*. BBT Wreck-Hurdz.

Kasheem Malstrom (2001) *Ange ou demon*. Lov Records.

Les Architekts (2001) *Le plan*. R&R Muzik/Militant Muzik.

Muzion (1999) *Mentalité moune morne*. BMG Quebec.

Muzion (2002) *J'révolutionne*. BMG Quebec.

Sans Pression (1999) *514-50 dans mon réseau*. Disques Mont Real.

San Pression (2003) *Réplique aux offusqués*. Disques Mont Real.

## **ADDENDUM**

### **Einmal**

- 1 EINMAL,
- 2 da hörte ich ihn,
- 3 da wusch er die Welt,
- 4 ungesehn, nachtlang,
- 5 wirklich.
  
- 6 Eins und Unendlich,
- 7 vernichtet,
- 8 ichten.
  
- 9 Licht war. Rettung.

**1.**

**in gebreke bly binne-aars**

*(In strange yourself, /deeper. Paul Celan)*

1     wanneer ontbinding soos refreine onhoudbaar binne-aars tap  
2     skroei heimwee brandstroke om dit wat kon wees:  
3     orberende hart van die heuninglyf eens en maanhaar  
4     oë heilhappend uit die slankheid van witstinkhouthalse

5     tong gevolmag  
6     die son sniert  
7     die nagberg nerts

8     haelwitogig die ek in die vlamstippekleem van die groot luister  
9     om knalbenig te leef op die volle omgee af   hosanna en here

10    die aarde het ek in my mond geneem. 'n verhewigde land  
11    probeer begryp. daarvan herstel ek nie weer nie

12    nog van die gebral  
13    van oorhoofse manlikheid

- 14    nog van die raafgier
- 15        van geldgrabbelary
- 16    nog van mense versug tot bestuurde verhongering
- 17    die waarheid wou ek bestek    die ondiep oopkap
- 18    die onmededeelsames vergruis    die ineengeklaagdes
- 19    tot integrasie bevry    'n klipkapper wees
- 20    'n priesteres van stof
- 21    'n vorm-eter
- 22    'n regentes van
- 23        aardkorsbemming in
- 24        universums van omgee
- 25    maar my eie verrotting huigel nie, is nie skroomvallig nie
- 26    dit kyk mens al hoe omvattender aan – hou
- 27    die hibriede moree-arm hart    die lamhangende slagtersarm
- 28    die keelvel van as    al hoe hitsiger dop

29 in traë sterrewaas

30 gryp sterflikheid

31 hinnikend

32 deur my heen

33 ek hang met my hand aan my enigste téénwees:

34 die hortende donker dahlia-gevulde vierkamervuis

## 2.

### **sillabe-sinaps in die noord/suid-kompas**

- 1 hoor jy my
- 2 jy wat julle/ons is
  
- 3 hoor jy my grabbel
- 4 in hegge in omhagte heinings in papiere
- 5 gerasse en die stroomkrenge van harsings
  
- 6 jy laaf op die uitroffelende ente
- 7 van ons intalige kontinente –
- 8 daar waar ons losgeskaar is
- 9 eens toe ons retinas mekaars was
- 10 eens voor ons andersheem begin bloei het
- 11 eens toe ons elk(h)aar-wees moontlik was
  
- 12 hoor jy my?
- 13 jy wat julle/ons is
  
- 14 my bannendste buig in my my binneste

15 moet bagger in buigtes onnegeerbare bogte want  
16 sniks aan jou laat my onberoerd nie

17 kom ons begin weer as vuurvarende sinaps  
18 jou'le wolkheid en ons'le stof

19 sandklip sling fyn traseer mier'le ons'le wange

20 hoor jou'le my?  
21 jy wat ons'le is

22 as weggekrote sompige lewers leef ons  
23 wreedmoedige afstompings: laat sein oor die spleet

24 alle jou'le ons'le alle aard'le arm'le honger'le  
25 asmekaar waks ons'le almals voete voer mekaars monde

26 vervullings van meesalwing  
27 voort in erbarmde armadaskes sterre

28 dit wat anders ek'le gryp die ons'le  
29 in 'n nuwe woordeskot van etaak

30 ons knal gans die aar-eerde tot kielblou-klank

- 31 (hoor jy die nuwe-nuwe die safte hoe verlosbluffend
- 32 spoel die swoegtels van apoorte aardes los?)

3.

**ESSAY-ABSTRAKTE re: *SINAPS***

*Nur die Hoffnung kauert erblindet im Licht.*

Ingeborg Bachmann

1 **ABSTRAK 1:** die keelafgesnyde woord die onskuldige land die sintaksis met  
2 ou bloed aan gammele fluweeltoon-geweerskote en die gevilte baard oprillend  
3 roofsugskitterend tydens slordige gebede o plekke van stilstand en besweke  
4 ingewande? Doodsbringdommende wange skrielpuisterig daggaprooiogend  
5 tankwiegend

6 **Sleutelwoorde:** loodklotend medemanslik kamoefleertierend Gyekye

7 **ABSTRAK 2:** verse in hul eie universums van verminkte sintaksis morfeem-  
8 oopborend nuutwoordend binne ou vokaalgerasde asems vertaling word  
9 ekstensie en radikale voorwaarde vir begrip lees is om te vertaal? dit rus nooit  
10 maklik op die etiserende tong

11 **Sleutelwoorde:** taalheiningknotting Celan etiesentrifugaal eerknopend  
12 versterrend

13 **ABSTRAK 3:** vuur wat nie uitbrand haar hare gregoriaans gegrint digstruikend  
14 as takkies verdorb ontluisterd kwats die berk gragontgogelde warhede die af-

15 gemete gang van wanhoop vat net vát aan my asof blindvingerpuntend on-

16 ontkinde berou 'n stuk sterwing

17 **Sleutelwoorde:** medekaarsbloedbewaring middelurgvlietend laafhê

18 grondifiseer

19 **ABSTRAK 4:** nooit verlaat sy oë haar mond nie sy's bewus van te veel bloed

20 in haar lippe 'n mondholtelossigheid sy's woord-artikulerende asof in gesprek

21 met sy oë as sy nou haar tong? wegdraaiend 'n glas pynvaart

22 **Sleutelwoorde:** medel(j)ye loefagtervolgde weerskynsbedier aanvellende

23 een-in-vele

24 **ABSTRAK 5:** daar's iets aan ouer mans 'n sjarmante selfversekerdheid? 'n

25 bedaarde roekeloosheid? hul weerlose wangteerheid ont-engende ooglede

26 eis niks breek niks roep niemand tot verantwoording hy bemin met byna

27 treurende wenkbroue wat onverwags voor hom staan

28 **Sleutelwoorde:** heilspreekgelommerd magnoliameelawend oorlag

29 medemenses

30 **ABSTRAK 6:** mensdeurwraakte gewrig van die wêreld ademloospêrelend tou

31 woordwraake gedigte skeur oor die blaai waaruit dialoë wel voltydsvallende

32 blare? die gebou oorkant sigbaarder iemand maak 'n venster oop eensaamheid

33 hang altyd vernullend aan die elmboë

34 **Sleutelwoorde:** leegsmoedvendetta oewer- en eweningloos Carson

35 meegevoelfalend

36 **ABSTRAK 7:** die afrikaanse letterkunde sinkshackend almal hurk op die

37 grondvloer druk mekaar vir ekstra beenspasia nou en dan pluk iemand die

38 blikdeur oop is julle wragtig nog hier? iemand sing yoohotohoo iemand molm

39 'n ander kakkerlakend

40 **Sleutelwoord:** medeklinkermedepligtigheid bobeenversitters-in-

41 krimpemde-taal oud-ontongend

42 **ABSTRAK 8:** méér is nodig in dié kakebeen van haat as vlerkskarnierende

43 hiernamaalse mense droom nie meer geregtigheid nie maar rykdom? ag

44 om droesemtoe deurspriet te voel deur elke menselied en hoe jou huid

45 sorgasemend afgronde dek

46 **Sleutelwoorde:** evangaliesmedesleurend wanhoopsepifanie Hinsey

47 rulleswart sneeubrei plantliks

48 **ABSTRAK 9:** die gesig onthuts my die inval van jou oë: onderbreek my

49 wees hou my in kruisverhoor spreek geregtigheid gaan my begrip vooraf

50 is die voorportaal van my verwildering die oog-issigheid 'n kleed van bevel:

51 voldoen!

52 **Sleutelwoorde:** ontLevinas binêrevermyding ademdeurwaks mededoog

53 **ABSTRAK 10:** ek hu 'n onnamaakbare boom my egbindelik benaamde?

54 haar bedagse asem Blossing op my skouers ek's jags op haar aflat haar tong

55 in my oor pluk 'n brandende lont deur my harskings vryvuurwirrkaatsend

56 vlamtasbaarste my. goddin

57 **Sleutelwoorde:** vergras vermier verwoek verswartwitpens //Kabbo

58 landskapverinniging enkelmensvel-opgee-end

#### 4.

#### **tesis in gestapelde sillabeversteuring oor ingebedheid**

1 *(die onkwantifiseerbare)*

2 my liggaam leer geleidelik die ontologie van ansigbaarheid

3 lees om sodoende met heelhei(l)dswordende vibrasies

4 as permanente onsekerheid op asem te kom van ons

5 op(p)erlug en allenighede wil my oë slegs: die wees

6 en die radelose gryp van mortaliteit

7 begin sysnap as 'n soort onfinaliteit

8 *(die kritieke vraag)*

9 :die berg strik die kleur van gestoofde pienkgeprikte kweper

10 in ons midde-syn is die skielik onkodeerbare pyn

11 wat ek voel bloot 'n droomster(k) self wat stramlighouend wrik?

12 of dalk tiperend van 'n elektromagnetiese hart?

13 is dit onmoontlik om uit te reik as 'n word-

14 deurwarde maar waastulpende

15 oneindigheidsverbondte mens gebenig

16 bevlesig en vervoerd tot in die nano-ste nanonietjie-gebod?

17 want wat de fok anders bedoel die inhomse filosowe?

18 is dit dít?

19 *(definiërings van onderlinge verbinding)*

20 jirre my takkerasie my boomlinggeliefdeste –

21 hoe sjarmantogig waak jou allesherstellende begrip

22 van boomwees molmneutig mosbassig

23 en iets wat voorlopig bloedbeeks splint

24 ek is daar ín

25 én jy jy's opgeraap tot die radiogolwe van wesenheid

26 ook besig om veelwees te huidig om heelsaamheid

27 van al ons wesende gewordendes van klip

28 tot tjiip te bedadig van reënstrekking tot ribsterglip

29 *(vraag oor metodologie)*

30 ek moet julle bly pla my verbonde verbande

31 soos ek probeer ontsnap uit die enkele mond van w(a)onde

32 *(’n verontrustende postulaat)*

33 want dit is natuurlik die hoop: die vrymaakende kantelduik  
34 die salige sillabe opstygend vanuit die enkelha(o)ltes die banier  
35 van iets méér as invoelende verbeelding méér as erbarming as  
36 met. goedgeefs soos eiers ’n deursinggewende klier bytsoda-

37 oop die ooreep die skepstort die snikstase

38 van die vrymaak-verslinding na veelvoud [ ] [ ]

39 die mirakelmakendheid daarvan dat dit die hoop is

40 die onder oë sien die verb(l)ind word

41 *(teorie anderkant die sogenaamde aard van denke)*

42 tot in-sig wees: ek *is* [ ] die bedelaar ek *praat* leeu [ ] ek

43 sneeu ek [ ] hoor die boom teen die saag skreeu – onverleë

44 die einde van liedletsels en die begin van getweë

45 asem klein jasmynjort nywerig en windversnik

46 soveel meer as mensestemme val ons voddies binne

47 ons móét God ry tot hy mak is en ons weggee

48 as ademloos lig-wigtiges aan die tampende skyn  
49 van wimpelvlerknaguile skil wat ver-een  
50 verru jou hare in die skokmat-sig van groen  
51 om die geskiedenis van soomloses te vernu

52 *(uiteindelike kwalitatiewe diskoers)*

53 so word die weerloosheid van alles onverduurbaar en dis  
54 goed – jy voel die dun danheid van eweningspunt en newel-aar

55 aflosbaar is ons gewor(d)p: die koedoe tgrt ons voor  
56 'n aarbewing hort die klip radar mis die boom  
57 whsspp die bloedgreep wat tussen sy wortels begrawe  
58 lê die ster maak gereed om met ons harte te stip

59 *(voorspraakmakende interpretasie)*

60 ons hoor dit nie ons probeer van mekaar wegstammel  
61 deur handgooiende hatery deur botmakende self-  
62 omhalsings en die waan dat elkeen se onvervu(a)lde  
63 verhemelte *net* vir die self glief

64 ons bly in die graan-roggelende kore van duiwe in-tuur

65 stiks ontkannend dat ons slymlywende lewe heelalwyend  
66 van hartkleur *wil* wees – (ons behoort uitgeroei te word lief  
67 as sintuiglose haatdorwende gierskytende bokse  
68 goedskikse fokkals)